

ELLEN G. WHITE ESTATE

GETUIENISSE AAN SUIDER-AFRIKA



ELLEN G. WHITE

Getuienisse aan Suider-Afrika

Ellen G. White

2012

**Copyright © 2021
Ellen G. White Estate, Inc.**

Information about this Book

Overview

This eBook is provided by the [Ellen G. White Estate](#). It is included in the larger free [Online Books](#) collection on the Ellen G. White Estate Web site.

About the Author

Ellen G. White (1827-1915) is considered the most widely translated American author, her works having been published in more than 160 languages. She wrote more than 100,000 pages on a wide variety of spiritual and practical topics. Guided by the Holy Spirit, she exalted Jesus and pointed to the Scriptures as the basis of one's faith.

Further Links

[A Brief Biography of Ellen G. White](#)
[About the Ellen G. White Estate](#)

End User License Agreement

The viewing, printing or downloading of this book grants you only a limited, nonexclusive and nontransferable license for use solely by you for your own personal use. This license does not permit republication, distribution, assignment, sublicense, sale, preparation of derivative works, or other use. Any unauthorized use of this book terminates the license granted hereby. (See [EGW Writings End User License Agreement](#).)

Further Information

For more information about the author, publishers, or how you can support this service, please contact the Ellen G. White Estate at

mail@whiteestate.org. We are thankful for your interest and feedback and wish you God's blessing as you read.

Die Ellen G. White - Afrika Versameling

Toe die “Macedoniese Oproep” in 1886 van etlike Sabbat-onderhoudende Adventiste in Suid-Afrika by die Wêreldkonferensie in Battle Creek ontvang is dat ‘n leraar na hulle gestuur moet word, het ‘n geselskap die volgende jaar na Kaapstad vertrek, bestaande uit D.A. Robinson en C.L. Boyd en hul eggenotes; twee kolporteurs, George Burleigh en R. S. Anthony; en ‘n Bybelinstruktrise. mej. Carrie Mace.

In Noorweë, onderweg na Suid-Afrika, het die pad van broeders D. A. Robinson en C. L. Boyd gekruis met dié van Ellen White, wat uit Amerika weg is om ‘n tydjie in Europa deur te bring (1885-1887); en nadat sy innig belanggestel het in hul sending, het sy briewe van raadgewing geskryf wat sy aan hulle oorhandig het op hul reis na Afrika.

Mev. White se belangstelling in die aanworing van arbeid in Afrika het nie daar opgehou nie. In 1889, toe S. N. Haskell na Afrika is om vyf maande lank besoek af te lê, dienste te hou en raad te gee in verband met die werk, het hy briewe van Ellen White ontvang waarin sy sekere aspekte van die werk van die sending en van diegene wat dit onderneem het, bespreek het.

A. T. Robinson is in 1891 na Afrika gestuur, waar hy sake in hande geneem het en veel gedoen het om die organisasie op die been te bring. Ook aan hom is briewe uit die pen van Ellen White gerig om hom raad te gee.

Onder diegene wat ‘n prominente posisie inneem in Ellen White se korrespondensie in verband met die werk in Afrika, was ‘n Suid-Afrikaanse gesin, die Wesselse, wat oor aansienlike middele beskik het. Pieter Wessels was een van die oorspronklike twee gelowiges wat in 1886 aan die Wêreldkonferensie om hulp aangeklop het, en hierdie hele gesin het in die daaropvolgende jare die innigste belangstelling by Ellen White opgewek, wat begaan was oor hul geestelike welsyn, hul persoonlike vraagstukke en die regte aanwending van hul middele vir die saak.

[iv] Hoewel Ellen White Suid-Afrika nooit persoonlik besoek het nie, het sy gereeld met die leiers en lede daar gekorrespondeer toe sy vanaf 1891 tot 1900 in Australië was. Die leggers bevat baie briewe uit die pen van Ellen White aan lede van die Wesselsfamilie vanaf 1890 tot 1908, net sewe jaar voor haar dood.

Kortom, die E. G. White-materiaal in die leggers van briewe en dokumente rakende Afrika bestaan uit raadgewinge aan sendelinge en leiers in Afrika, aan gelowiges, en veral aan lede van die Wesselsfamilie. Dit sluit in raad aan individue, waarvan sommige baie persoonlik is en in verband met besondere situasies staan. Daar is waarnemings wat wys op foute in metode, baie vermaninge, uiteensettinge van beginsels wat vir die werk geld, en talle bladsye diep geestelike voorligting.

Die E. G. White-kantoor het geprobeer om die materiaal wat ter sake is en wat as gids en besieling vir die werk in Afrika sal dien, in hierdie versameling saam te vat, en om sommige van die spesiale items uit die korrespondensie in te sluit wat Ellen White se diepe belangstelling en betrokkenheid in die Afrikasending en haar sielelas vir die spoedige en ewewigtige ontwikkeling van die Adventboodskap in daardie vasteland sal demonstreer.

The Ellen G. White Publications,

Washington, D. C.

Augustus 1974

Erkenning

Tensy anders aangedui, is Bybelaanhalings in hierdie boek uit “Die Bybel in Afrikaans” 1933/1954, en dit word gebruik met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Inhoudsopgawe

Information about this Book	i
Die Ellen G. White - Afrika Versameling	iii
Raad Aan Sendelinge Op Pad Na Afrika (18 Junie 1887)	7
Brief Aan 'N Leraar En Sy Eggenote Op Pad Na Afrika (25 Junie 1887)	14
Raad Aan Sendelinge In Afrika (9 Maart 1890)	22
Wandel In Alle Nederigheid	29
Vyf Briewe Aan Lede Van Die Wesselsfamilie In Suid-Afrika .	37
Brief A (Julie 1892)	37
Brief B (1 Augustus 1892)	40
Brief C (7 Nov. 1892)	42
Brief D (17 Maart 1893)	46
Brief E (8 Maart 1897)	48
Uittreksels uit Ander Briewe aan die Wesselsfamilie	55
Die Suurdeeg van die Waarheid (17 Februarie 1897)	55
Teenkanters van die Waarheid (18 Mei 1897)	55
Ellen White se Voorbeeld in Gee (17 Februarie 1897)	56
Die Euwel van Skinder (3 Februarie 1899)	56
Mediese Sendingwerk (11 November 1899)	56
Eenheid in die Kerk (15 Februarie 1900)	58
Selfverloëning vir die Werk (15 Februarie 1900)	58
Die Mens se Verhouding tot Sy Medemens (20 Junie 1903)	59
Beroep om Christus na te Volg (9 Oktober 1903)	60
Aan 'n Jonger Christen (Oktober 1903)	61
Wonderwerke in die Laaste Botsing (1 Maart 1904)	62
Vier Briewe aan 'n Vooraanstaande Sendingwerker in Afrika .	64
Brief A (Julie 1892)	64
Brief B (2 September 1896)	67
Brief C (30 September 1896)	69
Brief D (8 Maart 1897)	72
Brief aan 'n Sendelingvrou in Afrika	76
Briewe van Raadgewing aan 'n Sendeling in Afrika	78
Brief A (9 November 1899)	78
'n Tweede Brief van Raadgewing aan 'n Sendeling in Afrika .	86

Brief B (15 Februarie 1900)	86
Woorde aan die Werkers in Afrika	93
Uittreksels uit brief aan ‘n verteenwoordiger van die Wêreldkonferensie op besoek aan Afrika	97
Studente wat na Amerika gaan	98
‘n Gebed van Verootmoediging	99

Raad Aan Sendelinge Op Pad Na Afrika (18 Junie 1887) [v]

Moss, Noorweë
18 Junie 1887

Geagte Broeders op Pad na 'n Verre Arbeidsveld:

Ek wou graag met julle gesels het, maar het nie die moed gehad nie, omdat ek my nie sterk genoeg gevoel het om reg aan enige onderwerp in persoonlike gesprekke te laat geskied nie. Wanneer ek voor die skare staan, word ek altyd deur die Here onderskraag.

Dit is baie belangrik dat julle heel by die aanvang van die werk reg te werk gaan. Dit is aan my getoon dat die werk in aan bande gelê is sonder dat dit die tasbare vooruitgang gemaak het wat dit kon gemaak het as die werk reg aangepak was.

Veel meer kon verrig gewees het met verskillende bestuursmetodes, en minder middele sou uit die skatkis gehaal moes geword het. 'n Groot en heilige taak rus op ons in die verhewe waarhede wat aan ons toevertrou is. Ons is verheug dat daar manne is wat bereid is om ons sendingvelde ter wille van die liefde van Christus en hul medemens binne te gaan en teen geringe vergoeding te arbeid om die waarheid bekend te maak aan diegene wat in die duisternis van die dwaling in verafgeleë lande verkeer. Geld weeg nie by hulle in die skaal teen die aansprake van plig en gewete nie.

Die manne wat hulle aan die groot taak wy om die waarheid te onderrig, is nie die manne wat deur rykdom gekoop of deur armoed afgeskrik kan word nie. Maar die Here verlang dat Sy afgevaardigde dienaars hulle gedurig moet verbeter. Ten einde die taak doelmatig te kon uitvoer, het die Here Sy dissipels twee-twee uitgestuur. God het 'n kerk, en hierdie kerk word op die fondament van die apostels en profete georganiseer, met Jesus Christus self as die hoeksteen.

Geen enkeling se idees of planne moet oorheers in die voortsetting van die werk nie. Die een moet nie afsydig van die ander staan en sy planne en idees die maatstaf vir al die werkers maak nie. Die individuele lede wat saam uitgestuur is, moet saam oorleg pleeg. Die [2]

een moet nie afsydig van die ander staan en op sy eie weë en planne aandring nie, want hy kon moontlik in 'n sekere rigting opgevoed gewees het en sekere karaktertrekke besit wat skadelik vir die werk sal wees as hy toegelaat sou word om die beheer oor te neem.

Die werkers moet nie afsonderlik van mekaar optree nie, maar moet saamwerk in alles wat verband met die saak van God hou. Een van die belangrikste sake wat oorweeg moet word, is selfverbetering. Te min aandag word aan hierdie saak gewy. Al die vermoëns moet ontwikkel word om verhewe en eerbare werk vir God te verrig. Wysheid kan in veel groter mate verwerf word as wat baie wat al jare in die saak van God gearbei het, hulle voorstel - 'n wysheid wat geen mens nog bereik het nie. Daar is manne met enge idees, enge planne, en wat in 'n enge groef arbei.

Dit sal die gevaar wees by die betreding van 'n nuwe arbeidsveld - om te beplan en al die kragte in te span om so goedkoop moontlik oor die weg te kom. Nou, hoewel die toestand van die skatkis voortdurende spaarsaamheid noodsaak, is daar gevaar vir 'n soort besparing wat eerder op 'n verlies as op 'n wins uitloop. Ons opgang in nuwe arbeidsvelde was oor die algemeen langsaam as gevolg van die sewendedag-Sabbat. Daar staan 'n skerp kruis dwars in die weg van elke siel wat die waarheid aanneem.

Daar is ander waarhede, soos dié dat die siel nie onsterflik is nie en die spoedige persoonlike koms van Christus in die wolke na die aarde. Maar dit is nie so aanstootlik soos die Sabbat nie. Party sal die waarheid met 'n oop gewete aanneem ter wille van die waarheid, omdat dit Bybelwaarheid is, en hulle het die weg van gehoorsaamheid aan al die gebooie van God lief. Hierdie aanstootlike kenmerke van ons geloof sal 'n struikelblok vir baie siele wees wat nie graag 'n uitverkore volk wil wees wat hom duidelik van die wêreld losmaak nie. Daarom is groot wysheid nodig in die aanbieding van die waarheid aan die mense. Daar is sekere duidelike mikpunte wat nagestreef moet word met juis die eerste voorstelling van 'n sendingpoging. As ander planne en metodes gevolg was, selfs al sou dit meer kapitaalbelegging vereis het, sou dit veel beter resultate gelewer het.

Op party plekke moet daar stadig begin word. Dit is al wat hulle kan doen. Maar op baie plekke kan uit die staanspoor deegliker en meer vasberade te werk gegaan word. Maar daar moet nêrens

lukraak, halsoorkop, en goedkoop te werk gegaan word nie. Die werk in die eeue-oue Engeland kon nou veel verder gevorder het as ons broeders nie so goedkoop te werk probeer gaan het nie. As hulle goeie sale gehuur het en die werk voortgesit het asof hulle oor groot waarhede beskik wat sal seëvier en asof God verwag dat hulle uit die staanspoor die heel beste indruk sal probeer maak sover dit van hulle afhang, sou die werk baie verder gevorder het as wat die geval nou is. [3]

Handhaaf die verhewe aard van die sendingtaak. Laat sowel mans as vroue wat by sendingwerk betrokke is, hulleself afvra:

Wat is ek? en wat behoort ek te wees en te doen? Laat elke werker besef dat hy nie aan ander kan gee wat hyself nie het nie. Daarom moet hy nie in 'n groef van eie gewoontes verval en versuim om hom te probeer verbeter nie. Paulus sê: "Nie dat ek dit al verkry het nie... maar ek jaag... na die doel om die prys te verkry." Filippense 3:12, 14. Gedurige vordering, 'n verbetering en hervorming, moet deur individue gemaak word om 'n simmetriese, ewewigtige karakter te vervolmaak.

Onthou asseblief die woorde van aanmaning wat ek julle nou gee. Julle het 'n volmaakter en meer simmetriese karakter nodig as wat julle nou het. Daar is geen mens wat nie maniere en gewoontes het wat nie hoef te verbeter nie, en as hierdie verbetering nie individueel met julle almal geskied nie, as julle nie gedurig in alle opsigte groter voortrefflikheid nastreef nie, sal julle mekaar se werk baie strem. Gedurige vordering moet gemaak word met immer-wisselende veranderinge. Nuwe pligte sal ontstaan, nuwe arbeidsvelde oopgaan voor julle, en deeglik georganiseerde pogings sal sukses oplewer.

Daar is min wat enige van julle alleen kan uitrig. Twee of meer is beter as een, as die nederigheid daar is sodat julle mekaar beter as julleself sal ag. As julle dink julle planne en arbeidsmetodes is foutloos, misgis julle jul deerlik. Bespreek dinge saam met veel gebed en nederigheid, gewillig om toe te gee en om raad te aanvaar. Dit sal julle by die punt bring waar God julle Raadgewer sal wees. Die werk waarmee julle nou besig is, kan nie verrig word behalwe deur magte wat die resultaat van weldeurdagte planne is nie. As julle die taak met 'n enge, goedkoop plan aanpak, soos hulle in [die Britse] sending gedoen het, sal dit nie meer gepas in Afrika wees

as in enige Britse gebied nie, en sal dit geen wysheid in enige groot stad wees nie.

[4] Daar moet gewaag en risiko's geloop word deur hulle wat hulle op die slagveld bevind. Hulle moet nie by elke stap voel dat hulle bevele van die hoofkwartier af moet ontvang nie. Hulle moet hul beste in omstandighede doen en mekaar raadpleeg en ernstig tot God om Sy wysheid bid. Daar moet eendragtig opgetree word. Daar is veel wat beplanning sal vereis. Vandaar die noodsaaklikheid vir volkome eensgesindheid onder julle. As volk moet ons onder ons eie banier marsjeer.

Waar ons ook al in hervormingswerk met ander kan saamwerk in die lande waarheen ons gaan, sal dit raadsaam wees om dit te doen, maar daar is sekere dinge wat julle binne julleself moet doen en arbei in die wapenrusting wat God julle gegee het - nie die wapenrusting van enige besondere individu nie, maar om saam te werk in Christelike liefde en vriendelikheid. Laat nie een van julle die belangrikheid van jul sending gering skat en die werk verlaag deur goedkoop, minderwaardige beplanning om die waarheid aan die mense voor te hou nie.

Tre intelligent, verstandig en eendragtig op. Laat daar nie gepoog word om mense-eer te verhef nie, maar verhoog die Here en laat Hom julle vrees wees, julle ontsag en julle genoegsaamheid. Bou die gemoed op om opgewasse tot die taak te wees. Julle enge planne, julle beperkte idees, moet nie deel van julle arbeidsmetodes wees nie. In hierdie opsig moet daar hervorming wees, en meer middele sal inkom om dit vir die werk moontlik te maak om die verhewe posisie te bereik wat dit steeds behoort te beklee. Daar is bemiddelde mense wat 'n besef van die aard van die werk sal kry, hoewel hulle nie die moed het om die kruis op te neem en om die smaad te verduur wat met 'n ongewilde waarheid gepaard gaan nie. Bereik indien moontlik eers die hoë klasse, maar die laer klasse moet nie verwaarloos word nie.

Maar dit het gebeur dat die planne en pogings in vele arbeidsvelde so aangevoer is dat net die laer klasse bereik kon word. Maar metodes kan gevind word om die hoër klasse te bereik, wat die lig van die waarheid ook nodig het, net soos die laer klasse. Laasgenoemde sien die waarheid in, maar verkeer as 't ware in die slawerny van armoede en vrees dat hongersnood op hulle sal wag as hulle die

waarheid aanneem. Probeer om die beste klasse te bereik, en julle sal nie versuim om die laer klasse te bereik nie. Die lamp word glad te veel onder die maatemmer of onder die bed weggesteek, en nie op die lampstander gesit sodat dit almal in die huis kan verlig nie. Mag die Here die arbeiders ware wysheid gee en 'n ruime mate van Sy Heilige Gees, sodat hulle na God se orde kan werk en so hoog moontlik by God en die volk kan aangeskrewe staan. die Here het [5] spesiale opdragte gegee vir die reëlins van die laer van die Israeliete - hoe dinge gedoen moet word. Alles moes in volkome orde geskied. Elke man het sy aangewese taak gehad. Geen enkele mens moes alles doen nie, maar elkeen het sy spesifieke taak gehad en moes dit getrou en noulettend uitvoer sodat die orde en harmonie en die verhewe aard van die werk die volke om hulle diep kon beïndruk, sodat hierdie volke kon sien dat Israel'n Heerser het wat die Here self is. So sou die werk en karakter van God nie voor die oë van volke wat ander gode gedien het as minderwaardig aangesien kon word nie.

Die een doel wat julle voor oë moet hou, is dat julle hervormers is en nie dwepers nie. Waar julle met ongelowiges te doen het, moenie'n laakbare, kleinlike gees aan die dag lê nie, want as julle oor 'n nietigheid gaan kibbel, gaan julle op die ou end 'n veel groter bedrag skade ly. Hulle sal sê: "Daardie man is 'n swendelaar; hy sal jou uit jou regte bedrieg as hy moontlik kan; wees dus op jou hoede vir hom." As 'n transaksie effens in jou guns is en jy dit tot die ander se guns aanbied, sal daardie ander mens jou met dieselfde groothartigheid bejeën. Kleinlikheid verwek kleinlikheid, inhaligheid verwek inhaligheid. Mense wat hierdie houding inslaan, besef nie hoe laakbaar dit vir ander is nie, veral mense wat nie van ons geloof is nie; en die kosbare saak van die waarheid kry die stempel van hierdie gebrek.

Ons moet nie soos die wêreld te werk gaan nie. Ons moet aan die wêreld 'n edeler voorbeeld stel en toon dat ons geloof van 'n hoë en verhewe aard is. Doen aan ander soos julle graag wil hê dat hulle aan julle moet doen. Laat elke daad die adel van die waarheid openbaar. Wees getrou aan julle geloof, en julle sal getrou aan God wees. Kom na aan die Woord sodat julle kan leer wat dit werklik vereis. Wanneer God spreek, is dit julle plig om te luister en te gehoorsaam. Onthou dat alles in die wêreld volgens voorkoms beoordeel word;

ondersoek daarom die Woord van God noukeurig, en sorg dat die voorskrifte wat aan Israel van ouds gegee is, julle reelings en planne bepaal. Omdat julle nie aan die wêreld gelykvormig moet wees nie, onthou dat ons geloof die stempel van sonderlingheid dra en van ons'n sonderlinge volk maak. Daarom moet alle eksentrieke idees en individuele eienaardighede en enge planne wat'n valse indruk van die grootsheid van die werk sal gee, vermy word. Geen werker moet kruise en pligte vervaardig nie; want die Bybel het die reël, die kruis en die weg aangegee.

[6] Laat nie een van julle voel dat julle bo versoekings verheue is nie, dat julle goeie beginsels het en niks vir julleself of die werk wat julle moet doen, hoef te vrees nie. Bewaak julleself ywerig. Julle sal julle harte gedurig voor God moet verootmoedig, sodat julle werk nie deur menslike verdorwenheid verydel sal word nie. Moenie eienaardige gewoontes aankweek nie, maar beywer julle elke dag van julle lewe vir die stempel van Christus. Bestudeer die Model.

Elkeen van julle wat in hierdie sendingtaak verenig is, sowel ons broeders as susters wat daaraan deel het, is manne en vroue met 'n sterk wil. So behoort dit te wees, as elkeen tot dieselfde mate selfbeheersing beoefen. Maar hierdie les is nog nie so deeglik geleer soos dit behoort te wees nie. As julle gewillig is om sagmoedigheid en nederigheid van hart te leer in die skool van Christus, sal Hy julle gewis rus en vrede gee. Dit is 'n baie harde stryd om jou eie wil en jou eie sin te laat vaar. Maar as julle hierdie les leer, sal julle rus en vrede vind. Trots, selfsug en ambisie moet oorwin word; jou wil moet verswelg word in die wil van Christus. Die hele lewe kan een voortdurende liefdesoffer word, elke daad 'n openbaring en elke woord 'n uitdrukking van liefde. Soos die lewe van die wingerdstok sirkuleer deur stam en tros, tot in die diepste vesels deurdring en die hoogste blaas bereik, so sal die genade en liefde van Christus in die siel brand en floreer en sy deugde na elke deel van die wese stuur en elke aksie van liggaam en gees deurtrek.

Ek wil weer by julle die noodsaaklikheid op die hart druk om uit die staanspoor julle werk op'n waardige, Godbehaaglike wyse aan te pak, sodat julle aan die invloed van die waarheid karakter kan gee wat julle weet van hemelse oorsprong is. Maar onthou dat groot sorg aan die dag gelê moet word in verband met die aanbieding van die waarheid. Lê groot self-beheersing aan die dag. Bepeins praktiese

godsvrug, en weef dit in die leerstellige besprekings in. Die liefde en leer van Christus sal die hartakker sag en ontvanklik maak vir die goeie saad van die waarheid. Julle sal die vertrouwe van die mense win deur te trag om met hulle bekend te raak. Maar handhaaf die verhewe aard van die werk. Laat die publikasies, die tydskrifte, die pamflette onder die mense werk en die siel van die lesende klas voorberei vir die verkondiging van die waarheid. Laat daar nie suinig in hierdie opsig te werk gegaan word nie, en die werk sal, as dit verstandig aangepak en uitgevoer word, suksesvolle resultate lewer. Maar wees bo alles nederig en bereid om te leer as julle ander wil onderrig en ander op die weg van die waarheid en geregtigheid wil lei. - *Brief 14, 1887.*

[7] **Brief Aan ‘N Leraar En Sy Eggenote Op Pad Na Afrika (25 Junie 1887)**

Stockholm, Swede

25 Junie 1887

Geagte Broeder:

Daar is sekere dinge wat ek graag veral by jouself en jou vrou op die hart wil druk. Julle albei behoort op jul hoede te wees; julle het albei’n sterk wil en het nie gebrek aan selfvertroue nie...

In jul omgang met ander is daar gevaar dat julle albei baasspe-lerig en veeleisend sal wees. Dit sal ook julle gevaar wees in jul getroude lewe, tensy julle jul harte daaglik voor God verootmoedig en individueel bewus is van jul groot behoefte om in die skool van Chrisus die lesse van sagmoedigheid en nederigheid van hart te leer.

Julle weë is vir julle reg in eie oë wanneer hulle dalk ver van reg kan wees. God sal verkies dat julle minder selfvertrouend, selfge-noegsaam sal wees...

Julle idees en planne moet noukeurig en krities ondersoek word, want julle loop gevaar om die werk te beperk, julle eie stempel daarop af te druk en om jul enge idees en goedkoop planne te ge-bruik wat gewoonlik op die ou end die duurste blyk te wees. Julle verkleineer die werk daardeur. Hoewel dit goed is om spaarsaam te wees, moet die werk van God immer in sy verhewe, edele waardig-heid afgeteken staan.

Julle is gereed om in ‘n nuwe sending in te val, pas op dat julle tekortkominge nie as deugde verhef word en die werk van God daardeur vertraag word nie. Dit is toetsende waarhede wat ons aan die mense voorhou en in elke beweging moet hierdie waarhede verhef word om in sedelike skoonheid uit te troon voor diegene vir wie ons arbei. Moenie die waarheid met die eienaardighede van jul eie karakter of met jul eie arbeidsmetode beslaan nie. ...

[8] Moenie die werk van God goedkoop maak nie. Hou dit voor asof van God. Laat dit geen menslike stempel dra nie, maar die Goddelike

stempel. Die eie ek moet vergeet word in Jesus. Dit is nie veilig om toe te laat dat julle eie idees en oordele, julle gewoontes, julle besondere karaktertrekke, die beheersende mag moet wees nie. Julle het groot behoefte aan breedte in jul berekeninge sodat die werk in al jul planne hoog gestel kan word ooreenkomstig sy belangrikheid.

Veel skade is gely deur die misplaaste idees van sommige van ons goeie broeders te volg. Hul planne was eng, en hulle het die werk verlaag na die peil van hulle besondere weë en idees sodat die hoër klasse nie bereik is nie. Die werk het vir ongelowiges voorgekom as iets van weinig waarde - een of ander verdwaalde vertakking van godsdienstige teorie wat nie die moeite werd is om van kennis te neem nie. Baie skade is ook gely weens gebrek aan wyse arbeidsmetodes. Alles moontlik moet gedoen word om waardigheid en karakter aan die werk te verleen. Daar moet veral gepoog word om die welwillendheid van mense in verantwoordelike posisies te verkry, nie deur selfs een beginsel van die waarheid of geregtigheid in te boet nie, maar eenvoudig om af te sien van ons eie maniere om mense te nader.

Veel meer sal tot stand gebring word as meer takt en diskresie aan die dag gelê word met die aanbieding van die waarheid. Weens 'n versuim in hierdie verband het baie 'n wanbegrip van ons geloof en ons leer wat nie die geval sou gewees het as die heel eerste indruk wat op hulle gemaak is, gunstig was nie.

Dit is ons plig om so na aan die mense as moontlik te kom.

Sulke arbeid sal nie tot gevolg hê dat die armer en laer klasse uitgesluit word nie, maar hoog en laag sal 'n geleentheid kry om die voordeel van die Bybelwaarheid te geniet; albei sal die geleentheid hê om met julle bekend te raak om te besef dat die Bybelgodsdienste die ontvanger nooit verlaag nie. Hulle sal besef watter pligte en verantwoordelikhede op hulle rus om verteenwoordigers van Jesus Christus op aarde te wees.

Die waarheid wat in die hart ontvang word, is gedurig besig om die ontvanger te verhef, te verfyn en te veredel. Dit is nie 'n wysheid van die wêreld nie, maar 'n Godgegewe wysheid, waarvan die gelowiges in die waarheid die weë moet bestudeer, sodat die waarheid dié klasse kan bereik wat 'n invloed ten goede sal uitoefen en wat die saak met hul middele sal steun. Die plig wat ons aan ons medemens verskuldig is, bring ons onder morele verpligting om ons

talente by die geldskieters te belê sodat ons hulle kan verdubbel deur siele vir Jesus Christus te wen - siele wat 'n invloed het, aan wie God dit goed geag het om 'n groot vermoë ten goede toe te vertrou.

Die werkers in hierdie saak moet nie voel dat hul enigste benadering moet wees om mense tromp-op met al die onderwerpe van die waarheid en leer van die Sewendedag-Adventiste te konfronteer nie, want dit sal hulle die ore uit die staanspoor laat toedruk. Julle sal geneig wees om dit te doen, want dit sal julle neiginge streel, en strook met julle karakter. God wil hê dat julle soos skape onder die wolwe sal wees, wys soos die slange en opreg soos die duiwe. Julle kan dit nie doen en nog julle eie idees en planne volg nie. Julle moet julle arbeidsmetode wysig. Julle hoef nie te voel dat die hele waarheid op enige of elke geleentheid aan ongelowiges meegedeel moet word nie. Julle moet baie omsigtig te werk gaan oor wat julle moet sê en wat julle moet verswyg. Dit is nie bedrog nie; dit is om te werk soos Paulus sê: "Omdat ek slim was, het ek julle met lis gevang." Julle benadering in die werk sal nie daardie uitwerking hê nie.

Julle moet julle metodes afwissel en nie dink daar is maar net een metode wat te alle tye op alle plekke gevolg moet word nie. Dit kan moontlik vir julle voorkom dat julle metodes vrug afgewerp het, maar as julle meer takt aan die dag gelê het, meer van die hemelse wysheid, sou julle werk veel meer goeie vrugte gelewer het. Paulus het nie die gewoonte gehad om die Jode so te nader dat hy hul ergste vooroordeel opwek en gevaar loop om vyande van hulle te maak deur hulle uit die staanspoor te vertel dat hulle in Jesus van Nasaret moet glo nie. Pleks daarvan het hy die profesieë van die Ou Testament uiteengesit wat van Christus, van Sy sending en van Sy werk getuig het. So het hy hulle stap vir stap gelei en hulle getoon hoe noodsaaklik dit is om die wet van God te eerbiedig. Hy het die nodige eer aan die seremoniewette betoon en daarop gewys dat dit Christus is wat die hele Joodse offerstelsel ingestel het. Nadat hy hierdie dinge duidelik uiteengesit het, het hy hulle na die koms van Christus gevoer en hulle getoon dat elke spesifikasie in die gekruisigde Jesus vervul is.

Dit is die wysheid wat Paulus aan die dag gelê het. Hy het die heidene genader deur nie die wet omhoog te hou nie, maar Christus, en daarna het hy getoon hoe bindend die wet is. Hy het duidelik vir

hulle uiteengesit hoe die lig wat van die kruis van Golgota weerkaats, heerlijkheid en betekenis aan die hele Joodse godsdienststelsel gegee het. Hy het sy benadering afgewissel en die boodskap altyd na die omstandighede geklee. Hy het in 'n groot mate sukses behaal ná geduldige arbeid, en tog wou baie hulle nie laat oortuig nie. Daar is sommige wat hulle nie sal laat oortuig deur enige metode wat gevolg mag word om die waarheid aan te bied nie, maar die arbeider van die Here moet die beste metode sorgvuldig bestudeer, sodat hy nie vooroordeel verwek of vyandigheid uitlok nie.

[10]

Dit is in hierdie opsig dat julle in die verlede versuim het om siele te bereik. Wanneer julle jul natuurlike neiging gevolg het, het julle die deur toegemaak waardeur julle, met 'n ander benadering, toegang tot harte sou gekry het, en deur hulle tot ander harte. Die invloed van ons werk deur een siel te wen, is verreikend; die talent wat by die geldskietters belê word, verdubbel aanhoudend.

Dit sal vir jou goed wees, my broeder, om hierdie dinge sorgvuldig te oorweeg; en wanneer jy in 'n nuwe veld arbeid, moenie voel dat jy as eerlike man uit die staanspoor alles wat jy glo moet vertel nie, want Christus het nie so te werk gegaan nie. Christus het vir Sy dissipels gesê: "Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie." En daar is baie dinge wat Hy nie vir hulle gesê het nie, omdat hul opvoeding en idees van so'n aard was dat dit hulle sou verwar het en twyfel en ongeloof sou verwek het wat moeilik verwyder sou kon word.

God se arbeiders moet veelsydige mense wees; dit wil sê, hulle moet breedheid van karakter he, moet nie mense met net een idee wees of sterietiep in hul optrede nie, wat in 'n groef beland en onkapabel is om te besef dat hul woorde en bepleiting van die waarheid moet wissel na gelang van die klas mense onder wie hulle arbeid en die omstandighede waarmee hulle te doen het nie.

Almal moet gedurig trag om die gees egalig te ontwikkel en om onewewigtige karaktertrekke te bowe te kom. Dit moet jou gedurige studie wees as jy 'n nuttige, suksesvolle arbeider wil wees. God wil hê dat jy, oud soos jy is, gedurig moet verbeter en moet leer hoe jy die mense doeltreffender kan bereik.

'n Groot en plegtige taak wag op ons - om mense te bereik waar hulle is. Moet dit nie jou heilige plig beskou om uit die staanspoor te sê: "Ons is Sewendedag-Adventiste; ons glo die sewende dag is

[11] die Sabbat; ons glo dat die siel nie onsterflik is nie,” en sodoende die gedugste versperrings oprig tussen jou en diegene wat jy graag wil bereik nie. Maar praat met hulle, soos die geleentheid hom voordoet, oor punte in leerstelling waaroor julle dit eens kan wees, en beklemtoon praktiese godvrugtigheid. Laat hulle sien dat jy ‘n Christen is wat vrede verlang, en dat jy hul siele liefhet. Laat hulle sien dat jy konsensieus is. So sal jy hulle vertrouwen en dan sal daar tyd genoeg wees vir die leerstellings. Laat die harde, ysere hart versag word, die akker berei word, en lei hulle dan versigtig voort en bied die waarheid soos dit in Jesus Christus is, in liefde aan.

Dit vereis groot wysheid om predikante en edelmannen te bereik. Waarom moet hierdie manne verwaarloos of verbygegaan word, soos ons mense gewis gedoen het? Hierdie klasse dra ‘n verantwoordelike teenoor God in verhouding tot die talente-kapitaal wat aan hulle toevertrou is. Moet groter studie nie gewy word met veel meer ootmoedige gebede om wysheid ten einde hierdie klasse te bereik nie? Waar veel gegee is, sal veel vereis word. Moet daar dan nie wysheid en takt gebruik word om hierdie siele vir Christus te wen nie wat, as hulle tot bekering kom, gepoleerde instrumente in die hande van die Here sal wees om ander te bereik nie? Ons het die Here se hulp nodig om te weet hoe ons Sy werk met vernuf kan onderneem. Die eie ek moet nie na vore tree nie.

God het ‘n taak te verrig wat die werkers nog nie mooi verstaan nie. Hul boodskap moet na predikante en wêreldwyse manne gaan, want hulle moet getoets word met die lig van die waarheid. Dit moet aan hierdie geleerdes van die wêreld met oorleg en in sy inherente waardigheid gestel word. Daar moet in die grootste erns na God gesoek word, met die deeglikste studie; want die verstand sal tot die uiterste beproef word om planne volgens die orde van die Here te lê wat Sy werk op ‘n hoër en meer verhewe vlak sal bring waar dit altyd moes gewees het. Die kleinlike ideetjies en kortsigtige planne van die mens het die werk aan bande gelé.

Mag die Here hierdie dinge aan jou siel tuisbring. Nadat jy jou bes gedoen het om die waarheid voor te dra aan diegene aan wie God groot verantwoordelikhede toevertrou het, moenie moed verloor as hulle dit verwerp nie. Hulle het dieselfde gedoen in die tyd van Christus. Sorg dat jy die waardigheid van die werk handhaaf met deeglike planne en ‘n godvresende gedrag. Moenie dink jy

het die standaard te hoog verhef nie. Laat gesinne wat aan hierdie sendingwerk deelneem, in noue voeling met harte kom. Laat die Gees van Jesus die siel van die werkers deurtrek. Laat daar geen selfbedrog in hierdie fase van die werk wees nie, want dit is die aangename, simpatieke woorde wat in liefde teenoor mekaar gebesig word, die betoning van belangelose liefde vir hul siele, wat die mure van hoogmoed en vooroordeel sal afbreek en aan ongelowiges sal toon dat ons die liefde van Christus het, en dan sal die waarheid sy weg na hul harte vind. Dit is in elk geval ons taak en die vervulling van die planne van God. Maar die werkers moet ontslae raak van selfsug en kritiek. [12]

My broeder, jy sal op jou hoede moet wees dat die onervarenes wat met jou saamwerk nie op jou lees geskoei word en dink dat hulle presies soos jy te werk moet gaan nie. Alle grofheid en ruheid moet opsygesit word en van ons arbeid geskei word, en groot wysheid moet aan die dag gelê word wanneer diegene genader word wat nie van ons geloof is nie. Koester beleefdheid, verfyndheid, Christelike vriendelikheid. Jy sal daarteen moet waak om kortaf en stomp te wees. Moenie hierdie karaktertrekke as deugde beskou nie, want God beskou hulle nie in daardie lig nie. In alle dinge moet jy trag om nie aanstoot te gee aan diegene wat nie soos ons glo deur die aspekte van ons geloof wat hulle die meeste sal afstoot, te beklemtoon wanneer daar geen rede voor is nie, Daardeur sal jy net kwaad aanrig.

Ons het behoefte aan meer, veel meer van die Gees van Christus; en minder, veel minder, van die eie ek en die karaktereienaardighede wat 'n muur oprig en jou afsonder van jou medearbeiders. Ons kan veel bydra om hierdie skeidsmure af te breek. Ons kan veel doen deur die grasië van Christus in ons eie lewens te openbaar.

Christus het eeu na eeu Sy goedere aan Sy kerk toevertrou. Die een geslag na die ander vir meer as agttienhonderd jaar het die erfpaand ingesamel, en hierdie verantwoordelikhede, wat toegeneem het na gelang van die lig, het deur al hierdie geslagte na ons tye neergedaal. Besef ons ons verantwoordelikhede? Voel ons dat ons rentmeesters is van die genade Gods? Voel ons dat die nederigste, geringste diens geheilig kan word as dit beoefen word met die hoë strewe om nie ons eie wil te doen nie maar die Meester s'n om Sy Naam te verheerlik? Ons wil die hele wapenrusting van geregtigheid dra, nie ons eie kleed nie.

Jy ken nie jouself nie, en jy het nodig dat jy daaglik besiel word met die Gees van Jesus, of anders sal jy in jou handeling met jou broeders en met ongelowiges kleinlik, bekrompe en inhalig word en siele gebelgd van die waarheid afkeer. As jy hierdie eie besondere karaktertrekke kweek, sal die werk daaronder ly. Jy moet hierdie bekrompenheid ontgroeï; jy moet breedte hê; jy moet wegkom van hierdie kleinlike handelinge, want dit kleiner jou in elke opsig. ...

[13] Waar jy nou 'n nuwe veld betree, verhef die werk sommer uit die staans-poor. Plaas dit op 'n hoë peil, en laat al jou pogings van so 'n aard wees dat dit almal wat in die waarheid belangstel, op 'n edele, verhewe vlak sal bring ooreenkomstig die omvang van die werk, sodat hulle behoorlik opgevoed kan word en in staat kan wees om ander te onderrig. Die waarheid het sy oorsprong in die hemel en dit is genadiglik as pand deur die Hemel aan ons toevertrou. Mag die Here julle albei seën met krag uit die hoogte, sodat julle die eie ek kan uitwerk en Jesus in al julle arbeid kan inweef; dan sal die seën van God op julle rus.

Ons voel, broeder en suster, die innigste simpatie vir julle albei en julle kindertjies waar julle 'n nuwe veld betree. Ons voel inniglik vir julle waar julle geskei word van vriende en bekendes, julle broeders en susters wat julle liefhet. Ons weet hierdie boodskap is vir die hele wêreld bedoel, en ons is en moet steeds medewerkers van God wees. Ek weet die Here het julle lief en wil julle in 'n hegte verhouding met Hom bring. Streef net dat julle die stempel van God ontvang, en julle sal in elke opsig gedurig vorder totdat julle arbeid die voile goedkeuring van die Hemel sal geniet. Maar moet vir geen oomblik dink dat julle nie hoef te verbeter nie; want julle het baie ... Jy is nie een wat gedurig leer, verbeter en oorleg pleeg hoe jy jou by omstandighede kan aanpas nie. Jy het jou nie aangepas by omstandighede nie, maar was geneig om 'n onafhanklike koers in te slaan, om jou eie planne te volg, pleks van met ander werkers saam te werk.

God sal met julle wees as julle met Hom sal wees. Wees versigtig dat julle nie die verkeerde indruk in verband met julleself by ander wek nie. Ons het die wolkkolom nodig om ons gedurig te lei. Ons is verseker van die teenwoordigheid van God; julle het dit: "Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." (Matt. 28:20). Mag God julle seën.

Met liefde

(geteken) Ellen G. White.

Brief 12, 1887.

[14] **Raad Aan Sendelinge In Afrika (9 Maart 1890)**

[15]

Battle Creek, Michigan

9 Maart 1890

Geagte broeders wat nou as sendelinge in die Afrika veld arbei:

Julle het nie almal dieselfde karaktertrekke nie, en elkeen sal geneig wees om te dink dat die werk op die lees van sy eie idees en sienswyses geskoei moet word. Sonder dat julle dit besef, sal hierdie gees gekoester word en sal julle probeer om jul eie metodes in te voer. Die werkers moet eers die genade van Christus verkry, sodat hulle in staat sal wees om van die eie ek ontslae te raak; dan sal daar eenheid wees, selfs tussen 'n veelvuldigheid van geaardhede. Voordat enige van julle as sendelinge na Afrika vertrek het, is aan my getoon dat julle moeilikhede in julle arbeid sal teëkom, nie noodwendig omdat die werkers so anders van aard is nie, maar omdat elkeen homself belangriker as sy broeders ag. Die broeders verskil so duidelik in organisasie en in hul siening van die werk dat elkeen, pleks van sy eie sterk karaktertrekke te wysig, in gevaar verkeer om van mekaar weg te beur, en deur so dwars te trek, sal julle 'n invloed onder die nuwe bekeerlinge nalaat wat die werk sal vertraag en God oneer sal aandoen.

Julle is waarlik medewerkers van God; sal julle in alle erns trag om Christus se gebed te verwesenlik dat julle een mag wees soos Hy een is met die Vader? Laat daar geen tweedrag onder julle wees nie. As elkeen op sy eie weg aandring en fout soek met die metodes van ander, het dit die neiging om groot verwarring in die saak te bring. Elkeen word ontmoedig en dit lei tot moedeloosheid by ander wat so 'n tweedrag baie gou raaksien. Dit stel 'n slegte voorbeeld, veral in 'n nuwe sendingveld, waar alles moet verloop soos goed ingestelde masjinerie waarin die werk van die een inpas by die werk van die ander en julle sodoende toon dat julle werktuie van God is. As julle behoorlik besef hoe belangrik die werk van God is, sal julle nie met mekaar wedywer nie.

Wees versigtig hoe julle bou, want dit is vir tyd en ewigheid. Raadpleeg mekaar, bid saam; doen geen stap op jul eie of in wed- ywering teen mekaar nie. Christus is ons lewende hoof en ons is lede van Sy liggaam, en almal is afhanklik van die hoof. Dit is nie die doel van onse Here dat enige lid van Sy liggaam mank sal gaan aan behoorlike oefening nie; want as die een lid ly, ly al die lede saam; as een deur God verlig en vereer word, verheug almal hulle. Elke lid kry sy lewe en werksvermoë van dieselfde bron af, “naamlik Christus, uit wie die hele liggaam - goed saamgevoeg en saamver- bind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate - die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.” “En die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie; of ook die hoof vir die voete: Ek het julle nie nodig nie. Maar veel eerder is die lede van die liggaam noodsaaklik wat die swakste lyk.” “Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle.” Elke werker moet sy Godgegewe vermoë tot die uiterste inspan vir die opbou van die koninkryk van Christus op aarde. Ons besit elkeen sy eie individuele manier en gedrag, en dit is hoe dit behoort te wees; maar dit hoef ons nie te belet om volkome eensgesind saam te werk nie.

Die Here Jesus Christus is die lewende wingerdstok, en almal wat kinders van God is, word op die wingerdstok, ingeënt en put sy sap en voeding uit die een wortel. Die takke smelt nie saam tot een nie, maar is uiteenlopende, afsonderlike takke; tog leef hulle almal van dieselfde wortel. In die woorde van Christus vind ons ‘n belangrike les wat meer regstreeks op die lewe, die motiewe en die ondervinding moet inwerk van diegene wat hulle kinders van God noem. “Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle nie in My bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.” Hoe noodsaaklik is dit nie dat elkeen wat hom ‘n kind van God noem, in harmonie met Christus moet saamwerk, deur Sy Goddelike Gees verlig word, sy arbeidsmetode bestudeer, en werk soos Hy gewerk het, die eie ek opsysit en Christus altyd voorop stel nie. Ons moet ons eie weë in harmonie met die weë van Christus bring, die gees van die Meesterwerker aan die dag lê, sodat Jesus in ons werk en in ons karakter kan verskyn.

[17] Daar moet geen stryd, geen naywer, geen strewe na vernaamheid wees nie. Die werk is heilig en God verhoede dat julle aan diegene vir wie julle arbei 'n voorbeeld van kilheid, selfsug en hebsug sou stel. As julle werk in menslike wysheid verrig word, sal dit daardie stempel dra, dit word in julle hande geskend. Julle werk is van 'n verhewe aard en moet in geen opsig so geskend word dat dit onaanneemlik en onaantreklik word nie. Jul gesprekke moet deur 'n heilige lewe vergesel word. Kosbare lesse in liefde, vertrouwe, respek vir mekaar moet sowel op die kansel as daarbuite geleer word. Julle moet uitleef wat julle verkondig. As medewerkers van God moet julle eers in noue voeling met mekaar kom, want die werktuie van God moet nie teen mekaar wedywer nie. Beywer julle gedurig om een te wees soos Christus een is met die Vader, en laat elkeen die talente wat aan hom toevertrou is, verbeter.

Broeders, laat almal sien dat julle die lesse van Christus uitleef. As enige van die werkers dink dat sy weg volmaak is en dat die broeders nie sy wysheid en ondervinding waardeer nie, is dit 'n positiewe bewys dat hy nie sagmoedigheid en nederigheid van hart in die skool van Christus aanleer nie. Die vernuwende genade van Christus lei altyd tot sagmoedigheid en nederigheid. Die Here is nie van ons afhanklik om Sy werk te doen nie; Hy het ons die groot voorreg gegee om met Hom saam te werk. Julle het moontlik verskillende temperamente, maar kan tog medewerkers van God wees wat almal eendragtig saamwerk, en as julle hele vermoë in die werk gestee word, sal julle die beste resultate verkry. In die doen van die Here se werk kan ons nie ons eie oordeel en besondere idees volg nie. Ons moet werk met die oog enkel op die heerlikheid van Christus gemik. Moenie praat oor wat nie gedaan kan word nie, maar van wat gedaan kan word deur die krag wat God julle gee. "Aan My behoort die silwer en aan My die goud, spreek die Here van die leërskare" en "die vee op die berge by duisende."

Die Here se hulpbronne is onbeperk; ons is maar net werktuie in Sy hande, en groot dinge kan deur Sy naam tot stand gebring word. "As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry. Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrugte dra." Ons is so bekend met ons eie besondere karaktertrekke dat ons te veel van onself dink, ons word tevrede en trag nie om ons te verbeter soos ons moet nie. Heiligmaking deur

die waarheid vereis daaglikse verbetering in gedrag, benadering, gesindheid en gees. As ons lote van die ware wynstok is, sal ons geurige bloesems en begeerlike vrugte dra. In ons swakheid en onkunde kan ons nie op onself vertrou nie; ons moet nie dink dat daar geen verbeterings te maak is nie, want ons moet daaglik in die skool van Christus leer, nie hoe om die hoogste posisie te bereik nie, maar om sagmoedig en nederig van hart te word, rein en onbevlek, waarin ons opstyg bo die goedkope en gemeneplase. Ons het toegang tot die ewige wêreld, en ons moet al die lig wat ons van die hemel af ontvang, open-baar. Ons gedagtes moet nie in 'n vlak, enge kanaal loop nie, maar ons moet leerlinge wees wat gedurig helderder begrippe ontvang, en hoër en heiliger strew. Moenie versuim om saam te bid en mekaar te raadpleeg voordat julle tot besluite geraak en jul planne beraam nie, en dan, in die gees van Christus, voer die taak eendragtig uit. As een van julle besluit dat hy nie met sy broeders kan saamwerk nie en nie lus het om te werk weens meningsverskille nie, is daar geen twyfel aan die weg wat ingeslaan moet word nie. Verootmoedig julle voor God, en neem die toevlug tot gebed, want julle kan nie en moet nie probeer om strydig met mekaar te werk nie.

[18]

God sal Sy Gees wegneem van engeen wat volhard in koppigheid en dwarstrekery, en 'n ander sal die kroon dra wat vir hom bedoel was. God neem net diegene aan wat bereid is om van Christus te leer, diegene wat Sy Woord bestudeer, wat lesse in sagmoedigheid en nederigheid van hart leer, lesse van gehoorsaamheid, bereidwilligheid om sy werk volgens God se metode te doen, nie hul eie menslike metode nie. Die werk wat in die Here verrig word, sal die geloofsbriewe van die hemel dra, en sal onmiskenbare resultate lewer. Persoonlike menings moet onderhewig gemaak word aan die werk van God; julle moet Christus in alle dinge eerste stel. Om die waarheid te onderrig soos dit in Jesus is, is 'n werk wat so ewigdurend soos die ewigheid is. Die werk wat as 'n volmaakte geheel uit die hande van verskillende werkers kom, waarin elkeen sy deeltjie bydra, sal die goedkeuring van die Bewerker van ons verlossing wegdra. Julle het 'n taak te verrig, en dit is nie 'n goeie ding om die moeilikhede en onmoontlikhede gedurig voor oë te hou nie. Sê gedurig: "Deur Christus wat my krag gee, kan ek hierdie werk verrig."

[19] Die Leërowerste van die Here het die mure van Jerigo om-ver-gewerp, en hemelse engele staan immer gereed om die nederiges en sagmoediges te bedien, om struikelblokke uit die weg te ruim en om siele te red. Met ware moed kan julle magtige werk vir die Meester verrig - werk wat, as dit in die hemelse skale geweeg sou word, goed en getrou verklaar sal word. Moenie strooi, hout en stoppels op die fondament kom lê nie, maar bring die kosbaarste boustowwe, goud, silwer en kosbare stene wat nie verteer kan word nie. 'n Onafhanklike oordeel wat geen eerbied vir die oordeel van ander het nie, moet nie in die harte van enige van God se arbeiders gekoester word nie; niemand moet voel dat hy die maatstaf is nie; niemand moet hom aan eiewaan skuldig maak nie, want God het ons in Sy Woord vertel dat ons ander beter as onself moet ag.

Eieliefde, hoogmoed en selfgenoegsaamheid vorm die grondslag van die grootste beproewinge en onenigheid wat nog ooit in die godsdienstige wêreld bestaan het. Oor en oor het die engele aan my gesê: "Staan saam, staan saam, wees eensgesind, een van oordeel" Christus is die leier, en julle is broeders; volg Hom. Wandel in die lig soos Hy in die lig is. Diegene wat in die spore van Christus volg, sal nie in duisternis wandel nie, maar diegene wat dwarstrek in 'n ongeheiligde onafhanklikheid, kan nie God se teenwoordigheid en sien in die werk hê nie. Skoon hande, 'n rein hart, en 'n regte gesindheid is die gawes van God; streef hulle in alle erns na. Christus sê: "Sonder My kan julle niks doen nie."

God het 'n groot taak wat in Afrika verrig moet word en geen planne moet gemaak word sonder die hulp van Sy oneindige wysheid nie. Nadat julle werksplanne bespreek is, gepaard met ernstige gebed, werk, werk vir Christus. Moenie julle van stryk laat bring deur oënskynlike struikelblokke wat dreig om jul pad te versper nie. Daar is 'n regte manier om te werk te gaan, en God sal julle daarin lei. As julle in volkome eensgesindheid arbei, met onselfsugtige belangstelling en broederliefde, sal engele van God met julle wees. Dit is God se saak, en Hy sal die ongelyk plekke gelyk maak, Hy sal die weg voor ons berei. Die werk wat in vreemde lande gedoen moet word, sal nooit deur sterfinge verrig kan word sonder wysheid van Bo nie. Julle moet op julle Hoofman wag op bevele, en dan onvoorwaardelik gehoorsaam. As julle voorwaarts tree in die krag van die God van Israel, in eenvoud en geloof, sal die moeilikhede

wat die Satan tot berge sal opblaas, soos molshope word. Werkers kan hulle maklik in 'n posisie plaas waar die liefde, krag en wysheid van Bo hulle nie kan bereik nie, waar hulle nie hulp kan kry in voorligting, in moeilikhede en beproewinge nie, omdat hulle die hemel se rykste skatte nie sal verstaan en na reg sal waardeer nie. Hulle sal hulleself verheerlik en dink dat hul eie weë volmaak is en in eiegeregtigheid verval. Die mens se wysheid word as dwaasheid gereken. Wanneer geheel en al van die eie ek ontslae geraak word, kan julle 'n nuwe en ryke belewenis ontvang, sal julle jul eie gebreke raaksien waar julle laag aan die voet van die kruis neerbuk, en wanneer julle die uit-nemendheid van Christus beskou, sal die eie ek iets nietigs word.

Vir die waarnemende oog sal Christus dan die vervolmaking van lieflikheid word; dan sal Sy stempel op die hart en gees wees en in die karakter geopenbaar word. Die seël van die Goddelike Gees moet op die hart gedruk word en in die lewe geopenbaar word. Kom na Jesus in jul behoefte, bid in lewende geloof, hou die hand van die Goddelike almag vas, glo, glo net, en julle sal die heil van God sien. As julle bereid is om te leer, sal God julle leer; as julle bereid is om gelei te word, sal Hy julle lei na fonteine van lewende water. Die Heiland nooi julle uit: "leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele." Sommige vir wie julle arbei, sal wil hê dat die werk op hulle manier gedoen moet word en dink dat dit die beste weg is; maar as julle die gesindheid, die sagmoedigheid van Christus het, as julle respek en liefde vir mekaar betoon, sal God julle in staat stel om die werk te vervolmaak op 'n wyse wat Hom welbehaaglik sal wees. Toon dat julle self gewillig is om te leer.

[20]

Die indrukwekkendste les wat julle kan gee vir diegene wat julle onderrig, sal dié van 'n karakter soos Christus s'n wees. Laat daar volkome eensgesindheid wees; dit is die grootste bewys wat julle kan lewer van die krag van die waarheid op die hart. Werk vir jul eie siele totdat die eie ek onderdruk is, totdat Christus Sy beeltenis in julle herken. Dit is die plig van elke werker in die wingerd van die Here. Diegene wat nou die waarheid van God verkondig, plaas hulleself aan die kant van Christus, verenig in hart, gees en stem, en spreek dieselfde dinge ter verdediging van die waarheid. Die Here weeg ons dade en ons motiewe, en Hy sal groot krag verleen aan

diegene wat aan Hom behoort. Christus is nie verdeeld nie; Christus in een werker sal Christus in 'n broederwerker erken. Mense wat veeleisend is, wat foutsoek, wat kwaad dink van ander, bevorder die werk van die vyand en breek af wat God opgebou wil hê. Al hierdie strydende elemente stel die magte van die duisternis voor en toon dat Christus, die hoop van die heerlijkheid, nie binne is nie.

Almal wat in Christus is, sal die werk van Christus doen en immer van Hom leer. My broeders, julle is sendelinge, mag julle so vernuwe word dat julle sterk karaktertrekke die saak van God geen skade sal aandoen nie. Die Here het baie dinge aan my geopenbaar aangaande die wyse waarop die werk in nuwe sendingvelde aangepak moet word, en het aan my getoon dat as 'n sekere rigting gevolg word, dit die werk sal beperk en die saak sal skaad. Volkome eensgesindheid kan net bestaan deur die oorvloedige genade van Christus. Selfgenoegsaamheid is 'n belemmering vir die werk. Wees 'n voorbeeld vir hulle wat die waarheid sal aanneem. Mag die Here julle lig en wysheid en Sy geregtigheid gee, is my gebed. - *Brief d, 1890.*

Wandel In Alle Nederigheid

[21]

My Dierbare Broeders en Susters:

Ek wil my graag rig tot julle wat tot 'n kennis van die waarheid gekom het in Afrika. Julle is jonk in die geloof, en dit is baie noodsaaklik dat julle nederig met God wandel en daaglik leer in die skool van Christus deur veral te peins en te praat oor die lesse wat Hy aan Sy dissipels gegee het. Wandel in alle nederigheid van gees, wantrou julleself, soek die wysheid van die God van wysheid, sodat al julle weë en metodes in 'n hegte en noue verband met die weë en wil van God kan wees, sodat daar geen verwarring sal heers nie.

'n Weg is deur Jesus Christus geopen waardeur wysheid en genade en krag ontvang kan word. Hy is 'n voorbeeld in alle dinge. Die heel eerste les wat diegene moet leer wat die boodskap van die waarheid aanneem, is om een met Christus te word en om die krag van Sy genade in die siel te hê, wat alle onsuiverhede uit die karakter verwyder en selfs die gedagtes onderwerp. Dit moet geskied deur die hart te onderwerp, sodat Christus Sy wet daarop kan afdruk. Dit is die werk wat vir elke siel verrig moet word, dan sal almal wat die waarheid liefhet, sy heiligmakende, louterende, veredelende krag op die karakter, in die gees, in die woorde en in die daade sien. Elkeen sal 'n ligbaan wees waardeur Christus Hom bekend sal maak. Dit is wat die apostel bedoel het toe hy gesê het: "Ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle."

Ons moet nooit vergeet hoe swaar dit is om langgekoesterde dwalinge uit die harte van mense te verwyder wat hulle van kindsbeen af aangeleer het nie. Ons moet onthou dat die aarde nie die hemel is nie, en dat daar teleurstellings sal wees om te oorwin, maar verdraagsaamheid en tederheid en simpatie moet betoon word aan almal wat in duisternis wandel. As ons hulle die lig laat sien, sal dit nie bloot deur argumente wees nie; dit moet deur die werk van die genade van Christus op jul harte geskied wat in jul eie karakters geopenbaar word met vasberadenheid, maar tog met die sagmoedigheid en eenvoud van Christus. Deur veel gebed moet julle vir

[22] siele arbei, want dit is al metode waardeur julle harte kan bereik. Dit is nie julle werk nie, maar die werk van Christus wat aan julle sy staan, wat harte beïndruk. Terwyl julle trag om 'n kennis van die waarheid te verkry, moet julle streef na 'n proefondervindelike kennis van Christus, sodat julle volgens Sy metodes kan werk. Julle moet soos Moses bid: Here, toon my U heerlijkheid.'n Openbaring van die goedheid, die tederheid en die liefde van Jesus teenoor sondige mense sal maak dat die eie ek in die niet verdwyn, en Jesus sal verhoog word. Verhoog die Man van Gollgota; praat van Jesus en Sy weergalose liefde. Dit is waar baie wat die waarheid verkondig, faal. Hulle praat leerstellings, maar praat nie van die weergalose, lankmoedige liefde van Jesus nie.

Neem julle vas voor om nie in tweedrag met mekaar te leef nie, maar dat julle die vrede van Christus in julle harte sal hê, en dan sal dit maklik wees om dit in julle gesinne in te voer. Maar wanneer die tuin van die hart verwaarloos word, sal giftige onkruid opkom - hoogmoed, eiewaan, selfgenoegsaamheid en welig tier. Ons moet almal waak met gebed.

Die karakters wat ons ontwikkel, sal in die huislike lewe spreek. As daar 'n soete eensgesindheid in die huiskring is, kan die engele van God in die huis hul diens verrig. As die huis verstandig bestuur word met vriendelikheid, sagmoedigheid, verdraagsaamheid, saam met vaste beginsels, wees dan verseker dat die eggenoot soos 'n band in die huis is wat die gesin met koorde saamsnoer en hulle aan God voordra en hulle saam met homself bind op die altaar van die Here. Watter lig skyn nie uit so 'n gesin nie!

Daardie gesin, wat behoorlik geregeer word, is 'n gunstige argument vir die waarheid, en die hoof van so 'n gesin sal dieselfde soort werk in die kerk verrig as wat in die gesin geopenbaar word. Waar daar ook al kras, hard en liefdeloos in die heilige huiskring opgetree word, daar sal gewis 'n gebrek in die planne en bestuur van die kerk heers. Eenheid in die huis, eenheid in die kerk, openbaar Christus se optrede en genade treffender as preke en argumente. Die dienaars van God moet nie wedywer nie, maar moet diegene wat hulle teen die waarheid skaar in ootmoed reghelp sodat hulle hulle dwalinge kan insien en tot bekering kan kom. Maar laat julle lig in goeie werke skyn; spreek versigtige, geduldige, broederlike woorde tot diegene met wie julle in goeie werke omgaan.

Alle onenigheid, alle foutsoekery moet verwyder word deur die genade van Christus wat julle deur die geloof ontvang. Alle jaloesie, alle naywer, alle bose verdenking is van die vyand. Alle kwaadpraterij, alle bitterheid, alle ongeduld, alle kwaadwilligheid moet uit die sieletempel gesuiwer word, en vriendelikheid, jammerhartigheid, verdraagsaamheid, sagmoedigheid, lank-moedigheid, vriendelikheid, goedheid, hoop, liefde, moet elke dag gekoester word sodat julle die gebed van Christus tot Sy Vader kan vervul dat Sy dissipels een kan word net soos Hy een is met die Vader. Die harmonie en die eenheid van die kerk is die geloofsbriewe wat aan die wêreld getoon moet word om te bewys dat God Sy Seun na die wêreld gestuur het om genade en lig en waarheid te bring.

[23]

Opregte bekering is 'n vernuwing van karakter. Nuwe strewes, nuwe sedelike voorliefdes word geskep. Karaktergebreke word oorwin. Die waarheid, met sy heiligmakende krag, bring die hele mens tot gehoorsaamheid aan Christus.

Die dag van plegtige vertrouwe en heilige verantwoordelikhede behoort aan ons. Ons het 'n taak om vir God te verrig. Groot lig skyn op ons, wat ons moet uitstraal na almal met wie ons in aanraking kom, nie deur dadelik argumente oor leerstelling aan te knoop nie, maar deur te leer om te praat van die lesse van Christus. Wees seker en wees verstandig in jul benadering van die siele vir wie Christus met die prys van Sy eie kosbare bloed betaal het. Bring die waarheid, die gevorderde waarheid wat ons ontvang het, in ons eie harte die vrugte van geduld, geloof, hoop en liefde voort om sodoende sy reddende invloed op die menslike gemoed af te druk en te toon dat ons lote van die ware Wynstok is omdat ons ryk trosse vrugte dra?

Is onkreukbaarheid en liefvalligheid, die vaste karaktertekens van Christelike opwassing, sigbaar in die lewe? Moet nooit moedeloos word in jul pogings om siele te red nie, want diegene wat in dwaling en duisternis grootgeword het, reageer nie dadelik op jul pogings nie. Julle moet toon dat julle die werkers van God is wat nooit moeg of moedeloos word nie. Die simpatie en Christelike geduld wat geopenbaar word, sal aan diegene met wie julle omgaan, toon dat julle 'n lewende verbintenis met God het, dat julle rein van hart is, teder in woord, ernstig en ywerig van gees.

Hierdie gees van Christus sal sy pad vind deur die verregaande onkunde wat julle sal teëkom. Maar onthou die woorde van Christus:

“Sonder My kan julle niks doen nie.” Dit is nie genoeg om gere- delik oor omstrede onderwerpe te praat nie; God verlang manne wie se harte na die Goddelike beeltenis gevorm is. Deur die heiligmakende waarheid kan ons die beker van verlossing na ander uithou. Deur opreg aan God vas te hou, deur’n biddende lewe, verenig met’n volhardende geloof, sal die waarheid sy weg deur skynbare onmoontlikhede baan.

[24] Ons sal nie praat van wat nie gedoen kan word nie, maar van wat gedoen kan word. “Voorwaarts,” is die bevel van ons Leier. Ons word duidelik deur die Here Jesus Christus deur Sy apostel vertel dat Hy “het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die voile grootte van Christus.” Hier sien ons ‘n voorstelling van gedurige opwassing in kennis in Christus Jesus, en dit is ‘n saak wat sorgvuldige aandag vereis.

Persoonlike godsdiens daal tot ‘n lae peil omdat daar meer gepreek word as wat daar ‘n persoonlike poging is om die mense se siele deur noukeurige voorligting te lei. Christus het lesse in gesprekke voor die kampvuur gegee wat van praktiese belang is. Hy het Hom nie met leerstellings besig gehou wanneer’n siel nie geweet het hoe om Hom te vind en kennis te maak met Sy dwingende liefde nie, wat alleen die siel in staat kan stel om die ongewilde waarheid in te sien. Hou in gedagte dat hart in noue voeling met hart moet kom in opregte, vriendelike oorreding en smeking, sodat hulle kan leer hoe hulle die beloftes van God moet glo en ontvang. Die metode hoe om meer en meer gelykvormig aan die wil van Christus te word, moet duidelik gemaak word.

Groot manne, geleerde manne, kan beter bereik word deur die eenvoud van ‘n godvrugtige lewe as deur al die skerpsinnige argumente wat hulle toegeslinger kan word. Goeie indrukke sal gemaak word wanneer die godsdiens vol lewenskrag is wat lewe en vooruitgang bring. Waar die kosbare saad van die waarheid toegang vind tot die hart deur die werking van die Gees van Christus, sal die ontvanger ontdek hoe sondig menslike drifte, ydelheid en onkunde is. Al hierdie dinge moet uit die sieletempel gesuiwer word en die ge-

nade van God as beginsel posvat. Dan blom al die beginsels van die waarheid in die tuin van God nederigheid, sagmoedigheid, geduld en liefde.

Die blyke van die genade van Christus in die mensehart lei altyd tot eendrag. Maar omdat daar foute en inkonsekwentede bespeur word by diegene wat na ons mening volmaak behoort te wees, sal ons hulle verwerp? Nee, Christus verwerp ons nie vanweë hierdie dinge nie, hoewel dit Sy Gees bedroef. Dit is nie wys om in kleinlike neerslagtigheid te verval omdat ons gebreke in die karakter van ander sien nie. As ons hulle foute en tekortkominge raaksien, dan moet ons ook die sondigheid van soortgelyke dinge in ons eie karakters raaksien, en uit hierdie dinge moet ons leer om nie die onchristelike gedrag van enige mens self te beoefen nie. Ons moet onthou dat Jesus bewus is van al hierdie tekortkominge en dat dit Hom dieper seermaak en bedroef as wat dit ons moontlik kan, omdat Sy kinders nie Sy eie karakter aan die wêreld bied nie, maar dat hulle in sommige opsigte die ongeduld, die ontevredenheid, die kwaadwilligheid en die beskuldigende gees van die groot bedrieër aan die dag lê. Wat kan die hart van Christus dieper bedroef as om so seergemaak en tot openlike skande gebring te word in die persoon van diegene wat beweert dat hulle Sy kinders is? Wanneer julle dus foute by ander bespeur, bejammer hulle en sê: Ek sal nooit hulle werke naboots en Christus skaam vir my maak nie.

[25]

Alle eiegeregtigheid moet versaak word, want ons het self geen geregtigheid nie. Dit is die gawe van God; daarom moet ons ons nie verhef of in enige opsig 'n skyn wek nie, want dit is 'n belediging vir God. Wat het ons wat ons nie ontvang het nie? Die mens kan nie op homself staatmaak vir enigiets wat goed of reg is nie. Christus, net Christus en Sy geregtigheid, sal vir ons 'n paspoort na die hemel verkry.

Struikelblokke sal in die weg van die vooruitgang van die waarheid in Afrika gelê word soos oral in die wêreld gebeur het, en dit is moontlik dat die Here toelaat dat obstruksies en struikelblokke opdoem omdat Hy weet dat as Hy julle weg voor julle gelyk maak in die aanbieding van die waarheid, dit julle kwaad sal doen; julle sal julleself die glorie toe-eien en selfgenoegsaam word.

Nadat Israel Egipte verlaat het, het hulle op die seekus gestaan en gesien hoe hul vyande vernietig word, en nou was hul sege volkome.

Maar nou moes hulle in die woestyn opruk. Die eerste botsing was met Amalek, wie se leërs hulle voorgekeer het. Hulle is diep beproef in hierdie botsing, “om jou te verootmoedig en jou te beproef,” “om te weet wat in jou hart is,” “om uiteindelik aan jou goed te doen.” Die Here sien dat die eie ek in alles deurskemer en Hy verlang dat Sy kinders na Hom moet opsien. Die Here lei Sy kinders langs ’n weg wat hulle nie vir hulself sou kies nie. Toetse word getrou toegepas.

[26] “En Hy het gesê: So is die koninkryk van God, soos wanneer ’n mens die saad in die grond gooi; en hy gaan slaap en staan op, nag en dag, en die saad spruit uit en word groot - hoe, weet hy nie. Want vanself bring die aarde vrug voort, eers ‘n halm, dan ‘n aar, dan die voile koring in die aar. En wanneer die vrug dit toelaat, steek hy die sekel dadelik in, omdat die oes daar is.” So is die werking van die waarheid op die mensehart, voortdurend en sag, en vooruitgang moet gemaak word totdat die mensekarakter vervolmaak is. Hierdie taak word voortgesit deur ’n ferme, Goddelike, bonatuurlike mag. Groei julle godsdienste, of oorheers die eie ek in ’n groot mate, sodat die Here nie met julle pogings kan saamwerk nie?

Die Here sal julle nie sien om siele tot die waarheid te bring, die weg vir julle oopmaak en julle toegang tot baie harte gee tensy julle duidelik laat blyk dat julle die standaard van karakter bereik wat in die evangelie vir julle uiteengesit word nie. Julle kan moontlik tevrede met jul lewens en godsdienstige groei wees, maar is daar groei in die gees en in die beeltenis van Christus? Julle moet juisself afvra: Groei ek?

Soms sal julle moontlik tot onbesonnenheid verlei word; verootmoedig julle dan voor God en gee julle harte aan Hom in nederige berou en sê: Lei my, rig my, o God, sodat ek U nie met ’n ongeheiligde hart mag aanstoot gee nie. Dit is moontlik dat julle nie die wysheid het om die siele te rig wat die waarheid sal aanneem nie; dit is moontlik dat julle nog baie te leer het hoe om die waarheid soos dit in Jesus is, aan te bied. En as die struikelblokke dan verwyder moet word en die waarheid snel vorder, soos julle so naartiglik begeer, sal julle nie voorbereid wees om verstandig en geduldig volgens die metodes van Christus te arbeid om hulle tot ’n gesonde, opregte belewenis te lei nie omdat julle self nie oor die kennis van baie geestelike dinge beskik me.

Namate julle wysheid deur getrouheid in die huislike lewe openbaar, as toonbeelde van vroomheid, sal julle getrouheid in die kerk openbaar as geduldige, vriendelike, verdraagsame onderwysers. Die Here sal toesien dat siele aan julle toevertrou word. Julle het die lesse in Sy skool geleer hoe julle met mense moet werk en hulle voorwaarts en opwaarts moet rig na die heilige standaard van God, sodat hulle kan groei in genade en in die kennis van ons Here en Verlosser Jesus Christus.

Wanneer hierdie mense ywerige vroomheid, onselfsugtige geesdrif en die liefde van Jesus in die lewe bespeur, sal hulle besef wat dit beteken om die teenwoordige waarheid te glo. Wanneer julle hierdie siele na groter lig en kennis voer, wanneer julle orde het, en wanneer die werkers gedurig na eendrag strewe, soos Christus een is met die Vader, sal God magtig deur middel van mense werk, omdat Hy vertrou kan he in diegene wat die

waarheid aangegryp het om sowel deur woord en voorbeeld behoorlik te onderrig. Dan sal julle nie jul eie gestalte aan mense gee nie, maar Christus se gestalte. [27]

Probeer dit, broeders in Afrika. 'n Mens groei nie deur na'n lae standaard te mik nie, maar volharding, onvermoeide inspanning is noodsaaklik as julle daarin wil slaag om siele vir Christus te wen. Die Satan en al sy hordes, in samewerking met bose manne, sal die werk teenstaan, en julle kan hierdie teenstand nie in eie krag weerstaan nie. Alleen die Leërowerste van die Here kan die oorwinning vir julle behaal. Julle kan nie onderlinge vrede en eensgesindheid verwag as julle julle nie deeglik daarop toespits om die oorwinnings van die kruis verder te voer nie.

As ons ons met struwelinge en foutsoekery besig hou wanneer ons ons beste vir die Meester behoort te lewer, hoe kan ons verwag dat God siele na die waarheid moet bring en hulle aan ontroue, onchristelike leiding moet toevertrou? Soek die Here met die hele hart; kruisig die eie ek. Die volk van God moet 'n eenheid wees, en die werk moet in ons harte begin. Die werk moet in ons eie gesinne begin. Die Waaragtige Getuie sê: "Ek ken jou werke." Julle kan die Gees van Christus gedurig indrink.

As julle nie die krag van die genade van Christus in julle huise kan openbaar nie, sal julle nie wysheid in die kerk aan die dag kan lê nie en kan die sorg van siele wat die geloof pas aangeneem het,

wat babas in Christus is, wat met melk gevoed moet word en nie met vaste spysie nie, nie aan julle toevertrou word nie.

Julle sal moontlik geneig wees om aan die ontwaakte siele die kragtige argumente voor te hou wat ons geloof bevestig, maar wat vir hulle swaar is om te verstaan. Maar dit sal nie die regte benadering wees nie. Gee hulle net die eenvoudigste lesse in geloof, want selfs geleerde mense het 'n honger om die ABC te ken van wat dit beteken om 'n Christen te wees en hoe hulle Christus kan vind, hoe hulle Christus kan verkry. Dit is die voedsel waaraan die kerke deur al die eeue honger ly.

[28] Hou asseblief in gedagte dat as die gelowiges hulle nie die beloftes van God toe-eien en deur die geloof die hoër invloede ontvang wat uit die hemel afkomstig is nie, hulle hul die laer invloede toe-eien. Elke sedelike daad laat sy spore op die sedelike karakter. Die gesprek aan tafel, die gesprek voor die vuurherd, die gees wat die huiskring deurtrek, getuig of ons getrou in ons daaglikse pligte is. Deur voortdurend die regte gewoontes aan te kweek, word ons bevoeg gemaak vir die opbou van die kerk, toegerus om die skape en die lammers te laat wei, en voorberei, deur 'n getroue nakoming van elke plig, om die hemelse seënwoorde aan te hoor: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg ... Gaan in in die vreugde van jou heer."

Selfs wat vir ons nietig voorkom, hou 'n plegtige verantwoordelikheid in. Ons kan nie daardeur gaan sonder dat ons ten goede of ten kwade verander nie.

Ek dra julle, my broeders in 'n ver land, op aan die Here en aan Sy ryke genade; want Hy sal 'n hulp wees vir almal wat Hom wil aanroep. Hy is magtig in Sy raadsbesluite. Soek Hom met die hele hart en Hy sal Hom deur julle laat vind. *Brief 6b, 1890.*

Vyf Briewe Aan Lede Van Die Wesselsfamilie In Suid-Afrika

[29]

Brief A (Julie 1892)

**North Fitzroy, Victoria,
Julie 1892**

Geagte Broeder:

. . . In ons ondervinding het ons dikwels gevind dat die Voor-sienigheid die weg voorberei het vir die uitbreiding van die werk wanneer die moeilikhede waarmee ons genoë moes neem in ons poging om die vaandel van die waarheid te plant, nie klein of gering was nie. Dit het geskyn asof die Satan elke duim grond in ons optog beveg het, en beproewinge en struikelblokke moes die hoof gebied en oorwin en smaad verduur word voordat ons pogings met sukses bekroon kon word. Hoe dikwels is werkers nie hoor sê nie: “As ek maar geweet het wat hierdie onderneming my sou kos, sou ek dit nooit aangepak het nie.” Maar ons Heiland, wat die Leier van die onderneming was, het die voile lengte van die donker en ontmoedigende weg gesien wat geloop sou moes word om die verlore nes te red. Het Jesus in hierdie taak geaarsel?

Was die lewe van die Vors van die lewe en heerlikheid sonder beproewing? Nee. Hy was ‘n man van smarte en bekend met krankhede. Nie ‘n steek wat Sy nederige hart deurpriem het, nie ‘n belediging wat teen Sy hoof geslinger is, nie ‘n ontbering wat Hy moes verduur, was nie vooraf aan Hom bekend, nog voordat Hy Sy koninklike kroon neergelê, Sy koninklike gewaad uitgetrek en van die troon afstand gedoen het om Sy Godheid met mensheid te beklee nie.

Die pad van die krip na Golgota was duidelik voor Hom afge-merk, en Hy wis watter verskriklike foltering vir Hom gewag het. Hy het dit alles geweet, en tog het Hy gesê: “Kyk, Ek kom; in die boek-rol is dit my voorgeskrywe. Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in

[30] my ingewande.” En siende dat die Heiland al hierdie dinge moes ondervind, kan ons verwag dat die Satan ons met rus sal laat, ongestoord, om die grootse taak uit te voer om die vaandel van die waarheid in nuwe sendingvelde te plant?

Christus het aan die vitterige Jode gesê: “Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.” (Johannes 8:12) Die blote feit dat Jesus die waarheid gepraat het, en met oortuiging, is die rede waarom die Jode Hom nie geglo het nie. Hy het gesê: “Omdat Ek die waarheid spreek, glo julle My nie.” (Joh. 8:45).

Dit was die waarheid wat hierdie eiegeregtige manne aanstoot gegee het. Die waarheid het die dwaasheid van hul dwaling aan die kaak gestel, en dit was onwelkom. Hulle sou liewers hul oë vir die waarheid sluit as om te erken dat hulle dit mis gehad het. Hulle het die waarheid nie liefgehad nie, want dit het hul leer en praktyke veroordeel. Hulle het dit nie liefgehad ondanks dit waarheid was nie. Hul eie goddelose rigting het hulle met die bediening van die waarheid laat fout soek. Hulle het die waarheid as kettery en fabels behandel, en het hulleself en ander mislei. Christus het vir die Fariseërs gesê: “En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos.”

Sulke blindheid sal ons presies aan alle kante teëkorn; maar ons moet nooit mismoedig raak of versuim om die waarheid bekend te maak nie. Ons moet nooit ongeduldig word nie, want Christus was geduldig met ons in al ons wederstrewendheid, en Hy sal ons leer hoe om te arbeid om die waarheid voor te dra soos dit in Jesus is. Gaan voort in die krag en Gees van Christus. Saam met hierdie krag is die teerste simpatie verenig vir diegene wat in duisternis verkeer.

Laat hierdie woorde soos klokkespel in ons ore weerklink.

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” Hoe naarstiglik smee my siel om die hemelse gawe. Uit myself kan ek niks doen nie. Die krag en die heerlijkheid is alles van God, “Die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.” “Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie

uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke.” Ek sien dat die werk van God so heilig is, dat ek nie daaraan durf raak sonder dat Jesus aan my sy staan nie. Alle mag, alle krag en alle heerlikheid behoort aan Hom wat ons liefgehad en Homself vir ons gegee het. [31]

Ons nader gewis die einde van die aarde se geskiedenis, en God het Sy liefde aan ons bewys deur aan ons die waarheid te gee wat ons harte met soveel vreugde gevul het, dat ons liefde teenoor ander mag beoefen. Kyk hoe die Man van Golgota Sy lewe gee vir die sondes van die wêreld. Waarom? Sodat ons, in die aanskoue van sulke liefde vir die mens, dat almal wat glo nie sal verlore gaan nie, dieselfde liefde vir ons medemens sal voel. Liefde vir verlore siele het Christus na die kruis van Golgota gebring. Liefde vir siele sal ons tot selfverloëning beweeg, tot selfopoffering om die verlorenes te soek en te red. Julle is medewerkers van God. Die eie ek moet sterf en ons lewe met Christus in God verborge word. Liefde vir siele vir wie Christus gesterf het, beteken die kruisiging van die eie ek.

Daar kan nie liefde vir siele wees sonder dat ons eers die hoogste liefde vir God het nie. Dan sal ons drange, ons hele wil aan die Here se kant van die vraag wees. Hoogmoed en liefde vir vertoon kan nie in die hart leef waar daar liefde vir verlore gaande siele is nie. Ons wil ywerige leerlinge wees wat in die skool van Christus leer. Diegene wat hulleself nie verloën en die kruis opneem en Jesus volg nie, kan Sy dissipels nie wees nie.

Aangaande Sy dissipels het Jesus gesê: “Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle.” Die liefde waarmee die oneindige God Sy Seun liefgehad het, moet oorgedra word aan die sondige mens wat in Jesus Christus glo. Hy stort Sy liefde uit deur diegene wat glo. Soos lewensbloed word die lewenskrag van daardie liefde deur elke deeltjie van ons aard versprei sodat dit in ons kan bly soos in Hom. Wonderbare woorde! Dat dit vir God moontlik is om ons lief te hê soos Hy Christus liefhet. Hy het die gelowige siel lief omdat Hy deel van Christus is - ‘n deelgenoot aan die Goddelike natuur.

Hoe pynlik moet dit nie vir die Gees van God wees om enigiets soos vervreemding, onenigheid en twis teen te kom nie. Die hart wat

vol is van die liefde van Christus sal in liefde uitgaan na almal vir wie Christus gesterf het. Dieselfde selfverloëning sal deur die ryk man wat in Jesus glo beoefen word as deur die mense wat min van hierdie wêreld se besittings het, omdat hy weens onselfsugtige beginsels optree. “Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat [32] Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word.”

Die Here Jesus het die mens in Sy eie lewe’n voorbeeld gegee.

Vir die selfsugtige, sondige hart, gee Hy die nuwe hart van liefde. Hy verander die hart en bring ‘n algehele omwenteling in die siel teweeg. Hy bring lig uit die duisternis voort, liefde uit vyandskap, en heiligheid uit onreinheid, sodat diegene wat in Christus glo, Christus se lewe en karakter aan die wêreld kan voorstel. Soos die apostel sê: “Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle.” - *Brief 28, 1892.*

* * * * *

Brief B (1 Augustus 1892)

1 Augustus 1892

Geagte Broeder en Suster :

Ek sou julle graag vanoggend wou gesien het om oor baie dinge met julle te gesels; maar dit is nie moontlik nie. Pen en inksal maar moet volstaan. Ek stel belang in die sending in Afrika, en in elke sendingveld in die wêreld. Hoe bitter het ons Jesus nie nodig as ons raadgewer nie en hoe dankbaar moet ons nie wees dat die Here ons geseën en verhef het sodat ons gemeenskap met Hom kan hê nie.

O, hoe bitter nodig het ons die vernuwende invloed van die Heilige Gees; want ons leef in ‘n gevaarlike tyd. Die liefde van God wat in ons harte uitgestort word deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het, sal tot die regte dade lei. Deur die Goddelike natuur deelagtig te word, sal ons werk soos Christus gewerk het. Ek is seker dat ons alles het waarvoor ons dankbaar kan wees. Dit is ons voorreg om die rykdom van die beloftes wat ons ten voile kan ontvang, te geniet. Die Here is gereed om groot dinge te doen vir almal wat glo. Jesus verlang daarna om ons harte met ‘n gesonde geestelike lewe te verkwik. Jesus wat in die siel woon en al ons vermoëns louter

en veredel en ons in die hele waarheid lei, maak van ons 'n helder lig om in die wêreld te skyn. Laat hierdie lig dus nie flou word nie. Elke oomblik moet ons leef met die oë na Jesus opgehef wat die Leidsman en Voleinder van ons geloof is.

Ons voel nie dat dit na die wil van die Gees van God is om planne te beraam vir die oprig van 'n duur gebou nie, selfs al het ons volop middele gehad om te belê, omrede dat daar gedurig nuwe sendingvelde oopgaan en ons alle voorsorg moet tref dat nie 'n dollar ter wille van vertoon of ter wille van trots bestee sal word nie. Elke dollar sal nodig wees om die werk in nuwe sendingvelde te open en die vaandel van die waarheid te plant waar hulle in duisternis verkeer...

[33]

Die vyand sal diegene wat oor middele beskik, in die versoeking bring om vrye teuel aan hoogmoed en ambisie te gee in die oprig van praggeboue. Maar juis die middele wat bestee word ter wille van die bevrediging van ambisie, behoort gebruik te word om ander te help om 'n begin te maak. Die invloed van 'n ruim, netjiese, aantreklike gebou, wat sonder enige oordadigheid opgerig word, sal strook met die lewe en sending van Jesus, met die heilige, plegtige waarheid wat ons bely - dat die einde van alle dinge ophande is. Ons krag sal nie skuil in grootse geboue wat teen groot bedrae opgerig word nie. Ons krag sal gevind word in die toewyding en vroomheid van die gelowiges, want as hulle Jesus verteenwoordig, sal hulle 'n helder lig vir die wêreld wees. Alles wat ons doen, maak sy indruk op die wêreld as gunstig of ongunstig vir Christus en die waarheid. As ons Jesus wil sien, moet alle wêreldsgesindheid en menslike trots in die stof bly lê.

Ek sal die brief nou moet afsluit. Gee asseblief my groete aan julle broers en familie wat ek ontmoet het. Mag die seen van die Here oorvloediglik op julle rus. "Welgeluksalig is elkeen wat die Here vrees, wat in sy weë wandel! Die opbrings van jou hande sal jy sekerlik eet; gelukkig is jy, en dit gaan met jou goed." *Brief 29, 1892.*

* * * * *

Brief C (7 Nov. 1892)

Hanover Road Victoria Park Adelaide, Suid-Australië

7 Nov. 1892

Geagte Broeder en Suster :

[34] ... Sondag het ek broeder se gesin besoek. Sy vrou het eens aan die kerk behoort maar sy het geleses wat leraar Canright oor my geskryf het en het misnoeg geraak en die kerk verlaat. As sy die waaksame sorg van 'n getroue herder geniet het, sou sy vir die saak van God gered gewees het. Ek het twee uur saam met hierdie broeder en suster deurgebring en met hulle gepraat en saam met hulle gebid. Die hele tyd wat ek gepraat het, was sy in trane. O, hoe jammer het ek gevoel vir hierdie arme skaap wat afgedwaal het van die kudde en aan haar lot oorgelaat is omdat geen herder se tedere simpatie en liefdevolle sorg gebruik is om haar na die kudde terug te bring nie! Ons enigste hoop is dat die Here in Sy wysheid die twyfel en newels uit die verstand van hierdie suster sal opklaar.

Een siel - hoe kosbaar is dit nie, en hoe versigtig moet ons nie te werk gaan met hulle wat gekoop is met die bloed van God se eniggebore Seun nie! Kosbare siele kos te veel om ruhandig mee te werk te gaan. Hulle het behoefte aan tederheid, vriendelike verdraagsaamheid en baie sagte en wyse behandeling. Ek kon nie rus totdat ek gegaan het om die verlore skaap te vind nie, al het ek geen uitnodiging gehad nie. O, hoe bly is ek dat ons Jesus het, wat elke hart ken! Al ons gemeentes het behoefte aan 'n groot mate van bediening.

Ons is bly om te berig dat ons skool sover'n sukses blyk te wees. Ons bid dat die Here op kennelike wyse vir die skool sal intree sodat manne en vroue kan kwalifiseer om as sendelinge uit te gaan en in staat gestel kan word om in die verskillende hoedanighede te dien.

Ons voel dat veel skade in baie opsigte in die geskiedenis van die Sewendedag-Adventiste gely is omdat hulle nie ag geslaan het op die ge-tuienisse wat God die afgelope dertig jaar aan hulle gegee het nie. Hierdie getuienisse het met groot sorg aangedui hoe die kinders opgevoed moet word; dat hulle die eiendom van God is en dat hulle die vermoëns en talente wat God aan hulle toevertrou het, wyslik moet verbeter. Dit is die onderwerp wat hulle moet bedink en bespreek - die heidense volke wat in duisternis verkeer en die volke

wat die evangelie ontvang het. Elke sending byeenkoms moet vol lewendige belangstelling wees en elkeen wat Jesus liefhet, moet 'n gees van ywer na die byeenkoms neem, aangespoor deur die Gees van Christus. Die behoeftes van diegene wat nie die waarheid het nie moet op die naakte siel rus waar ons hulle aan God voordra en sê: "Hier is ek, stuur my." Maar daar is velde in beskaafde lande wat reeds ryp is vir die oes en wat die waarheid vir hierdie tyd moet kry. Ons moet nie die oë en hart sluit vir behoeftes van die wêreld nie. Die gees van Paulus, die groot apostel vir die heidene, is ontroer toe hy die stad gesien het wat geheel en al aan afgodery oorgegee was. Hoe kom dit dat Jesus oor Jerusalem geween het? Dit was toe Hy nader gekom en die stad gesien het. [35]

Daar is werk vir elkeen wat die Naam van Christus aangeneem het. Sal hy dit doen? As ons behoorlik beïndruk wil word met die waarde van siele, moet ons dikwels na Golgota kyk en die sterwende Seun van die oneindige God Sy lewe sien aflê vir 'n verlore wêreld. Ons moet aanskou en bepeins watter waarde Hy aan die mens geheg het. Ons moet met Sy gees besiel word. Wat ons oë sien, wat ons gedagtes bedink, sal gewis die siel beïnvloed en 'n praktiese poging om die verlore gaandes te red, in werking stel. So sal die sendingwerk op sy behoorlike grondslag geplaas word.

In elke gesin, veral waar daar kinders is, is daar 'n behoefte aan grondiger vroomheid, aan die heiligmakende genade van Christus in die huis. Sendingwerk moet meer uit mededeling bestaan as uit ontvangs. Die vraag is: Word huislike pligte buurtsendingwerk - nie verwaarloos nie? Ja. As die liefde en vrese van die Here deur elke huishouding beweeg het, die kinders en jongmense opgevoed is soos dit behoort te wees, die gesprekke van 'n opvoedkundige aard sodat hulle hul aanspreeklikheid kan gevoel om hul intellek en harte in te span om die werk te doen wat deur God aan hulle opgedra is, sou die kinders met hul ouers saamwerk in die toewyding van hul tyd en talente aan die diens van God. In hierdie soort opvoeding en arbeid sal die uitgawes nie die inkomste oorskry nie. Christelike handeling en groei in persoonlike vroomheid sal simmetries en eweredig wees.

Diegene wat die bedrywigste is in die wen van siele vir Jesus Christus met geïnteresseerde getrouheid, word die beste in geestelike en toewyding ontwikkel. Juis hul aktiewe arbeid voorsien die middel tot hul geestelikheid. Daar is gevaar dat godsdiens in diepte

sal verloor wat dit in breedte wen. Dit hoef nie so te wees indien, pleks van lang preke, diegene wat pas in die waarheid gekom het, wyse opvoeding gegee word nie. Leer hulle deur hulle iets te gee om te doen, in een of ander soort geestelike werk, sodat hulle eerste liefde nie sterf nie, maar in ywer toeneem. Laat hulle voel dat hulle nie gedra moet word en deur die kerk gestut moet word nie; maar dat hulle self gewortel moet wees. Hulle kan in baie hoedanighede, na gelang van hul besondere aanleg, nuttig wees om die kerk te help om nader aan God te kom en op verskillende maniere te help om 'n invloed op die elemente buite die kerk uit te oefen wat 'n middel sal wees om 'n voordelige uitwerking op die kerk te hê. Die wysheid en voorspoed van die kerk oefen 'n deurslaggewende invloed op sy aanneemlikheid uit. Die psalmdigter het om welvaart vir die kerk gebid: "Mag God ons genadig wees en ons sien; mag Hy sy aangesig by ons laat skyn! ... Sodat die mense op aarde u weg kan ken, onder al die nasies u heil."

Ons Verlosser het hele nagte in gebed met Sy Vader deurgebring; en die grondslag van die Christelike kerk en sendingwerk is juis in die element van gebed gelê. Die dissipels was eendragtig op een plek, waar hulle tot die Here gebid het dat Sy Heilige Gees oor hulle uitgestort moet word. Hoewel die Heilige Gees ryklik deur verskillende kanale gegee word, sal Hy wyer uitgestort word namate ons daarna soek. Terwyl ons dus ernstig arbei vir die redding van siele, sal ons gedurig voor die noodsaaklikheid te staan kom om ons opnuut te wend tot die Bron van alle krag; en so sal gemeenskap tussen die siel en God as 'n vaste gewoonte ontwikkel. Uit die fontein van die water van die lewe word gedurig deur die geloof geput, en dit raak nooit uitgeput nie.

Die werk is progressief - aksie en reaksie. Liefde en toewyding aan God sal die daad by weldadigheid voeg, en weldadigheid sal die geloof en geestelikheid verhoog. O, hoe groot is ons behoefte nie aan hemelse wysheid nie! Wel, is dit ons nie belowe nie? "As iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyf, en dit sal aan hom gegee word. Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie." O, watter versekering is dit nie!

Hoe vol en hoe breed! Laat ons die belofte aanneem net soos dit daar staan. Die Here wil hê ons moet met die voile geloofsversekering na Hom kom, en glo in Sy woord, dat Hy sal maak net soos Hy belowe het.

As ons maar net wil besef hoe belangrik dit is om elke individuele lid van die kerk op te voed om iets te doen. Ons moet individueel bewus wees van die plegtige aanspreeklikheid van die Christen om al sy Godgegewe hulpbronne en vermoëns in werking te stel en alles in sy vermoë te doen om die werk te verrig wat die Here van hom verwag. “Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die Here gaan oor jou op.”

As ons gevoelig van begrip was, sou ons die bestiering van God herken. “Ek het jou besit van die seë gegee, het my evangelie as besitting aan die wêreld gegee sodat sendingskepe na die eilande van die see gestuur kan word.” Ons het meer geloof, meer geheiligde bevoegdheid nodig. Hoë en veredelende motiewe is voor ons oë. Ons kan geen tyd, geen woorde spaar vir polemieë nie. Die tyd wat aan ‘n debatteerdery bestee word, is nodig om gebede in die geloof op te stuur na God vir die neerdaling van die Heilige Gees om die kliphart te onderwerp en te breek, sodat dit ‘n hart van vlees kan word. Daar is ‘n behoefte aan ‘n geheiligde energie. Die hemelse leërs is op die been en waar is die mens om met God saam te werk?

[37]

Ons het bekwame generaals nodig om die Here se gelowige kinders in werksgroepe te organiseer. Niks moet as te groot beskou word om deur ons onderneem te word nie as die Leërowerste van die Here net die werk beplan en die veldslag reël en ons voortlei, “verskriklik soos slagordes met vaandels.” Elke beweging sal ‘n oorwinning wees. Ons het Jesus nodig as ons gedurige Leier.

Manne en middele is in die veld nodig. Ek dink aan arme Melbourne, omring deur armoede en met behoefte aan ‘n kerk. Namate die werk uitbrei, moet planne gemaak word om die belangstelling gaande te hou, sodat dit nie sal doodgaan nie. Êrens het die Here vir ons middele. Beroepe moet op die rentmeesters van God gedoen word om hulp. Ons het wysheid van Bo nodig om verstandig te bereken en om die verbeteringe wat aangebring moet word, spaarsaam en na verhouding te onderneem. Oral moet selfverloëning beoefen word. Baie van die swak stroompies van weldadigheid wat nou die tuin van die Here natlei en verryk, word met veel inspanning

aangebring. Meer, baie meer moet deur individue gedoen word om spaarsaam met hul hulpmiddele te werk te gaan sodat hulle meer vir God kan doen. Ek voel diep oor die beperkte hulpbronne in hierdie land. Ons moet hulp kry om die werk voort te sit. Al wat ons kan doen, is om tot die Here te bid om die harte van mense te beweeg om die werk te doen wat op hulle wag. Botviering en selfsug heers in 'n groot mate. Mag die bekerende krag van God die harte en karakters verander. - *Brief 44, 1892.*

* * * * *

[38]

Brief D (17 Maart 1893)

Auckland, Nieu-Seeland

17 Maart 1893

Geagte Broeder:

... Ons sou in hierdie wêreld hopeloos verslae kon raak, soos die duiwel dit wil hê, as ons aanhou kyk na die dinge wat omstel, want deur ons daarop toe te spits en daarvan te praat, word ons mismoedig. Deur ander te kritiseer omdat nie liefde aan die dag lê nie, sal ons die kosbare plan van die liefde in ons eie harte doodsmoor. Het ons die heerlike gloed van die liefde wat Christus in Sy lewe aan die dag gelê, individueel gewaardeer en gevoel? Dan is dit ons plig om hierdie liefde aan die wêreld te openbaar. Laat ons bang wees om ons gedagtes te vestig op die groot foute wat ander begaan deur nie liefde teenoor hul broeders en susters te betoon nie, of om daaroor te praat. Bestee so min tyd moontlik aan hierdie saak; maar moenie versuim om behoorlik aandag te gee aan die kosbare waarhede wat ons ontvang het van lippe wat deur 'n lewende kool uit die altaar aangeraak is nie. Loof God dat lig vir die regverdiges gesaai is en blydskap vir die opregtes van hart. Praat oor die voorligting wat jy ontvang het wat 'n fees van vettigheid vir jou was. Sorg dat jy in jou karakterbou die stewige balke van die waarheid inbou. Laat die verhewe waarhede wat jy gehoor het, in die getroue uitvoering van God se voorskrifte geopenbaar word.

'n Mens kan 'n fantasiewêreld in jou eie gedagte skep en jou 'n ideale kerk voorstel waar die versoeking van die Satan nie langer tot die kwade aanspoor nie; maar volmaaktheid bestaan net in die

verbeelding. Die wêreld is een wat in sonde verval het en die kerk is 'n plek wat voorgestel word deur 'n land waarop sowel koring as onkruid groei. Hulle moet saam groei tot oestyd. Dit is nie ons taak om die onkruid uit te trek volgens ons menslike wysheid nie, anders kan die koring op aandrang van die Satan dalk saam uitgetrek word onder die waan dat dit onkruid is. Die wysheid wat van Bo is, sal na hom toe kom wat sagmoedig en nederig van hart is, en daardie wysheid sal hom nie besiel om te vernietig nie, maar om die kinders van God op te bou...

O, moedig jou siel aan om op te sien na Jesus. Vertel almal hoe gevaarlik dit is om sy eie siel se ewige gesondheid te verwaarloos deur na die sieklike siele van ander te kyk, deur te praat van die lelike karakters wat gevind word in diegene wat die Naam van Christus bely. Die siel word nie meer en meer op Christus geskoei deur die kwaad te aanskou nie, maar word soos die kwaad wat dit aanskou. Dieselfde eieliefde, dieselfde botviering van die eie ek, dieselfde opvlieende geaardheid, dieselfde iesegrimmigheid, dieselfde fyngevoeligheid en eiewaan, dieselfde onwilligheid om raad aan te neem, dieselfde ongeheiligde, onafhanklike oordeel, sal betoon word deur diegene wat kritiseer as deur dié wat gekritiseer word. Hulle sal handel asof hulle Christus nie as hul patroon en voorbeeld het nie. O, hoe nodig is dit nie dat ons moet waak teen die Satan se strikke nie. ...

[39]

My liewe broeder, jy het gesien hoe die mens is wanneer hy nie in noue gemeenskap met God leef nie, selfs onder mense wat hulle Christene noem. Maar watter betekenis het dit vir jou? Dit is sodat jy kan leer sê: "Ek is so swak soos die swakste van hierdie arme siele wat dwaal." Jy kan sê dat jy weet dit vereis genade en krag van Christus om vermaning, bestraffing en raad van die woord van die Here deur Sy dienaars gedwee te aanvaar. Ware nederigheid word aan die Christen geleer deur die Heilige Gees, en onder dissipline sal selfvertroue, as dit in ons nie dood is nie, homself op die voorgrond stoot en sy onooglike verwickelinge aan die lig bring...

Hy wat nie raad en vermaning van God se menslike werktuie wil aanneem nie, loop gevaar om nie die hemelse vermaning te ontvang nie en hy sal hom noodlottiglik misgis as sy gees nie verander nie. Hy sal ander met agterdog bejeën, en dink dat hulle in die ongelyk is, en met hierdie houding sal dit nie moontlik wees om hom reg

te help nie; want hy sal redeneer dat dit nie nodig is nie. Christene moet gewillig wees om te leer, hulle het selfbeheersing nodig, hulle moet nadink oor die dinge wat vir hulle voorgehou word, en vrees dat hul eie gedrag dalk nie volmaak is nie wanneer hulle soveel tekortkominge raaksien in hul broeders wat hulle daartoe beweeg om te beskuldig en te veroordeel...

Die wysheid wat lei na vervreemding, meningsverskille, onenigheid en rusie “is nie wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade. Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins. En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak.”

[40] O, waarom is die mens tog so gereed om toe te gee aan versoeking? So weifelend in hul doel, so swak om die woord van God te beoefen? Waarom is hulle so swak in hul optrede? Waarom word die heerlijkheid van Jesus so dof gesien? Waarom word Sy kosbaarheid so min besef, Sy liefde so gebrekkig ondervind? Laat dit jou gebed wees: “Here, toon my u heerlijkheid.” - *Brief 63, 1893.*

* * * * *

Brief E (8 Maart 1897)

“Sunnyside”, Cooranbong, N.S.W.

8 Maart 1897

As ons maar net kon besef dat die gekruisigde Christus die groot onder-werp van ons geloof is. As Christus bly leef het, sou Hy nie ons Verlosser kon gewees het nie. Ons geloof moet die soenoffer van Sy lewe as ‘n losprys vir die wêreld aanneem. Sy heilige lewe, die deernis, die simpatie wat Hy vir alle menselyding gehad het, sou ons nie gered het as dit daar gebly het nie. Dit was nie totdat Hy, sterwend aan die kruis, gefolterd uitgeroep het:

“Dit is volbring,” dat die taak voltooi was nie. Nie totdat Hy afgedaal het in die diepste vernedering, totdat Hy nie verder kon daal nie, was die tirannie van die Satan verbreek nie. Dit was die dood van Christus wat die Goddelike geregtigheid versoen het. Dit is die losprys wat vir ons betaal moes word. Niks ontbreek nou nie

behalwe dat die wil van die mens buig, die eie ek gekruisig word en Christus in die hart lewe. Die sieletempel moet aan Hom gewy word.

Elke deel van die mens is die Here se eiendom. Ons tyd, ons talente, ons invloed moet aan Hom gewy word. Ons geld word net op trust aan ons geleen om in die diens van God gebruik te word. Dit is nie aan ons gegee om ons eie eer mee te bevorder nie, maar as getroue rentmeesters moet ons altyd die eer en heerlikheid van God voor oë hou. Die Here vereis die hele hart, die onverdeelde liefde. Ons moet niks van Hom terughou nie, want alles is Sy gekoopte besitting.

Daar kan nie van die standaard van die Woord van God afgewyk word sonder om te sondig nie. Die grondbeginsels van heiligheid moet nog geleer word deur die een vir wie die wil van God nie eerste kom nie.

Daar is geen hawe van rus of veiligheid of regverdigmaking in die oortreding van die wet van God nie. Hy vereis niks minder as absolute oorgawe aan Hom nie ... [41]

My hart bloei vir diegene wat hulle in die laaste tonele van die aarde se geskiedenis bevind en tog onbewus is van wat vir hulle voorlê. 'n Ontslaglike hervorming sou oor die wêreld kom as die gordyn van die toekoms gelig kon word en almal kon sien en besef dat daar binnekort 'n verandering in die houding van God in Sy handelinge met die verdorwenheid van die mens gaan kom.

As God in Sy raadsbesluite in die hemel sou besluit het om die oortreder van Sy positiewe gebooe met die oombliklike dood te besoek, sou dit tot veel groter versigtigheid en selfbeheersing gelei het in die neiging tot die dinge wat vir God 'n gruwel is. Juis die manne wat dood skyn te wees vir die smeking en waarskuwing wat genadiglik deur God gestuur word, diegene wat hulle nie sal laat afsien van hul bouse weg nie, sou verstandig genoeg wees om hul lewens te behou, selfs al het hulle God nie liefgehad nie.

Maar die Here se besluit, wat in oorleg met Sy eniggebore Seun gemaak is, was om die mens 'n vrye morele keuse te laat vir die duur van 'n sekere tydperk van genade. Sy oog sou al hulle werke betrag, maar Hy sou niemand dwing om Hom te dien nie. As die liefde wat Hy in Sy lankmoedigheid en geduld beoefen, hulle nie tot bekering en algehele oorgawe aan die wette van Sy koninkryk sou lei nie, sou

hulle toegelaat word om te kies wie hulle wil dien. Hulle lewe moet van hulle keuse getuig. As hulle die sonde liefhet en verkies om Sy wette te veronagsaam na voldoende toetse en beproewinge, is hul gevalle vir ewig beslis. God kan sulke mense nie as Sy gesin in die hemel toelaat nie. Hulle straf sal ooreenkomstig die verergerende aard van hul verset en rebellie teen God wees. In Sy lankmoedigheid sal God die mens elke moontlike geleentheid gee om hom te bekeer en hom na Christus te wend as sy enigste hoop.

As gevolg van die goedheid en lankmoedigheid van God het baie sover gekom om Sy genade en goedertierenheid te oorpeins en te waardeer, en dit het hulle tot bekering gelei, maar aan die ander kant het ander onverskillig geword en Sy genade misbruik. Tot hul ewige verlies en skande het hulle die gees en wil van die Satan gevolg ongeag die toekomstige vergelding wat gewis oor hulle sal kom vir hulle ongehoorsaamheid en oortredinge. Hulle sal nog [42] leer dat God gesteld is op Sy eer en Sy heerlikheid. Hy sal nie duld dat daar met Sy wette gespeel word nie; Hy sal nie toelaat dat die mens hulle onverskillig bejeën en trotseer sonder om hulle dienoooreenkomstiglik te straf nie.

“Omdat die oordeel oor die verkeerde daad nie gou voltrek word nie, daarom is die hart van die mensekinders in hulle vol om kwaad te doen.” Die middele wat die Here in Sy genadige voorsiening aangewend het om die voorwerpe van Sy liefde te versag en onderdanig te maak, het, deur die werking van die Satan, die verdorwe en verharde harte aangemoedig in hul verdorwenheid, weerstand en oortreding, sodat dit Dawid selfs in sy dag laat uitroep het: “Dit is tyd vir die Here om te handel: hulle het u wet verbreek. Daarom het ek u gebooie lief, meer as goud, ja, as baie fyn goud.”

O, dat almal maar net wil besef voordat dit vir ewig te laat is dat daar perke aan die genade en verdraagsaamheid van God is! Daar is diegene wat deur hulle onboetvaardigheid onder die lig wat op hulle gestraal het, baie na aan die perk is waar die verdraagsaamheid van God uitgeput raak. In hart en gees sê hulle:

“My heer talm om te kom” en hulle eet en drink saam met die dronkaards. Maar God sê van diesulkes, “dan oorval ‘n skielike verderf hulle... en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.”

Nou, wanneer groot lig uit die Woord van God straal en duistere verborgenhede so duidelik soos daglig maak, is die dag van genade,

van hoop, van blydskap en versekering vir almal wat dit sal benut, vir almal wat die hart en gees sal oopmaak vir die helder strale van die Son van geregtigheid. Maar daar is 'n teenoorgestelde klas: diegene wat nie na die Lig wil kom nie, wat die waarheid verag omdat dit dwaling en oortreding en sonde aan die kaak stel, en die gevolg is dat verdorwenheid en vermetelheid in oortreding alom posvat.

Daar is ywerige ondersoekers van die profetiese woord in alle dele van die wêreld, wat lig en steeds meer lig verkry uit die ondersoek van die Skrifte. Dit geld vir alle nasies, alle stamme en alle volke. Hulle sal uit die grootste dwaling kom en die plek inneem van diegene wat geleenthede en voorregte gehad het en dit nie gewaardeer het nie. Hierdie mense het hul eie heil met vrees en bewing uitgewerk sodat hulle nie te kort sal skiet om die weë en wil van God te doen nie, terwyl diegene wat groot lig gehad het, deur die verdorwenheid van hul eie natuurlike harte die rug op Christus gedraai het omdat hulle nie genoeg met Sy vereistes geneem het nie. Maar God sal nie sonder getuienis gelaat word nie. Die een-uurarbeiders sal ter elfder ure ingebring word en sal hul vermoë en hul toevertroude middele gebruik om die werk te bevorder. Hulle sal die loon vir hul getrouheid ontvang, omdat hulle beginselgetrou is en nie hul plig sal versuim om die hele wil van God bekend te maak nie. Wanneer diegene wat volop lig gehad het, die tuig afgooi waarmee die Woord van God hulle gebind het en Sy wet tot niet maak, sal ander kom om hul plekke te vul en hul kroon van hulle te neem.

[43]

Hoewel baie die Woord, die Waarheid, die heilige wet van Jehova tot 'n dooie letter gemaak het en deur hul voorbeeld getuig dat die wet van Jehova 'n swaar, veeleisende las is, terwyl hulle sê: Ons sal hierdie juk afgooi; ons wil vry wees, ons wil nie langer in 'n verbondsverhouding met God verkeer nie; ons wil maak soos ons wil, sal daar manne wees wat baie geringe geleenthede gehad het en wat in dwaalweë gewandel het omdat hulle geen ander of beter weg geken het nie, na wie die ligstrale sal kom. Soos die woord van Christus tot Saggeus gekom het: "Ek moet in jou huis vertoef" so sal die woord tot hulle kom. En die een wat veronderstel was om 'n geharde sondaar te wees, sal 'n hart so teer soos 'n kind s'n blyk te hê, omdat Christus dit goed geag het om hom raak te sien.

Groot is die werk van die Here. Die mense is besig om kant te kies. Selfs diegene wat veronderstel is om heidene te wees, sal die

kant van Christus kies, terwyl diegene wat aanstoot neem, soos die dissipels, sal weggaan en nie meer saam met Hom sal wandel nie. En ander sal inkom en die plekke volstaan wat ander vakant gelaat het. Die tyd is baie naby wanneer die mens die voorgeskrewe perke bereik het. Hy het nou byna die grense van die lankmoedige God oorskry, die perke van Sy genade. Hulle werke is in die boeke van die hemel opgeteken, “op die weegskaal geweeg en te lig bevind.” Die Here sal ingryp om Sy eie eer te verdedig, om die opwelling van ongeregtheid en vermetele oortreding te onderdruk.

[44] Watter uitwerking sal die poging van die mens om die wet van God tot niet te maak, op die regverdige hê? Sal hulle geïntimideer word deur die universele minagting waarmee die heilige wet van God bejeën word? Sal die ware gelowiges in die “so sê die Here” wankelmoedig en skaam word omdat die hele wêreld Sy heilige wet skyn te minag? Sal hulle weggevoer word deur die oorheersing van die kwaad? Nee; vir diegene wat hulle aan God gewy het om Hom te dien, word die wet van God al kosbaarder wanneer die kontras tussen die gelowige en die oortreder duidelik blyk. Na verhouding tot die mate waarin die karaktertrekke van die Satan ontwikkel word in diegene wat die wet van God verag en oortree, sal die heilige voorskrif vir die getroue volgeling kosbaarder en waardevoller word. Hy sal verklaar: “Hulle het u wet verbreek. Daarom het ek u gebooie lief, meer as goud, ja, as baie fyn goud.” Dit is diegene wat getroue rentmeesters van die genade van God was wie se liefde vir die gebooie van God groei namate diegene om hulle dit met minagting bejeën.

Goddelose manne en die kerk is eendragtig in hierdie haat vir die wet van God, en dan breek die krisis aan. Dan sien ons die klas wat beskryf word in Maleagi 3:13-15: “Vermetel is julle woorde teen My, sê die Here. Maar julle vra: Wat het ons onder mekaar teen U gespreek? Julle het gesê: Dit is tevergeefs om God te dien, en wat baat dit ons om sy verordening te onderhou en in rouklere voor die aangesig van die Here van die leërskaare te wandel? En nou prys ons die vermeteles gelukkig; nie alleen word die wat goddeloosheid bedrywe, gebou nie, maar hulle versoek God en raak vry.” Hier is ’n groepie misnoeë Christene wie se vernaamste taak is om te murmureer en te kla en God te beskuldig deur die kinders van God

te beskuldig. Hulle sien geen tekortkoming in hulself nie, maar baie in ander, wat hulle ontevrede maak.

Maar terwyl hulle murmureer en kla en valslik beskuldig en die werk van die Satan ywerig uitvoer, word 'n ander klas ons onder die aandag gebring: "Toe het die wat die Here vrees, met mekaar gespreek; en die Here het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die Here vrees en sy Naam eer. En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê die Here van die leërskare, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien. Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie."

Hierdie onderwerp dwing hom al in my gedagte op. Ek wil hê jy moet daarvoor dink, want dit is 'n saak van geweldige belang. Met watter van hierdie twee klasse sal ons ons vereenselwig? Ons is nou besig om ons keuse te doen, en ons sal weldra onderskei tussen hom wat God dien en hom wat Hom nie dien nie. Lees die vierde hoofstuk van Maleagi, en dink ernstig daarvoor na. Die dag van die Here is ophande. Die wêreld het die kerk bekeer. Albei is een van doel en handel volgens 'n kortsigtige beleid. Protestante sal die regeerders van die land oorreed om wette te maak om die verlore verheuenheid te herstel van die mens van sonde wat in die tempel van God as God sit en voorgee dat hy God is. Die RoomsKatolieke beginsels sal onder die beskerming en sorg van die staat geneem word. Hierdie nasionale afval sal spoedig deur nasionale ondergang gevolg word. Die protes van Bybelwaarheid sal nie langer geduld word deur diegene wat nie die wet van God hul lewensreël gemaak het nie. Dan sal die stem uit die grafte van die martelare gehoor word wat voorgestel word deur die siele wat Johannes gesien het, wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus wat hulle bewaar het; dan sal die gebed van elke ware kind van God opgaan: "Dit is tyd vir die Here om te handel: hulle het u wet verbreek."

[45]

Toe ons aartsouers hulle verhewe bestaan weens oortreding verbeur het, is God se wet verbreek. Toe het Christus Sy taak as 'n Verlosser onderneem en is genade aan die bewoners van die wêreld verleen. In Noag se tyd het die mense die wet van God veronagsaam totdat daar naderhand byna nie meer aan Hom gedink is nie. Hul

goddeloosheid het sulke afmetings aangeneem, geweld, misdaad en elke moontlike sonde het so intens aktief geword, dat die Here 'n watervloed oor die wêreld gebring en die goddelose bewoners daarvan weggevoer het. Maar genade is by die oordeel gemeng. Noag en sy gesin is gered. In die verwoesting van Sodom en Gornorra sien ons dat die Here wel sal ingryp; vuur het uit die hemel neergedaal en daardie goddelose stede vernietig.

Van tyd tot tyd het die Here Sy manier van handeling bekend gemaak. Hy is bewus van wat op die aarde aangaan. En wanneer 'n krisis aanbreek het, het Hy Homself geopenbaar en ingegryp om die welslae van die Satan se planne te verydel. Hy het dikwels toegelaat dat sake by volke, by gesinne, en by individue tot 'n krisis ontwikkel, sodat Sy tussentrede kennelik kan word. Dan het Hy die feit bekend laat word dat daar 'n God in Israel is wat Sy volk sal onderskraag en verdedig.

Wanneer die trotsering van die wet van Jehova byna universeel is, wanneer Sy kinders deur hul medemense verdruk sal word, sal God ingryp. Die vurige gebede van Sy kinders sal verhoor word, want Hy wil graag hê dat Sy kinders Hom met die hele hart moet soek en hulle op Hom moet verlaat as hulle Verlosser. Hy sal gesmeek word om hierdie dinge vir Sy volk te doen, en Hy sal opstaan as die beskermer en wreker van Sy volk. Die belofte is dat die Here Sy uitverkorenes sal wreek wat dag en nag tot Hom roep.

[46] Die Protestante owerheid sal 'n eienaardige toestand bereik. Hulle sal tot die wêreld bekeer word. Hulle sal ook, in hul skeiding van God, trag om valsheid en afvalligheid van God die wet van die volk te maak. Pleks dat diegene wat die lig van die waarheid het, toelaat dat jaloesie en bose vermoedens inkom en hul liefde vir mekaar en hul eensgesindheid verswak, moet hulle verenigde gebede na die hemel opstyg dat die Here sal opstaan en 'n einde maak aan die geweld en misbruik wat in ons wêreld gepleeg word. Meer bid en minder praat is wat God verlang, en dit sal Sy volk 'n sterke toring maak. - *Brief 123, 1897.*

Uittreksels uit Ander Briewe aan die Wesselsfamilie [47]

Die Suurdeeg van die Waarheid (17 Februarie 1897)

Ons groot belangstelling moet in die werk van die Here wees. Die hele siel moet vol ywer wees om te arbei terwyl dit dag is; want die nag kom wanneer niemand kan werk nie. Die waar-skuwingsboodskap moet aan die wêreld gegee word. Ek durf nie onverskillig wees wanneer daar siele is wat gered moet word vir wie Christus gesterf het nie. Die suurdeeg van die waarheid moet ingevoeg word. Ons sien hoe stede word soos hulle was in die tyd van Noag, en soos Sodom en Gomorra. Die inwoners plant en bou. Hul drifte word deur speletjies, perdewedrenne en allerhande onmatigheid tot intense handeling geprikkel. Die koors trek deur elke aar en die hart pols van die rustelose gety van 'n onheilige emosie. Derduisende versink in 'n stomme lusteloosheid. Hulle slaap is so diep asof hulle 'n kragtige, giftige dwelmstof in het. Hulle is dood in sonde en ongeregtigheid. En tog word geen werk vir die Here in hierdie stede verrig nie. Die hele neiging is tot verderf, en die einde is 'n sedelike swakte wat dood vir die siel spel. Waarom sal ons ons nie verontrus nie?

Alleen die suurdeeg van die waarheid kan die mense van hierdie stede bereik. Daar moet op die hulp van die groot EK IS staatgemaak word. Die helende fontein moet verkondig word. "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink." Die balsem van die Heiland se liefde moet bekend gemaak word om die siele te genees wat deur sonde gekneus is. Die magtige vermoëns van die Heilige Gees, met sy lewendmakende, herstellende, vernuwende krag, moet op die verlamde siele toegepas word. Ek kan aan geen ander weg dink waarlangs ons hierdie werk kan doen nie as om mediese sendingwerk aan te pak. - *Brief 130, 1897.*

Teenkanters van die Waarheid (18 Mei 1897)

Die mans wat onlangs afvallig geword het, beweer dat die Sabbat nie juis belangrik is nie. Dit maak nie veel verskil of ons dit onderhou

[48] of nie onderhou nie. Hulle sê hulle verkondig heiligmaking, maar waar kom hul heiligmaking tereg? Hulle begin ontevredenheid saai deur hul foutsoekery Hier is dit waar hulle afgedwaal het, en hier is dit waar baie nog die spoor gaan byster raak. Om te kla oor ons broeders in die bediening, om agterdogtig te wees op die gawes wat die Here aan die kerk gegee het, om altyd iets verkeerds te sien in iets wat gesê of gedaan is, is om die vyand te volg. As iemand hierdie soort opvoeding verlang, sal die Satan hom op meesterlike wyse help. Nadat die kritiseerders alles uitgelap het wat vir hulle verkeerd voorkom, tree hulle in die fabriekswese en begin hulle doeke van valsheid te weef. Hulle misbruik die vertrouwe wat in hulle gestel word en probeer om die naam te beswadder van juis die mense wat hulle getrouste vriende was. - *Brief 126, 1897.*

Ellen White se Voorbeeld in Gee (17 Februarie 1897)

Ek het al my talente in geld en tyd, goue, Godegewe tyd, aan die diens van die Here Jesus gewy. Ek bou vir tyd en ewigheid. Ek draai elke pond om wat ek vir myself bestee, sodat ek geensins die middele wat ek in die opbouing van die saak van God kan belê, sal inkort nie. Ek is nie spyt dat ek dit gedoen het nie. Ons het moeilike tye deurgemaak, maar deur dit alles sê ons: Dit betaal. - *Brief 130, 1897.*

Die Euwel van Skinder (3 Februarie 1899)

Mense wat kwaad aanrig met hul skindertonge, wat tweedrag saai met selfsugtige idees en gedagtes deur jaloesie, agterdog of begeerlikheid, bedroef die Heilige Gees van God, want hulle werk teen God pleks van hulle met die doel van Christus te vereenselwig, pleks van te voldoen aan die gebed van Christus dat Sy dissipels een mag wees soos Hy een is met die Vader. Hulle slaan duidelik die weg in wat die Satan vir hulle afgemerkt het. - *Brief 20, 1899.*

Mediese Sendingwerk (11 November 1899)

Daar was 'n tyd in Amerika toe die saak van die Here ernstige behoefte gehad het aan hulp vir arbeid in nuwe velde. Die werk het met allerhande moeilikhede en teenspoed te kampe gehad. Waar dit ook al ontvang is, het die waarheid 'n seën met hom meegebring.

Die waarheid het die gesonkene opgehef, die kwaaddoener hervorm, die onkundige opgevoed, die treurende getroos, die tirannie van slawerny teë gehou en diegene bevry wat gebonde was. Dit het op verskeie gebiede hervormings teweeggebring. Die waarheid het, waar hy aangebied is soos in Jesus, vir hom 'n plek verseker in die vertrouwe van die wêreld, en dit moes vooruitgegaan en die een oorwinning na die ander behaal het. [49]

Die teenwoordige waarheid het 'n tydlank welslae gehad deur mense te beweeg om die Skrif te ondersoek. Dit het die aandag van mense getrek wat wetenskaplik ondersoek ingestel en die waarheid op alle gebiede nagevors het. Fisiese hervormings, intellektuele en sedelike voortreflikheid is aangebied, bestraal met Goddelike lig.

Waar die lig van die waarheid ook al deurgedring het en siele tot die waarheid bekeer is, is dieselfde resultate waargeneem. Hierdie resultate sal volg waar die waarheid nuwe gebiede binnegedra word...

In al hierdie gebiede moet die mediese sendingwerk met die evangeliebediening verbind word. In nuwe gedeeltes in die wingerd van die Here, die vreemde lande waar vooroordeel sterk is en die mense se gewoontes ingewortel is, kan die waarheid nie uit die staanspoor in al sy besliste aspekte aangebied word nie. Die mediese sendingwerk moet die weg voorberei sodat die waarheid ingang kan vind. Dan moet die Bybelwaarheid deur oordeelkundige manne aangebied word, manne wat toegerus is om die werk te doen omdat hulle self deur die Heilige Gees bearbei word. Dan sal hervormings beleef word. Die werking van die waarheid sal geopenbaar word in die opheffing van die gesonkene, die weerhouding van tirannie, die bevryding van die boeie van die mens en die hervorming van openbare administrasie.

As die werk in Afrika behoorlik uitgevoer was, sou die huidige oorlog nie gewees het soos dit tans is nie. Die aanbieding van die Bybelwaarheid vergesel van die mediese sendingwerk, sou guns gevind het in die oë van die mense wat, as hulle behoorlik behandel word, nie verraderlik en wreed is nie. Die waarheid wat deur hulle aangeneem is, sou meer daadwerklike veranderinge teweeggebring het as wat aan die dag gelê is in 'n sogenaamde Christenvolk aan wie die evangelie verkondig is. — *MS 178, 1899.*

Eenheid in die Kerk (15 Februarie 1900)

[50] Die Here verlang dat Sy kerk gereinig moet word van alle stryd en tweedrag. Elke fase van die karakter moet beantwoord aan die karakter van Jesus Christus. Dan sal eenheid as 'n gewisse gevolg beleef word. Verdeeldheid is die vrug van die werk van die Satan. Diegene wat God liefhet en Sy gebooie onderhou, sal altyd die sagmoedigheid en nederigheid van Christus openbaar omdat hulle onderrig is in die skool van die groot Leermeester. Ons het behoefte aan die werking van die Heilige Gees. Daaglik voel ek behoefte aan groter geloof en groter krag in die geloof om die karakter van Christus aan ons wêreld voor te stel. - *Brief 24, 1900.*

Selfverloëning vir die Werk (15 Februarie 1900)

Elke siel is kosbaar vir die Here, en ek wonder wat gedoen kan word vir die verlate velde waar die kudde van die Here sonder herder sit. Ek het gedink dat as elke Sewendedag-Adventistegesin gedurende die jaar 1900 elke onnodige en selfsugtige uitgawe sou besnoei en die geld wat so bespaar word in die skatkis van die Here sou sit, daar "voedsel in sy huis" sal wees. 'n Ryke seën sal rus op diegene wat hulself so verloën. Die Here sal hulle meer gee om te gee. Ons het hierdie vrugte van selfverloëning op die oomblik so dringend nodig om vrouesendelinge in die veld te onderhou. O, hoe het my siel nie gedors na die pennies en sjielings en ponde wat deur die vingers glip van diegene wat nie besef hoeveel hulle vir selfverheerliking uitgee nie. Christus honger en dors na die geld wat mans, vroue en kinders agtelos vir selfbevrediging uitgee. As hulle hul drange wou verloën kon hierdie geld gebruik word om kosbare werk vir Christus te verrig. Hy sê aan almal, oud en jonk: "Ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle."

Daar is werk nodig aan die volk van God sodat hulle hul vermoëns reg kan aanwend. God verlang dat elkeen sy deel sal doen om geld te spaar vir die baie hulpkrete wat ontvang word om die werk van God voort te sit. Hierdie werk moet nooit ophou nie; dit moet voorsiening maak om te onderrig, onderrig in die kennis van

die Woord van God; dit moet die Skrifte oopslaan vir diegene wat in duisternis verkeer. - *Brief 24, 1900.*

Die Mens se Verhouding tot Sy Medemens (20 Junie 1903)

In die bestel van die Here is die mens vir mekaar nodig gemaak. As almal hul bes wil doen om diegene te help wat hul hulp, hul onselfsugtige simpatie en liefde nodig het, watter salige werk sou nie verrig kon word nie. God het aan elkeen talente toevertrou. Hierdie talente moet ons gebruik om mekaar te help om die enge paadjie te bewandel. In hierdie werk is elkeen aan die ander verbonde, en almal is met Christus verenig. Dit is deur onselfsugtige diens dat ons ons talente verbeter en vergroot. [51]

Die lede van die kerk van God op aarde is soos die verskillende dele van 'n masjien, almal nou aan mekaar verbonde en almal nou aan een groot middelpunt verbonde en afhanklik daarvan.

Daar moet eenheid in verskeidenheid wees. Geen lid van die Here se onderneming kan onafhanklik, afsonderlik van die ander, met welslae funksioneer nie.

Daar is baie wat nie'n helder, duidelike begrip het van die verhouding van die mens tot sy medemens in die werk van die Here nie. Die lede van Gods kerk staan in noue verband met mekaar. Almal moet die vermoëns wat aan hulle toevertrou is, in Sy diens gebruik, sodat elkeen tot vervolmaking van die geheel kan dien. Almal moet onder die toesig van God werk. Deur Christus se wonderbare vereniging van die Godheid met die mensheid het ons die versekering dat ons selfs in hierdie wêreld deelgenote van die Goddelike natuur kan word, nadat ons die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.

Dit is in God se beskikking dat elke gelowige'n hulp moet wees vir diegene wat nog nie deelgenote van die Goddelike natuur geword het nie. Christus het onderneem om saam te werk met diegene aan wie Hy talente toevertrou het. Hy het Hom beskikbaar gestel om ons op te lei om Sy medewerkers te wees. Hy sal ons help om Sy voorbeeld te volg, deur goed te doen en te weier om kwaad te doen.

Ons moet gewyde kanale wees waardeur die liefde van Christus vloei na diegene wat hulp nodig het. Elke ware werker is met hemelse instrumentaliteite verbind. Aangaande die engele word gesê: "Is

hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?” Christus stuur Sy lig aan diegene wat die vensters van die siel na die hemel oophou. Onder die invloed van die Heilige Gees doen hulle die werk van God. Hy wat die naaste aan gehoorsaamheid aan die wet van God kom, sal die nuttigste vir God wees. Hy wat Christus navolg en na Sy goedheid, Sy barmhartigheid en Sy liefde vir die mensdom reik, sal deur God as ‘n medewerker aanvaar word. So ‘n mens sal nie tevrede wees om geestelik onder op die vlaktes te bly nie. Hy sal gedurig hoër en hoër reik. - *Brief 115, 1903 (Gebruik in Our High Calling, bl. 182.)*

[52]

Beroep om Christus na te Volg (9 Oktober 1903)

Christus is die toetssteen van alle harte. Hy is die openbaarder van die Vader en van die Vader se liefde. “So lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” “Ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.”

Christus is ook die openbaarder van die hart van die mens. Hy is dit wat die sonde aan die kaak stel. Deur Hom sal almal se karakters getoets word. Aan Hom is alle oordeel oorgelaat, “want Hy is die Seun van die mens.”

Wat is dus die werk wat u moet doen? U moet die dierbare Heiland as u heel beste Vriend ontvang en Hom vereer deur Sy wil te doen. “Almal wat Hom aangeneem het” - wat Hom bo alle ander vriende verkies het - “het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo.” Ontvang Hom as u lig en lewe. Hy het u so lief gehad dat Hy gesterf het sodat u vir ewig kan leef. Glo in Hom. Beskou Hom as u beste en getrouste vriend. Kom na Hom toe en sê: “Here, ek gee myself aan U net soos ek is. Ek het baie jare verkwis van die lewe wat U losgekoop het met die offer van U eie lewe. Sal U my vergewe?”

Christus het dit vir u moontlik gemaak om as lid van die koningsgesin aangeneem te word, ‘n kind van die hemelse Koning. Die Heiland sal u ontvang as u na Hom toe kom, en sal u krag gee om te oorwin. Hy sê: “Dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die

enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.” Wil u nie hierdie groot gawe van die lewe, die ewige lewe in die koninkryk van God, waardeer nie? Lees in die Skrifte die voorregte wat aangebied word vir diegene wat vir Christus lewe, en u sal sien dat diegene wat vir hulleself lewe, eindelik alles sal verloor. Moenie toelaat dat die wêreld u gedagtes in beslag neem nie. Neem stelling in aan die kant van Christus. Wees gewillig om in die beproewinge en teleurstellings en selfverloënings te deel wat Hy verduur het in die lewe wat Hy vir ons op aarde kom lei het. - Brief 226, 1903.

Aan ‘n Jonger Christen (Oktober 1903)

Neem jou plek in waar jy jou verstandelike vermoë die voordeeligste vir Hom kan gebruik. Maar dit is nie al nie. Jou liggaamlike kragte moet in Sy diens gebruik word. Om sterk te kan word, moet jy jou liggaamlike kragte oefen. Geen jongmens kan gedurig studeer of sitwerk doen en verwag dat sy liggaamlike, verstandelike en sedelike kragte harmonieus sal funksioneer nie. Elke deel van die lewende masjinerie moet gebruik word. Gees en liggaam moet oefening kry. [53]

Onthou jou streng aan alle prikkelende voedsel of drank. Jy is die eiendom van God. Jy mag geen liggaamsdeel misbruik nie. Jy moet jou liggaam mooi oppas, sodat die hele mens volmaak kan ontwikkel. Is dit nie ondankbaarheid van jou kant om enigiets te doen wat jou lewenskragte so sal verswak dat jy nie in staat sal wees om Hom behoorlik voor te stel of om die werk te doen wat Hy vir jou uitgesit het nie?

Jou tyd behoort aan Hom wat jou teen onberekenbare prys gekoop het. Hy wil hê dat jy jou vermoëns sal gebruik om eer aan Sy Naam te bring. As jy in die verlede nie besef het dat jy nie aan jouself behoort nie en dat jy nie kan maak soos jy wil nie, maar dat jy aan die Here behoort deur sowel jou skepping as verlossing, sal jy nie nou die tyd uitkoop nie? Probeer om ‘n nuttige lewe te lei - ‘n lewe wat verhef en veredel word deur die gedagte dat jy die eiendom van God is. Probeer om jou te verbeter, sodat jy jou Eienaar tot die grootste moontlike nut kan wees. - *Brief 236, 1903.*

Wonderwerke in die Laaste Botsing (1 Maart 1904)

Dit is onmoontlik om 'n idee te gee van wat die volk van God sal beleef wat op die aarde sal lewe wanneer die wee van die verlede en die hemelse heerlijkheid in mekaar sal vloei. Hulle sal wandel in die lig wat van die troon van God straal. Deur middel van die engele sal daar gedurige verbinding tussen hemel en aarde wees. En die Satan, omring deur bose engele en wat beweer dat hy God is, sal allerhande soorte wonderwerke verrig om, indien moontlik, selfs die uitverkorenes te mislei. Die kinders van God sal nie hul veiligheid in die verrigting van wonderwerke vind nie; want die Satan sal enige wonderwerk wat moontlik verrig kan word, naboots. God se beproefde kinders sal hul krag vind in die teken waarvan in Exodus 31:12-18 gepraat word. Hulle moet hul standpunt inneem op grond van die lewende woord: "Daar is geskrywe." Dit is al fondament waarop hulle veilig kan staan. Diegene wat hulle verbond met God verbreek het, sal in daardie dag sonder hoop en sonder God in die wêreld wees.

[54] Die aanbidders van God sal veral onderskei word deur hul agting vir die vierde gebod - omdat dit die teken van Sy skeppingsmag is en die getuienis van Sy aanspraak op die mens se aanbidding en eerbied. Die goddeloses sal gekenmerk word deur hul pogings om die Skepper se gedankdag te vernietig en die instelling van Rome te verhef. Op hierdie geskilpunt sal die hele Christendom in twee groot klasse verdeel wees die wat die geboorte van God onderhou en die geloof van Jesus het, en diegene wat die dier en sy beeld aanbid en sy teken ontvang. Hoewel kerk en staat hulle sal verenig om te sorg dat "almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe" (Openbaring 13:16) die merk van die dier ontvang, sal die kinders van God dit tog nie ontvang nie. Die profeet van Patmos het "die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam,... by die see van glas sien staan, met siters van God" (Openbaring 15:2), terwyl hulle die lied van Moses en die Lam sing.

Verskriklike beproewinge wag op die kinders van God. Die gees van oorlog sweep die nasies van die een end van die aarde na die ander op. Maar te midde van die tyd van benoudheid wat aan kom is - 'n tyd van benoudheid soos daar nog nie was vandat daar' n nasie

was nie - sal God se uitverkorenes onwrikbaar staan. Die Satan en sy engele kan hulle nie vernietig nie; want engele van uitnemende krag sal hulle beskerm. - *Brief 119, 1904. (In Selected Messages, Deel 2, bl. 54, 55) .*

[55] **Vier Briewe aan 'n Vooraanstaande Sendingwerker
in Afrika**

Brief A (Julie 1892)

**North Fitzroy. Victoria
Julie 1892**

Geagte Broeder:

... Daar is lesse wat elke kind moet leer in verband met onwrikbare vertroue en onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Jesus het Sy lewe vir ons gegee, sodat ons nie verlore hoef te gaan nie, maar in Hom kan glo en die ewige lewe kan hê. En sal ons God vir een oomblik wantrou wanneer Hy ons so baie bewyse van Sy liefde gegee het? Nee, nee; my siel roep uit na die lewende water sodat ek ander kan verkwik...

As'n volk moet ons selfverloëning en spaarsaamheid beoefen.

Elke siel moet 'n offerverbond met God maak. Ons moenie geld op ekstra duur klere en weelderige huisraad uitgee nie. Ons is pelgrims en vreemdelinge op soek na 'n beter land - 'n hemelse. Die tyd is kort, en elke dollar wat nie noodsaaklik is om gebruik te word om in positiewe behoeftes te voorsien nie, moet as'n dankoffer aan God gebring word. Dit behoort aan die Here, en die Here het aan my getoon dat huise van aanbidding en skoolgeboue deur hierdie land en op die eilande van die see opgerig moet word; ons leiers nie ter wille van vertoon moet bou of om uiting aan ambisie en trots te gee nie. As die Here hulle bo hul broeders in ander lande begunstig het, laat hulle diegene wat hulp dringend nodig het om 'n staanplek te kan hê, met ware vrygewigheid bystaan, sodat karakter aan die werk gegee kan word.

Die Here is geen aansienner van persone of plekke nie. Die werk is een groot geheel. Die wêreld is ons akker en ek het sterk beroepe op ons broeders in Amerika gedoen om hul behoeftes in te perk en om alles in 'n eenvoudige, ingetoë en gerieflike styl in te rig wat pas by ons geloof.

Met die oog op die feit dat die Here oorvloedige middele in die hande van Sy diensknegte gesit het om nie verkwistend gebruik te word nie, maar verstandig, nie uitspattig nie maar spaarsaam, na die behoefte van die geval, behoort daar nie 'n tekort aan middele in die skatkis te wees nie, maar 'n ruim voorraad om te voorsien in die behoeftes vir ons tyd, om die banier van die waarheid in baie donker plekke van die aarde te plant. Maar die seëninge waarmee die Here Sy rentmeesters bedeel het, word, op weinige uitsonderinge na, misbruik en in selfsugtige ondernemings belê waar die Here nie lei nie. Elke dollar moet versigtig omgedraai word, sodat dit nie bestee word om onself te behaag of om ons hoogmoed in duur geboue te streel nie, maar dat dit sal dien om Sy koninkryk op aarde te vestig ooreenkomstig die gebed van Christus: "Laat u koninkryk kom. Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde." Laat die werke pas by die gebed, want die mense is die mediums deur wie die Goddelike kragte werk. "Ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle." Die werk van die Here roep oral om werkers. Soos God mildelik gee, moet ons berekenend, biddend besluit dat ons God met ons middele sal vereer, en met die eersteling van ons oes.

[56]

Alles behoort aan God en al die goeie wat die mens geniet, is die vrug van Goddelike weldadigheid. Hy is die groot en mildelike Gewer. God lê Sy hand op alle besittings en sê: "Ek is die regmatige eienaar van al hierdie dinge." O, dat die harte van die kinders van God maar net ontroer kon word! Elke mens aan wie die Here goedere toevertrou het, sal deur die vyand in die versoeking gebring word om dit van sy regmatige doel te weerhou. Die Satan sal trag om die middele elders te bestee sodat dit nie die saak van God kan dien nie...

Siele smag na die brood van die lewe, na die waters van verlossing. Daar is nie nou tyd om grootdoenerig te bou nie. Laat alles geskied met die enkele doel om God te verheerlik. Ons moet die kruis van Golgota aan al die volke, nasies en tale voorhou; maar pleks van dit te doen, steek baie die talente van hul vermoë onder die maatemmer weg, en die middele wat gebruik moet word om die werk voort te sit, word in die wêreld begrawe.

Lig die kruis hoër op, sodat baie dit kan sien en leef. Christus het vir die wêreld gesterf, en Sy bevel is: "Gaan die hele wêreld

[57] in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.” Die Here sal ons nie so’ n opdrag gee sonder om voldoende middele vir die taak tot ons beskikking te stel nie. Sal die mense hulle as getroue rentmeesters kwyt en die middele van God bestee waar dit gebruik moet word? Sal siele wat verhongers is na die brood van die lewe die hemelse manna ontsê word? Wie sal opoffer om Christus wil? Sal die kerk wat beweert dat hy die waarheid glo, die met bloed gekoopte kerk, hierdie taak onderneem?

As jy bekend is met die genade van onse Here Jesus Christus, as Sy liefde jou hart kan ontroer en Sy heerlikheid vir jou kosbaar is, wees dan getrou aan wat aan jou toevertrou is. Verenig jou invloed met dié van die hemelse kragte, en wy jou Godgegewe energieë, jou toevertroude talente aan die werk van sielredding. Jou talente sal toeneem soos jy siele vir Christus wen. Paulus kan plant en Apollos natmaak, maar God gee die wasdom. God vra die samewerking van ‘n toegewyde kerk. Hul samewerking met Hom sal toon dat hulle waarlik glo wat hulle verkondig. Laat die kinders van God hulle geloof deur hul dade bewys. Elkeen het ‘n plig voor God om alles moontlik te doen om siele vir Christus te wen. God vra om die toewyding van siel, liggaam en gees aan die werk.

Tensy die waarheid die siel heilig, tensy dit tot nederigheid en sagmoedigheid lei, tot selfverloëning en selfoorgawe, sal die vyand aan invloed toeneem. Laat die arbeid strook met die heilige waarheid wat sy oorsprong in die hemel het. Die Heilige Gees sal gegee word en die kerk sal konsekwent wees en sal die opdrag vervul: “Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die Here gaan oor jou op. Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jou sal die Here opgaan, en sy heerlikheid sal oor jou gesien word.” Hulle sal nie vir hulleself lewe nie, maar vir Christus wat vir hulle gesterf en weer opgestaan het, en wat leef om vir die heiliges in te tree.

In God kan ons kloekmoedig wees, want die Here sal die hart deur Sy Heilige Gees besiel en daagliks by die geloof voeg die wat gered word. Hoe brand my hart om ons broeders in Amerika te beweeg om na Jesus op te sien, om Sy lewe en karakter te bestudeer en om belangeloosheid, selfverloëning en toewyding aan die diens van Christus aan die dag te lê, waardeur hulle ‘n invloed ten goede in die wêreld kan word.

Broeder___, sê vir almal wat in Afrika arbei, hulle moet karakters hê wat uitgeken sal kan word as soos dié van Christus. Eiendom sal ons nie van 'n karakter voorsien nie; maar eenheid met Christus sal elke stap wat ons doen met rente beloon, krag aan al ons handelinge gee en ons in voeling bring met Christus se volmaaktheid. - *Brief 23c, 1892.*

* * * * *

Brief B (2 September 1896)

[58]

Sunnyside, Cooranbong

2 September 1896

Liewe Broeder :

... Ek sou jou en jou gesin graag wou sien, maar ek glo nie dat ek die voorreg sal hê nie. Mag die Here jou toenemende geloof en moed in Hom gee. Moenie op enige mens staatmaak om jou dinkwerk vir jou te doen nie. Dink, en span elke Godgegewe vermoë in. Ver wag dat die Here in en deur jou sal werk. Moenie jou ywer laat verflou nie. Moenie jou identiteit in enige mens s'n laat verdwyn nie. Jy kan veilig een met God wees. Jy kan met jou hele wese by Hom skuil. Wees geen mens se skaduwee nie. "Ons evangelie het tot julle nie gekom in woord alleen nie, maar ook in krag en in die Heilige Gees." Die woord en die Gees kom ooreen. Die werktuig en die werker werk saam. Die waarheid word uitgebeeld as die swaard van die Gees. Geen lendelam boodskap moet van ons lippe kom nie. "Die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard." Dit maak die Woord 'n krag.

Moet nie, ek smee jou, in 'n gebrek aan geloof verval nie.

Staan op en laat jou lig skyn, want die heerlijkheid van die Here gaan oor jou op. Glo, glo sonder'n sweem van twyfel dat God jou gebede hoor. As jy swak en onwaardig voel, Hy is jou sterkte. Die Woord is vol oorvloedige beloftes van God aan ons, en die Gees kom ons in ons swakhede te hulp om hierdie beloftes af te smee. Die Woord toon die weg aan, en die Gees help ons om daarin te wandel. Dit is noodsaaklik dat jy met al jou mag aan die Here vashou. Die woord is die saad van die Gees, en die Gees is die lewendmakende krag. Wees standvastig, en vol geloof en vertrou in God.

Die sendingwerk in Suid-Afrika lê my swaar op die hart. Ek hoop waarlik jy sien nie na mense op nie, dat jy nie op mense vertrou nie, maar dat jy na God sal opsien en in God sal vertrou. Ons kan groot dinge verwag, selfs die diepe roeringe van die Gees van God, as ons geloof in Sy beloftes het. Ons grootste sonde is ongeloof in God. [59] Het Hy ons nie getoon hoe kosbaar ons in Sy oë is en watter waarde Hy aan ons siele heg deur ons Jesus te gee nie? Van ons word vereis om ons siele met Jesus Christus te verenig sodat ons geen lendelam, kragteloze belewenis kan hê nie.

Staan vas in God, arbeid met voile vertroue in God. Daaglik het ons 'n ware bekering nodig. Verenig jou hart met God deur 'n geloof wat nie wil laat los nie. Hy is die vriend van sondaars. Jy word uitgenooi om jou swakheid met Sy krag te verenig, jou onkunde met Sy wysheid, jou nietigheid met Sy voortrefflikheid, jou kragteloosheid met Sy blywende mag. Sal jy dit doen?

Ek smee jou by die genade van God dat jy geheel en al op Christus leun. Pleks van jou oë na Battle Creek te rig, rig hulle hemelwaarts, en beroep jou op God. Dit is 'n vreeslike gewoonte wat ons mense aangeleer het om raad by die mens te soek pleks van na die Here te gaan, wat die bron van alle wysheid, genade en bekwaamheid is. Sy kerk is met Hom getroud en sal met Hom in Sy koninkryk deel, 'n mede-erfgenaar van Jesus Christus. Die mede-erfgenaar het die versekering dat hy bemin sal word soos God Sy Seun liefhet.

Streef na die inwoning van die Heilige Gees. Jy moet in jou Godgegewe persoonlikheid voor die hemel staan. Jou hart moet verenig wees met die hart van Christus, jou lewe deurweef met die onsigbare weefsels van Sy lewe. Omdat Hy leef, sal jy ook leef. Jou belange moet verenig wees met die belange van Jesus Christus. Dan sal jy deur die geloof in die krag van God bewaar word.

Praat geloof. Saai die saad van die geloof. Lig die hande hemelwaarts om hulp. Bewapen jou met die gees wat in Christus Jesus was. Jy kan veel meer vertroue in God aan die dag lê wat jou Sy eniggebore Seun gegee het om vir jou sonde te sterf, as jy net tot God wil bid en nie soseer tot Battle Creek - na mense wat foute begaan nie. Verenig jou met die Here in 'n ewigdurende verbond wat nie vergeet sal word nie. Die Here is gewillig en gretig om jou te onderrig. Sal jy toelaat dat Hy jou leer, of moet jou onderrig van

Battle Creek af kom? Jy het die voorreg om sterk in die Here te word, of jy kan verkies om jou te verlaat op die gesag van Battle Creek, om sodoende swak en weifelend te word. Sien op na God, en verwag dat Hy jou sal lei, jou sal sien en help. Hy het 'n hemel vol ryke seëninge vir elkeen wat in die geloof daarna vra.

Wanneer jy terneergedruk voel en in die dieptes afsak, bid.

Hou in die gebed vas aan daardie arm wat uitgestrek is na 'n sinkende Petrus. Dit sal jou moed en lewenskrag gee, en suiwere, onvervalste wysheid. Ons mense behoort te verstaan waar hul krag vandaan kom. Ons versterkings kom van God. In jou swakheid, hou vas aan die perkelose krag, en die mense sal sien dat jy die vaste rots van God se beloftes onder jou voete het. Jy moet jou hart afwend van menslike stutte. As jou hart na Jesus reik in liefdevolle vertroue, sal jy sterk wees. Jy sal sê: Broeders, skep moed in die Here. Maar as die mense sien dat jy aarsel om te waag en verantwoordelikhede te aanvaar, sal hulle dink: Wel, hy is swak en kan ons nie raad gee nie.

[60]

Wees sterk en praat hoopvol. Baan jou weg deur struikelblokke. Nader jou Heiland met die voile versekering van die geloof, en sluit jou hande in Syne. Volg God waar Hy lei. Wat Hy ook al vir jou sê, doen dit. Hy sal jou net so gewilliglik leer as wat Hy iemand anders vir jou sal onderrig.

My broeder, jou Christelike ondervinding is te weifelend, te besluiteloos. Verander hierdie houding. Beklee jou met die Here Jesus Christus. Praat soos een wat weet waarvan hy praat, en jy sal 'n getuienis hê soos die van Kaleb. Ons sal in staat wees om op te gaan en die goeie land in besit te neem. Hou vas aan Jesus, en rig jou gebede tot Hom, en nie na Battle Creek nie. - *Brief 92, 1896.*

* * * * *

Brief C (30 September 1896)

“Sunnyside, “Cooranbong .

30 September 1896

Geagte Broeder:

... Diegene in Afrika wat beweer dat hulle die waarheid glo, het behoefte aan besliste, ernstige pogings ten behoeve van hulle.

[61] Die sukkelende kuddetjie het 'n ferme, besliste getuienis nodig. Christus is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Dit is die krag van die Heilige Gees wat nodig is. Daar is by jou en by die kudde van God 'n selfgenoegsame gevoel wat verbreek moet word. Die Gees van God is 'n oortuigende krag. Wanneer dit oor die kerk geblaas word, sal daar 'n gewisse verandering in hul geestelike vermoë wees. Die Here God is gereed om te gee, maar baie is nie bewus van hul behoefte om te ontvang nie. Hulle is swak, waar hulle sterk kon gewees het; kragteloos, waar hulle magtig kon gewees het deur die werkdadigheid van die Heilige Gees te ontvang. Hul lig is dof. Wek hulle op uit hul selfgenoegsame, eiegeretige toestand.

Vanuit diegene wat die lig en die waarheid sien, moet die boodskap uitgaan met 'n krag wat hulle nie het nie en nie eers besef hoe dringend nodig hulle dit het nie. Wanneer hulle wel die Magtige deur 'n lewende geloof aanneem; wanneer die waarheid vir hulle 'n lewende werklikheid word, dan sal hulle sien hoe 'n werk gedaan word waarvan hulle op die oomblik nie droom nie. Daar heers 'n lomerige onverskilligheid by die mense wat op die grense van die ewige wêreld staan. Hulle het sendingwerk om te doen, onteenseglike getuienisse om te lewer. Die basuin moet 'n gewisse klank gee in waarskuwings, in teregwysings, in smekinge. Almal moet ernstig arbei om verlore gaande siele te probeer red.

Wat is dié doodsheid? Waarom dié gees van selfgerigheid?

Die tyd gaan verby! Die einde is naby! Wie probeer jy red uit die put van verwoesting? O, dat God net wou adem in hierdie wêreldsgesinde mense. O, dat hulle in hul diepste wese kon besef dat hulle moet waak en bid, dat daar talente aan hulle toevertrou is wat hulle nou moet gebruik, op hierdie oomblik, telkens wanneer God om hul gawes vra om Sy werk in die wêreld te verkondig. Hoor hulle die stem van God sê: "Julle is die lig van die wêreld"? Verbeeldingsvlug en drome en 'n kennis van die waarheid is nie genoeg nie. Elke gelowige moet sy lig by die Goddelike altaar aansteek. Almal moet skyn, omdat die lig van die waarheid oor hulle skyn en hulle nie anders kan as om te skyn in die sedelike duisternis van die wêreld nie.

"Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word?" Lees Openbaring, lees dit van die begin tot die einde. Moenie net lees nie, maar bestudeer dit ernstig,

vasberade om dit te verstaan. “Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is.” Lees hoofstuk 2:1-5. Daar is ‘n eerste werk wat wag om gedoen te word. “Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.” Kyk ook hoofstuk 3:1-8.

Ek kan nie nou baie skryf nie. Ek het so baie vir die laaste pos geskryf dat ek te moeg is om te skryf. In die nag was ek in ‘n gesprek met jou in gesigte terwyl ek in my bed was. Ek het gesê dat die groepie gelowiges hul Godgegewe taak verwaarloos. Hulle verkeer in die toestand wat Christus voorstel deur die sout wat laf geword het. Hulle het die Heilige Gees nodig en hulle sal Hom nie ontvang tensy hulle wakker word en die werke van Christus doen nie. Hulle moet die lig wat die Here hulle gegee het, aan die wêreld gee. Tensy hulle die waarheid in die praktyk uitleef, sal die waarheid nie hul eie siele of die siele van ander heilig nie. Met harte vol erns en lig moet hulle die lig wat hulle ontvang het, aan andere meedeel. “Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.”

[62]

Hier is julle taak - om siele na die fontein van die water van die lewe te neem. Almal wat die waarheid in hul eie harte as ‘n lewende beginsel het, ‘n allesdeurtrekkende invloed, sal ‘n lewende getuienis kan gee aan diegene wat in duisternis en dwaling verkeer. Daar is, dank God, ‘n immerlewende Gees om ons in alle waarheid te lei. Maar dit moet meegedeel word, nie in ons eie harte opgesluit word nie. Hierdie Gees, wat ons in alle waarheid sal lei, moet aan ander bekend gemaak word, en dit sal hulle lei. Die Woord, die kosbare Woord, moet soos die vlees van die Seun van God geëet word. Daar moet geen lustelose, lomerige getuienisse wees nie.

Pleks van twyfel te saai, versterk die geloof deur elke woord, gesindheid en handeling. Maak dit bekend dat ons ‘n lewende Heiland het, ‘n ware, geestelike lewe, om te ontvang en mee te deel. Lei ander wat nou op skuifsand verkeer om hul voete op vaste rots

te plaas. Daar is siele wat gelaaf moet word, baie wat die blydschap van die verlossing in hul eie siele sal vind. Hulle het 'n fout gemaak, hulle het nie die regte karakter gebou nie; maar God het 'n vreugde wat Hy vir hulle wil teruggee, ja die vreugde van Sy Gesalfde. Dit sal doeltreffendheid en geluk en 'n geheiligde versekering bring, 'n lewende getuienis. Sê vir die arme terneergedruktes wat die pad byster geraak het, dat hulle nie hoef te wanhoop nie. Daar is genesing, reiniging vir elke siel wat na Christus sal kom. Daar is balsem in Gilead, daar is 'n geneesheer.

[63] In ure wanneer wolke die siel omhul, is Christus nie ver van elkeen van ons nie. Na wie toe sal ons gaan indien nie na die Sondedraer, die groot Geneser van die mens se wee nie? "U het die woorde van die ewige lewe." Daar is blydschap vir diegene wat hul vertrouwe in Hom stel en die geloof beoefen wat uit liefde werk en die siel reinig. Jesus sê: My blydschap sal in julle wees en julle vreugde sal volkome wees. "Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag." 'n Verlamming het ingesluit in die geestelike spiere en senu's van die kinders van God. Staan dus nou op, op hierdie oomblik, sonder versuim. "Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is." - *Brief 93, 1896.*

* * * * *

Brief D (8 Maart 1897)

"Sunnyside," Cooranbong

5 Maart 1897

Geagte Broeder

... Een ding is seker. Jy sal of meer van die olie van die liefde, van deernis en simpatie, met jou werk moet meng om jou styfheid en kilheid te laat wegsmeel, of jy sal nie sukses hê in 'n land soos Afrika nie. Hierdie land het manne nodig wat rotsvas op hul beginsels is en wat ook die eenvoud en die liefde van Christus het. Sulke mense kan hulle by omstandighede aanpas; hulle sal nie 'n indruk van stroefheid en kilheid en hardheid op die gemoedere van ander laat nie. Jy het nodig om gedoop te word in die vrolike sonskyn van die geregtigheid van Jesus Christus, en om veel minder te he van - wat sal ek dit noem? - die drang om jou sienwyses te laat geld, wanneer

dit vir jou beter sal wees om te glo dat jou sienswyses kan en moet gewysig word ...

Jy het die liefde van Christus in jou hart nodig, en dan sal jy samewerking verkry, maar wanneer daar dinge verkeerd tussen julle broeders is, hanteer jy dit op so 'n wyse dat dit 'n gees van weerstand en rebellie opwek by die een wat na jou mening in die ongelyk is. Jy het nie die liefde, die begrip, die teerheid van Christus in jou werk ingeweef nie. As jy dit gedoen het, sou jy met jou liefde omring het; as jy hom aan jou hart gebind het met die tedere koorde van liefde, sou jy hom gered het. Maar jy het hom laat wegwyk, in jou hart bly dat jy nie meer moeite met sy geval sal hê nie.

Ek skryf dit nie om jou te veroordeel nie, maar om jou te waarsku. [64] Laat jou tong in die liefde en grasia van Christus gedoop word. As hierdie liefde 'n ingewortelde beginsel in jou hart is, sal jy beter weet hoe om te alle tye met jou broeders om te gaan. Jy sal nie so styf afsydig staan en so vaskleef aan jou eie idees, ongeag die gevolge nie.

Die regte teorie van die waarheid is prysenswaardig en noodsaaklik; maar die liefde van God, wat alle teorieë behoort te doop, het die mag om alle harte te bereik. Dit is hierdie liefde wat jy nodig het. Jy het die vog van die dou van die hemel nodig, die versmeltende, versagtende, onderwerpene invloed van die Gees, op die hart. As jy in hierdie atmosfeer gewoon het terwyl jy in Afrika was, sou jy as 'n medewerker van Jesus Christus gearbei het, as 'n hersteller.

Ek bespreek hier met jou wat ek aan geen ander mens geskryf of gesê het nie. 'n Verandering moet oor jou kom deur die roerende, versagtende liefde van God, 'n verandering wat jou die geloofs-briewe sal besorg dat jy 'n liefhebber van siele is. Ek dink ek het so duidelik gepraat dat jy sal probeer om Christus se weë en metodes by Hom aan te leer, en om meer van die sonlig en vreugde van die waarheid, die helderheid van die Son van Geregtigheid, in jou eie individuele lewe in te voer. Laat jou eie hart breek; laat die roetine en presisie verbreek word. Kyk op na Jesus, en nie na mense nie, om jou te sê wat om te doen. Vang die Goddelike lig op van die Lig van die wêreld, en weerkaats dit op die pad van ander om vorm te gee aan die werk in Afrika.

Die eenvoud van Christus, die versagtende liefde van Jesus, sal tot die harte spreek wanneer die blote stelling van die waarheid niks

sal uitrig nie. Die eie ek moet nie as 'n spesialiteit ingesleep word nie; dit moet met Christus in God verborge wees...

Dit is baie delikaat om met die mensegees te werk. Jy kan onge-
naakbaar staan en nooit, nooit hul harte versag nie, of jy kan baie na
aan die geteisterde siel kom en hom met 'n hart vol liefde weglei van
die vyand se slagveld, en hom nie daarheen dryf en hom daar laat
om die prooi van die Satan se versoeking te word me.

[65] Ek sal vir jou bid, maar om Christus ontwil, jaag die sagmae-
digheid, die eenvoud en die liefde van Jesus na. Laat Sy liefde elke
versperring afbreek. Kom na aan jou broeders. Jy hoef nie in 'n
enkele geval verkeerde dinge te duld nie, maar jy kan harte beïndruk
dat jy verlang om met Christus saam te werk om die siele te red vir
wie Hy gesterf het. Ek smeeek jou om God te soek. Ek dring by jou
aan om die deur van jou hart oop te maak en om die liefde en tedere
simpatie van Christus in te laat, en om dit dan uit te gee in sagte
woorde en liefdewerk. Mag die Here jou wysheid gee, is my gebed.

NS. My broeders, ons moet almal verstandig en intelligent te
werk gaan. Seremonies en vorms moet nie so onmisbaar word dat
dit 'n rigsnoer word vir hoe die Here Sy werk moet verrig nie. Die
wêreld en die héle samelewing word as wanordelik beskou. Idees en
metodes en vernuftige instellings word gebruik om dit te hervorm,
maar die stelsel is byna geheel en at van die mens afkomstig. Die
verandering wat noodsaaklik is, is bekering van dwaling na waarheid.
Die tempel lê verwoes, en enige poging om dit met dieselfde ou
materiaal te herbou, is nutteloos. Net die krag van God kan die
mens se karakter vernuwe en hom in hart en gees na die beeld van
Christus hermaak, want selfs die gedagtes moet aan Jesus Christus
onderdanig gemaak word. Dink net aan die werk wat gedoen moet
word. God neem die sondige mens, 'n wurm in die stof, hermaak
hom, en maak hom geskik om 'n lid van die hemelse gesin te wees,
'n metgesel deur die ewigheid van die engele en van Jesus Christus.
Hy wat hom aan hierdie proses onderwerp, sal die aangesig van God
sien en met Hom gemeenskap hou.

Al die seremonies ter wêreld kan nooit die mensegeslag geskik
maak vir lidmaatskap van die hemelse gesin nie. Ons moet ons on-
derwerp aan die vormende hand van God. Die lusteloosheid van die
Satan hang soos 'n doods mantel oor die mensdom. Eers moet met
gevoelloosheid afgereken word. Die gevoelloosheid van die dood

moet eers deurgedring word. Mense is dood in sonde en ongeregtigheid en moet opgewek word deur die krag van God. Ons moet Christus en Sy liefde wat Hom beweeg het om mens te word en die mishandeling te verduur van mense wat hulle as godvresend voorgehou het, aan die sondige mens verkondig. Sy lewe was een van gedurige selfopoffering. Hy is gehaat, verag, en aan die kruis gehang. Dit was die Leërowerste van die hemel wat so gely het. Maar, “so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” As God Sy Seun gegee het om die sonde te versoen, moet sonde ‘n ontsaglike euwel wees, afgryflik in die oë van God en verwoestend vir die mens.

Ons wat die waarheid aan ander verkondig, moet ‘n vurige liefde vir Christus in ons siele hê. Ons lippe moet aangeraak word met ‘n lewende kool van die altaar. Dan sal hulle gereinig word; alleen geheiligde woorde wat die siel sal versmelt en versag, sal oor hulle gaan. - *Brief 102, 1897.*

[66]

Brief aan ‘n Sendelingvrou in Afrika

“Sunnyside,” Cooranbong

27 April 1898

Dierbare Suster :

Ons was ontsteld om te hoor van die dood van jou man in verre Afrika, en jy kan daarvan verseker wees dat jy ons meegevoel het. Ons wil baie graag van jou hoor om te weet hoe hierdie beproewing jou houding teenoor die werk raak. Ons voel so hartseer dat ons twee van ons sendelinge moet verloor wanneer arbeiders reeds so min is. Dit is ‘n harde slag wat jy baie diep sal voel. ...

Ons sal jou baie graag wil sien na so ‘n lang skeiding. Sal jy asseblief aan ons skryf in verband met jou eie gesondheid en die sendingstasie wat so pas van sy werkers beroof is. Ons verlang so om die besonderhede van jou man se siekte en dood te verneem, en ook van broeder Carmichael se dood. In ons blaaië het ons die geskiedenis van daardie sendingveld gelees en van jul sendingarbeid. Julle het Christus met julle in alle plekke en te alle tye gehad, en alle paaie is heilig vir hulle wat met Hom wandel. As Sy verteenwoordigers het julle saam met Hom gely. Julle het ontbering in ‘n vreemde land geleer ken. Julle harte is bedroef by die aanskoue van arme, ellendige mense wat om julle sterf weens gebrek aan voedsel en klere.

Deur Sy hele lewe op aarde was Christus ‘n Goddelike sendeling, en Sy liefde vir siele is nie deur honger, dors of moegheid gedemp nie. Hy was die wêreld se grootste Leermeester. Hy het gekom om te soek en te red wat verlore was. Ons sal ons verheug omdat ons medearbeiders van God kan wees, dat ons nederige werktuie kan wees vir Sy diens. Hy laat die lig van Sy eie rein, hemelse waarheid in die kamers van die gees skyn, en in die sieletempel van die behoeftige siele wat verlang na die lig en waarheid wat Hy alleen kan gee.

O, hoe dankbaar voel my siel om jou ontwil dat die Een wat die man van smarte was wat bekend was met krankheid, wat dikwels

honger en dors was, in jou beproewing en verlies al jou behoeftes, [68]
jou beproewinge, jou lyding, jou eensaamheid, op Hom kan neem.
Die Here Jesus is jou helper, jou hersteller. Die Gewer van alle
seëninge sal jou en almal wat in Sy diens moet ly, seën en vertroos
en versterk. - *Brief 32, 1898.*

[69] **Briewe van Raadgewing aan ‘n Sendeling in Afrika**

Brief A (9 November 1899)

Maitland, N.S.W.

9 November 1899

Geagte Broeder

... Elke inrigting wat ons oprig, elke sanatorium en uitgewery en kerk, moet die inskrywing dra: “Aan Hom wat ons liefgehad het en vir ons gesterf het, wy ons hierdie gebou, wie se fondament en mure in Sy kosbare Naam gelê is.” Alles wat gedoen word in die meubilering van hierdie geboue moet met spaarsaamheid voor oë gedoen word. Smaakvolle, gepaste geboue moet opgerig word om karakter aan die werk te verleen, maar daar moet geen onnodige besteding van middele wees nie. Dit is die wil van God dat die werk van die bediening as heilig beskou moet word. Dit moet geensins te kort gedoen word nie.

Dit is God se beskikking om deur Sy werktuie te handel, Sy verkose erdekruike, en dit is ‘n eer vir die mens as Hy hulle as Sy boodskappers aanstel. Die verkondiging van die Woord, die aanbieding van Christus wat as die wêreld se Verlosser gekruisig is, dra die hemelse geloofsbriewe, en bewys van sy heilige aard blyk uit die bekering van siele. Dit is nie die groot geboue wat ter wille van vertoon opgerig word wat karakter aan die werk verleen nie, maar die wen van siele vir Christus. Dit plaas die seël op die onderwyser as ‘n lewende orakel, as Christus se apostel. Dit sal toon dat die werk wat ons verrig, van God is. “Aan hulle vrugte,” sê Christus, “sal julle hulle ken.”

Aan my broeders in wil ek sê dat dié wysheid en skerpe insig nie gebruik is in die hantering van die -gesin wat daar moes gewees het nie ... Dit is waar dat hulle nie sonder foute was nie, maar ander wat veel groter lig ontvang het, het getoon dat hulle ook foute maak. Het jy hierdie broeders aangemoedig en wyse, oordeelkundige hulp gegee, of het jy elke deur toegemaak waardeur hulle gehelp kon

geword het om medewerkers van God te word? Het jy toegelaat dat hulle maar in enige rigting wegdryf? ... Het jy hulle nie van hul invloed beroof sodat hulle geen deel of lot meer met jou kan hê nie? Veel meer kon gedoen gewees het as wat die geval was om hulle aan die werk te verbind ... Arbeidsrigtings kon aangevoer gewees het wat die jongmanne van die gesin sou geroep het om in die saak van God te deel. Dan sou hulle nie weggedwaal het die wêreld in nie...

[70]

Daar is behoefte aan 'n voorwaartse beweging aan die kant van diegene wat hulle Gods volk noem. Ons moet nader kom aan God en kyk of daar nie jaloesie en agterdog is wat die Heiland weghou nie. Selsug en selfgenoegsaamheid sluit die deur van die hart vir Jesus en sê: "Ek wil nie U weg hê nie, maar myne." Verootmoedig julle self onder die hand van God, en Hy sal julle ophef. Jul eenvoudige, opregte belydenisse van hardvogtigheid, wêreldsgesindheid, grootdoenerigheid en plesiersug sal deur God verhoor word, en hierdie sondes sal gesien word soos hulle vir 'n heilige God voorkom. Die eenvoudige geloofsgebed is musiek in die ore van die Here. Maar 'n mens kan nie geloof hê tensy jy geloof praat en geloof uitleef nie. Dan kan jy groot dinge verwag. Die Heilige Gees sal oor jou kom en jou bekeer, siel, liggaam en gees, en jy sal aan almal om jou toon dat jou oë hemelwaarts gerig is. Jy sal tot heilige handeling aangespoor word. Dit is noodsaaklik om die hand in eie boesem te steek en om God te soek. God sal die kliphart uit die vlees neem en jou 'n sagte hart gee, waarop Hy 'n indruk kan maak, Mag die Here ons help en onderrig en rig deur Sy Gees, sodat ons in lewe en karakter na die Goddelike patroon gevorm kan word.

Ek rig my tot elke kerklid. Maak die deur van die hart oop en laat Christus toe in die siel. Ek spreek elke werker toe: Beklee julle met Christus. Hierin sal jul grootste sege lê. Elke leraar, elke werker op elke gebied het nodig om hom met Christus te bekleed en om die gesindheid te hê wat in Christus was. Te weinig diepe insig in die situasie en die ware behoeftes van die Here se met bloed gekoopte erfenis word aan die dag gelê. Siele het te veel gekos om deur ons sorgeloos en onverskillig bejeën te word.

Dit is 'n jammerlike feit dat nie al die mans wat van Amerika af as werkers uitgekom het, 'n hulp en seën in Suid-Afrika was nie. Hulle het nie in voeling met God geleef nie. Dit het Suid-Afrika duur te staan gekom. Daar is diegene wat nie wysheid aan die dag gelê

[71] het in hul behandeling van mense nie, wat te onverskillig was om 'n hand van innige simpatie en opregte, intelligente liefde uit te reik aan diegene wat die Satan vir sy diens probeer inpalm het. Omstandighede bring elke mens, wat ook al sy posisie, voor 'n praktiese toets te staan; en dit is die werklike resultate van hierdie toets wat aan die wêreld vir ondersoek voorgehou word. "Aan hulle vrugte," het Christus gesê, "sal julle hulle ken."

Meningsverskille sal daar altyd wees, want elke gemoed is nie ingestel om in dieselfde baan te loop nie. Oorgeërfde en aangekweekte neiginge moet dopgehou word, sodat hulle nie twispunte oor nietigheid veroorsaak nie. Die werkers van Christus moet saamstaan in tere simpatie en liefde. Laat niemand hom verbeel dat dit 'n deug is om op sy eie sienswyses aan te dring en dat hy al een is aan wie die Here insig en intuïsie gegee het nie. Die Christelike liefde dek 'n menigte van wat 'n mens as 'n gebrek in 'n ander mag beskou. Daar is behoefte aan veel liefde en veel minder kritiek. Wanneer die Heilige Gees kennelik in die harte van leraars en helpers werk, sal hulle die tederheid en liefde van Christus aan die dag lê.

Baie dinge wat in verband met uiterlike vorme staan, word nie in die Skrifte omskryf nie, maar word onbeslis gelaat; en dikwels is te sterk in hierdie sake aangedring op persoonlike voorkeure. Wanneer elke item nie ooreenkom met die gebruik van iemand anders in die groep gelowiges nie, moenie toelaat dat 'n klein verskilletjie in onmin ontaard en tweedrag veroorsaak nie. Die metodes en maatreëls waarmee ons sekere doeleindes bereik, is nie altyd presies eenders nie. Redelikheid en oordeelkunde word van ons vereis om te weet hoe ons te werk moet gaan. Ondervinding sal ons leer wat die geskikste metode is om in die omstandighede te volg. Laat daar nie twis oor kleinighede ontstaan nie. Die gees van liefde en die genade van onse Here Jesus Christus sal hart aan hart verbind as elkeen die vensters van die hart na die hemel net wil oopmaak en dié na die aarde toemaak.

Die sondes wat in die Woord van God uiteengesit word, moet nie in die lewe toegelaat word asof dit nie saak maak nie. As ons getrou wil wandel in die lig van Gods Woord en wil, moet ons vasberade wees dat ons God nie oneer sal aandoen met 'n losse, ongedissiplineerde gedragswyse nie. Dit is dikwels die geval dat die klimaat en gewoontes van 'n land maak dat dinge veroorloof

word wat nie in 'n ander land geduld sal word nie. Veranderinge ten goede moet aangebring word, maar dit is nie verstandig om dit summier te doen nie. Die waarheid wat in die hart ontvang word, heilig die ontvanger. Die krag van die genade van God sal meer vir die siel uitrig as al die polemieke van 'n leeftyd. Hoeveel dinge sal nie deur die krag van die waarheid reggestel kan word terwyl strydpunte wat al horingoud is, berusting sal vind in die erkenning van beter weë nie. Die grootste beginsel: "Vrede op aarde en in die mense 'n welbehag," sal veel doeltreffender uitgeleef word as diegene wat in Christus glo, medewerkers van God is. Dan sal al die beuselagtighede waarmee party hulle al ewig besig hou, waaroor die Woord nie duidelik uitsluitel gee nie, nie tot belangrike sake opgeblaas word nie.

[72]

Die groot behoefte in Suid-Afrika, godsdienstig gesproke, is 'n duideliker besef van die teenwoordigheid van God in elke sendingaspek en in elke onderneming. Die reinheid en heiligheid van God is die groot onderwerp wat die sinne moet opwek tot die noodsaaklikheid vir ware bekering. Terwyl daar enersyds gevaar skuil in 'n enge lewensuitkyk en 'n harde, kille ortodokse gesag, skuil daar andersyds groot gevaar in 'n sorgvrye, onreine liberalisme. Die groot tema wat altyd aan die mense moet voorgehou word, is die inwoning en samewerking van die Godheid, wat deur Christus uitgedruk is in die woorde: "Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is."

"Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges."

"Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders; en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur. Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam; ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liever danksegging."

Laat hierdie hele hoofstuk [Efesiërs 5] bestudeer word deur diegene wat beweer dat hulle die waarheid vir hierdie tyd glo. Open die hart vir die genade van Christus. Hoewel ons foute betreur en

afkeur, laat ons die kosbare lesse wat die Here Jesus ons gegee het, ontvang. God vereis dat elke hart gevul word met skoon, rein, geheiligde Christelike liefde. Die liefde van Christus moet nie uit ons mensheid verloor word nie. Ons is medewerkers van God. Julle is Gods akker, die gebou van God is julle. Christus verklaar: "Sonder My kan julle niks doen nie." Maak dan die deur van die hart oop en laat Jesus binne. Hy is die groot werker asook die wetgewer.

[73] Die lede van ons gemeentes sal moet wakker word tot die besef dat hulle niks van die eie ek moet hê nie en alles van Jesus. Ons moet met die Here Jesus saamwerk. Die siel moet wakker gemaak word om met elke versugting uit te roep tot die lewende God. Laat jou vol, worstelende gemoed breek van verlange na die inwoning van die Heilige Gees. Laat elkeen wat in sy lewe'n belewenis in Christus gehad het, ernstige geloof in God as die ware werker aan die dag lê. Toon dat jy besef dat jy maar net 'n kanaal is, waardeur God werk. Waardeur die feit dat God ons doelmatigheid is. Ons dink nie daaraan nie, en daarom gee ons veel prys in ons godsdienstige belewenis. Ons arbei self, pleks van deur die krag van die Heilige Gees ingespan te word. Ons vergeet om te besef dat ons maar net werktuie is.

Ons moet Christus bepeins. Ons moet ons Godgegewe taak in ons onderskeie poste uitvoer, en deur ons voorbeeld die lewenskragte van die kerk aanspoor tot ywerige samewerking met die hemelse wesens; want dit is God wat in ons werk om te wil en om Sy welbehag te doen. Die Here sal Sy Naam gestand doen as ons die weg daarvoor sal open deur ons sondes te bely en elke struikelblok te verwyder uit die pad van die wat Christene sou wees as dit nie vir die gebrekkige handelwyse was van diegene wat hulleself volgelingen van Christus noem nie.

Ons begaan gedurig die fout om aan die mens toe te dig wat na regte aan God toegeskryf moet word. Dit is een groot rede waarom die Here nie Sy Naam kan verheerlik soos Hy verlang om te doen nie. As Hy sou, sou die mens selfvoldaan word en homself verhef. Die mense sal aan hulself en aan hul menslike vermoëns die eer toegedig wat aan God alleen gegee moet word. Ons moet nederig met God wandel. As onderwysers moet ons baie versigtig wees dat ons reg loop, sodat die lamme nie die pad byster raak nie. In samewerking met die Goddelike kragte sal ons die hoop en versekering van sukses

hê, maar nie'n jota van die heerlikheid moet aan die mens toegedig word nie. Die mens moet, nadat hy deur die geloof - 'n lewende, onvermoeide, volhardende geloof - die samewerking van 'n almagtige wese verkry het, nie die fout maak -... nou die rede waarom daar so'n kragteloosheid in die gemeentes heers - dat dit hul goedheid en hul verdienstelikheid is wat hierdie groot taak verrig het nie. As hierdie gevoel gekoester word, tree selfverheffing in en doen dit God oneer aan. Die eie ek eien vir homself die heerlikheid toe wat God toekom. As God se menslike werktuie moet ons met onvermoeide ywer arbeid en elke geestelike senu en spier inspan om 'n krag beet te gryp wat buite en bo onself is. Alleen so kan ons die werk voltooi. Die Here Jesus is langs ons, gereed om die hand vas te vat wat uitgestrek word na Hom wat almagtig is. Wanneer ons verwagtinge vervul is, word die eie ek met Christus in God verborge en word alle heerlikheid gegee aan die Leidsman van ons verlossing, wat ons met vreugdeolie gesalf het deur Sy Goddelike alvermoëndheid. Dan gaan ons uit en arbeid soos besielde medearbeiders van God.

[74]

Daar sal altyd voorwaardes in Gods werk wees. Elke mens word geroep om hom onvoorwaardelik aan God te wy, siel, liggaam en gees. Te midde van selfverloëning en beproewinge, ontmoediging en lyding, met die toewyding van 'n martelaar en die moed van 'n held, moet hy vashou aan die hand wat nooit laat los nie, en sê: Ek sal nie faal of moed verloor nie. ...

Dit maak my hartseer as ek dink wat kon gewees het as diegene wat die sendingveld betree, nederige, toegewyde werkers was.

Diegene wat enige gedeelte van die Here se uitgestrekte wingerd betree, moet besef dat hul veronderstelde verkreeë bekwaamhede hulle nie sukses in hul werk sal gee nie. 'n Te groot erkenning van die eie ek sal 'n mens op die punt bring waar hy eensaam sal wees, verskriklik eensaam, sonder die samewerking van sy broeders, en sonder die samewerking van hemelse wesens. Party van die werkers... (uit Amerika) was struikelblokke en tot geen hulp nie. Die dag van die Here sal die resultate van hul werk aan die lig bring. Hulle het verwarring gesaai omdat hulle nie bekeer was nie. Die eie ek was aan die werk sonder die krag van die reine, ware mag. As hierdie werkers geheilig was, gelouter en gereinig van alle selfsug en meerderwaardigheidsgevoelens, as hulle 'n opregte belewenis gehad het in die dinge van God, as hulle invloed en voorbeeld reg was, sou

Afrika nie gewees het wat hy vandag is nie. Die grootse, verreikende invloed van die waarheid sou ander gebiede betrek het...

As daar in Afrika toegewyde werkers was wat hul weg na onbearbeide gebiede gebaan het, met die voile samewerking van die manne wat die verantwoordelikhede dra, sou die invloed van hierdie werk groot getalle by die Here se koninkryk gevoeg het. Maar dieselfde fout is in Afrika begaan as wat in Battle Creek begaan is - 'n sentrum is op een plek opgerig teen 'n groot kapitaalbelegging, terwyl ander dele van die wingerd van die Here wat bearbei moes gewees het, verwaarloos is. Die Here sal nederige manne in Sy werk gebruik wat nie dink dat hulle so nuttig is dat hulle op hul eie oordeel en bevoegdheid kan staatmaak nie.

[75] Daar was diegene in Afrika wat vanweë hul nederigheid gereken was as onbekwaam om veel uit te rig. Christus het saam met hierdie manne gewerk. God het hulle wysheid gegee. Maar mense wat veronderstel was om wyser te wees, het die werk aan bande gelê en dit weinig aangemoedig om vooruit te gaan. ... As die werk gedaan gewees het wat moes gedaan geword het, sou talentvolle manne 'n kennis van die waarheid opgedoen het, manne wat ons boeke in verskillende tale kon vertaal het. Elke dollar wat in Amerika bestee is om die een gebou na die ander op te rig, was benodig in velde wat bearbei kon gewees het maar nie bearbei is nie omdat baie van die werkers wat na Suid-Afrika gestuur is, nie geheilig was nie. Hulle was nie in staat om die situasie op te som nie. Hulle was nie bereid om hulself te verloën, die kruis op te neem en te volg waar Jesus gelei het nie...

Die grootste lof wat die mens aan God kan bring om Sy opperheerskappy te verhoog, is om hulself toegewyde kanale te maak deur wie Hy kan werk. Die Here se werk moet gedoen word, en Hy beroep Hom op lede van Sy onderneming om hulle rol as gehoorsame diensknegte te vervul. As hulle vir diens toegerus is deur die genade wat hulle ontvang het, is hulle medewerkers van God, maar as hulle nie hierdie genade ontvang het nie, sal hulle net 'n struikelblok wees. Deur die eeue heen het manne strydig met God gearbei, soos Bileam, omdat hulle selfsug en hebsug in die werk ingevoer het en God buite hulle harte en planne gelaat het. Die engelewesens word aan ons voorgestel as gretig en verlangend om die Goddelike krag aan die mense beskikbaar te stel vir die bekering van siele sodat die

Here verheerlik kan word. Maar daar is baie manne en vroue wat hulle nie daaglik tot God bekeer nie. Hulle weef die eie ek en hul eie planne in die heilige werk in, en hulle is struikelblokke. God kan menslike werktuie sien wat gewillig is om toe te laat dat die Goddelike invloed hulle gebruik om die wêreld te omvat, tog wag die hemel terwyl manne in die pad van Sy werk staan met hul eie planne en metodes. God sê: Verwyder die struikelblokke; ruim vir My plek in om te werk; berei die weg van die Here voor en maak Sy paaie reguit. - *Brief 183, 1899.*

[76] ‘n Tweede Brief van Raadgewing aan ‘n Sendeling
[77] in Afrika

Brief B (15 Februarie 1900)

**“Sunnyside,” Cooranbong
15 Februarie 1900.**

Geagte Broeder :

Ek het enkele dinge aan geskryf, en nou skryf ek aan jou. My broeder, nou is die tyd om geloof in God te hê. Ons probeer alles in ons vermoë om vooruit te gaan.

Wat die kwessie van klas en kleur betref, sal niks bereik word deur ‘n besliste onderskeid te maak nie, maar die Gees van God sal bedroef word. Ons is almal veronderstel om ons vir dieselfde hemel klaar te maak. Ons het dieselfde hemelse Vader en dieselfde Verlosser, wat ons liefgehad en Homself vir ons almal oorgegee het, sonder onderskeid. Ons nader die einde van die aarde se geskiedenis en dit betaam geen kind van God om ‘n trotse, hoogmoedige hart te hê en die rug na ‘n siel te keer wat God liefhet of om op te hou arbei vir enige siel vir wie Christus gesterf het nie. As die liefde van Christus in die hart gekoester word soos dit behoort te wees, wanneer die soete, temperende gees van die liefde van God die sieletempel vul, sal daar geen klas wees nie, geen nasionale trots nie; sal geen onderskeid gemaak word weens die kleur van die vel nie. Elkeen sal die een help wat tedere sorg en troos nodig het, wat ook al sy nasionaliteit.

Vra julleself af of Christus enige onderskeid sou gemaak het.

Wanneer Hy Sy volk bymekaarmaak, sal Hy sê: Hier broeder, of, hier suster, jy is nie Joods nie; jy behoort aan ‘n ander klas? Sou Hy sê: Die wat donker velle het kan in die agterste banke gaan sit; die wat ligte velle het kan hier voorlangs kom sit?

Op een plek is voorgestel dat ‘n gordyn gespan word tussen die gekleurdes en die blankes. Ek het gevra: Sou Jesus dit gedoen het? Dit bedroef die hart van Christus. Die kleur van die vel is geen

standaard om die waarde van die siel op te takseer nie. Deur die magtige klierer van die waarheid is ons almal uit die wêreldgroef gekap. God het ons geneem, alle klasse, alle nasies, alle tale, alle nasionaliteite, en ons na Sy werkswinkel geneem om vir Sy tempel voorberei te word.

[78]

Daar is werk vir elke siel te verrig. Party is baie slordig van persoon. Hulle moet deur die Heilige Gees gelei word om hulle klaar te maak vir 'n rein, heilige hemel. God het verklaar dat wanneer die kinders van Israel na die berg kom om te hoor hoe die wet afgekondig word, hulle met skoon liggame en skoon klere moet kom.

Die waarheid is veredelend en verheffend, en gelowiges moet verstaan dat selfs al is hulle arm, hulle skoon van liggaam en huis kan wees. In hierdie opsig wag ware sendingwerk om gedoen te word vir diegene wat geen begrip het van wat dit is om rein en sindelik van persoon en klere te wees nie. Die armes kan geleer word om hierdie werk self te onderneem. Leer hulle dat diegene wat God dien en Sy gebooie onderhou, hul siele rein en skoon moet hou, en dat hierdie reinheid ook hul kleredrag, hul huise, hulle kombuisgerei en hul vloere insluit omdat die dienende engele uit die hemelse howe elke blyk moet hê dat die kosbare waarheid wat in die hart ontvang is, 'n onmiskenbare hervorming in die lewe meebring het.

Die Woord sê: “Die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water.” God het spesiaal opgedrag aan Moses gegee aangaande die kinders van Israel dat daar niks leliks of onsindeliks in die omgewing van hul wonings moet wees nie, sodat Hy nie verbygaan en hul onsindelikheid sien en aanstoot neem en weier om met hulle saam uit te gaan en hulle te help in hul stryd teen die vyand nie.

Die hemelse leërs moet die helpers wees van almal wat die werk van God doen, en diegene wat beweer dat hulle kinders van God is en Sy gebooie onderhou, moet aan die wêreld getuig dat die waarheid 'n hervorming in hul harte teweegbring het en die siel gereinig en die idees en smaak veredel het. Hulle moet toon dat hulle gewillig is om te leer, gewillig om Moses se raad aan te neem, wie se opdragte van die Here kom. Die woorde wat teenoor die kinders van Israel gebesig is aangaande sindelikheid, word gerig aan almal wat onnette gewoontes het. Hulle word beveel om hulle te reinig van alle besoedeling van die vlees en van die gees, om heiligheid in

die vrees van die Here te vervolmaak. Die oë van die Here kan geen onsyndelikheid van enige aard by enige gesin goedkeurend gadeslaan nie.

[79] Die priesters wat voor die Here in die tempel gedien het, moes hul skoene verwyder voordat hulle binnegegaan het, sodat daar nie stof ingedra kon word nie. Hulle moes hul voete was voordat hulle God genader het. So nougeset moes hulle van persoon wees dat hulle nie met trappe na die altaar moes opstyg sodat deel van die persoon dalk ontbloot kon word nie. Aan al hierdie dinge moes die grootste sorg bestee word.

Onderrig, onderrig, onderrig. Ouers wat die waarheid ontvang, moet hulle gewoontes en gebruike aanpas by die voorskrifte wat die Here gegee het. Die Here verlang dat almal moet onthou dat die diens van God 'n rein en heilige diens is, en dat diegene wat die waarheid aanneem, gereinig moet word van geaardheid, van temperament, van hart, van gesprek, van kleredrag en in die huis, sodat die engele van God, wat vir hulle onsigbaar is, sal kan inkom om diegene te bedien wat erfgename van die verlossing sal wees.

Almal wat hulle by die kerk aansluit, moet 'n vernuwing van karakter aan die dag lê wat hul ontsag vir heilige dinge sal bewys. Hul hele lewe moet volgens die veredeling van Christus Jesus hervorm word. Diegene wat hulle by die kerk voeg, moet nederig genoeg wees om voorgelig te word op punte waarin hulle te kort skiet, en waarin hulle kan en moet verander. Hulle moet 'n Christelike invloed uitoefen. Diegene wat geen verandering aanbring in woorde en gedrag nie, in hul kleredrag of in hul huise nie, lewe vir hulleself en nie vir Christus nie. Hulle is nie nuut geskape in Christus Jesus tot reiniging van die hart en die uiterlike omgewing nie.

Christene sal geoordeel word aan die vrugte wat hulle dra in hervormingswerk. Elke ware Christen sal toon wat die waarheid van die evangelie vir hom gedoen het. Hy wat 'n seun van God gemaak is, moet net en rein gewoontes aan die dag lê. Elke daad, hoe gering ook al, het sy invloed. Die Here verlang om elke mens 'n werktuig te maak deur wie Christus Sy Heilige Gees kan openbaar. Christene moet in geen enkele geval agtelosig of traak-my-nie-agtig in verband met hul uiterlike voorkoms wees nie. Hulle moet skoon en netjies wees, hoewel sonder om hulle op te smuk. Hulle moet van binne en buite rein wees.

Ons moet soos Christus se eiendom handel, Sy seuns en dogters. Aan almal wat Hom aanneem, gee Hy mag om Sy seuns en dogters te word, aan hulle wat in Sy Naam glo. Hulle is dan nuutgebore siele, oorgeneem in die koninkryk van God. "En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid." Die krag van God moet werksaam wees in die karakter van elkeen wat weer gebore is. Ons is God se eiendom, en Hy verlang dat elkeen 'n medewerker van Hom moet wees. Niemand het enigiets behalwe wat God hom gee nie. Al wat hy het, sy tyd, sy bekwaamheid, sy krag, wat God hom in bewaring gegee het, is teen 'n prys gekoop. 'n Losprys is betaal wat elke seun en dogter van Adam insluit, Die kosbare bloed van Christus is gegee om die mens van sy aardsheid, sy sinlikheid, van alle geestelike en liggaamlike onreinheid te verlos. Dit is die verbond wat God met Sy volk gemaak het. Hulle moet Sy uitverkorenes wees. ... Diegene wat Christus waarlik ontvang, sal aan geen ander eis toegee - nie vir 'n oomblik nie - wat die magte wat vyandig teenoor geregtigheid en waarheid staan, sal versterk nie. Hulle neem die juk van Christus op hulle, en wy hulle onvoorwaardelik aan Christus vir alle tye. Hulle het hulle verbind om die gebod van God te gehoorsaam, selfs al sou elke ander mens op aarde weier om gehoorsaam te wees en dus ontrou word.

[80]

Hy wat Christus deur die geloof ontvang, is 'n lid van die koninklike gesin, 'n kind van die hemelse Koning, 'n erfgenaam van God en medeerfgenaam van Jesus Christus. Sy lot is 'n deel van die kruis van Christus. Hy is lewenslank met Christus verenig, vir lewe en dood in die groot verlossingsplan. Die voile en volkome selfverloëning wat in Christus geheers het, heers ook in hom wat aan die diens van Christus gewy word. Hy lê 'n tederheid soos Christus aan die dag deur vriendelike, sagte woorde te praat, woorde vol troos en hoop en liefde. Hy is vol naamlose sorg vir mensesiele. Hy kan sê: "Ek leef, nogtans nie ek nie, maar Christus leef in my." Hy is gewillig om enige opoffering te maak om verloregeande siele na die kruis van Christus te trek.

Onthou dat daar by God geen klas of nasionaliteit is nie, geen verdeling of partye nie. Die waarheid plaas nooit sy teer voete op 'n pad van onreinheid of besoedeling nie. Die waarheid trek mense

[81] nie na omlaag nie, maar hef hulle op na omhoog. Die waarheid maak 'n mens nooit grof of ru of onbeskof nie. Dit neem mense in al hulle sonde en vulgariteit, skei hulle af van die wêreld, verfyn hul smake, selfs al is hulle arm en onopgevoed. Onder die dissipline van Christus is daar 'n gedurige veredeling aan die gang wat hulle deur die waarheid heilig. As hulle in die versoeking kom om 'n enkele greintjie invloed uit te oefen wat sal weglei van Christus af na die wêreld, in hoogmoed, in mode, in vertoon, spreek hulle woorde van verset wat die vyand se mag sal afwend. "Ek behoort nie aan myself nie," sê hulle, "ek is duur gekoop. Ek is 'n seun, 'n dogter van God. Dit is vir my onmoontlik om God meer te gee as waarop Hy aanspraak maak. Alles is Syne, deur skepping en verlossing. Christus het my hele wese gekoop, die hele gees, siel, krag en liggaam, en ek moet in my woorde, my gedrag, my handeling, 'n begrip van my verpligtinge teenoor God uitdruk. Ek behoort geheel en al aan Hom. My lewe is met Christus in God verborge, en wanneer Hy wat my lewe is, sal verskyn, dan sal ek saam met Hom in heerlijkheid verskyn.'

Hierdie houding moet elke uur van die Christelike belewenis ingeneem en gehandhaaf word. Christus se invloed moet in ons wêreld deur Sy gelowige kinders gevoel word. Hy wat bekeer is, moet dieselfde soort invloed uitoefen wat deur God se bemiddeling tot sy bekering gelei het. Al ons werk in hierdie wêreld moet in eensgesindheid en liefde en eendrag geskied. Ons moet die voorbeeld van Christus altyd voor oë hou en in Sy spore wandel. Eendrag maak mag, en die Here verlang dat hierdie waarheid altyd onder die lede van die liggaam van Christus geopenbaar sal word. Almal moet in liefde, in sagmoedigheid, in nederigheid van hart verenig wees. Hulle moet, georganiseer in 'n genootskap van gelowiges, met die doel om hul invloed te verenig en te versprei, werk soos Christus gewerk het. Hulle moet altyd hofflikheid en respek teenoor mekaar betoon. Elke talent het sy plek, en moet onder die beheer van die Heilige Gees gehou word.

Die kerk is 'n Christelike genootskap wat gestig is ter wille van die lede waaruit hy bestaan, sodat elke lid die hulp van al die grasië en talente van die ander lede en die inwerking van God op hulle kan geniet, volgens hul onderskeie bekwaamhede. Die kerk is verenig in die heilige bande van gemeenskap sodat elke lid kan baat

by die invloed van die ander. Almal moet hulle aan die verbond van liefde en eensgesindheid verbind. Die Christelike beginsels en grasië van die hele gemeenskap van gelowiges moet deur middel van eendragtige optrede in krag toeneem. Elke gelowige moet baat vind en verbeter word deur die veredelende en vernuwende invloed van die verskillende vermoëns van die ander lede, sodat wat by die een ontbreek, oorvloediger by die ander geopenbaar kan word. Al die lede moet saam trek, sodat die kerk 'n skouspel vir die wêreld, vir engele en vir mense kan word.

Die verbondsvoorwaardes in kerklidmaatskap is dat elke lid in die spore van Christus sal volg, dat almal Sy juk op hulle sal neem en sal leer van Hom wat sagmoedig en nederig van hart is. Doen dit, verklaar die dierbare Heiland, "en julle sal rus vind vir julle siele. Want my juk is sag en my las is lig." Diegene wat die juk van Jesus dra, sal saam trek. Hulle sal meegevoel en verdraagsaamheid aankweek en in heilige wedywing daarna streef om ander die tere simpatie en liefde te betoon waaraan hulle self so 'n groot behoefte het. Hy wat swak en onervare is, kan, ondanks sy swakheid, versterk word deur diegene wat hoopvoller is en wat 'n ryper ervaring het. Al is hy die geringste van almal, is hy 'n steen wat moet glinster in die gebou. Hy is 'n lewensbelangrike lid van die georganiseerde liggaam, verenig met Christus, die lewende Hoof, en deur Christus verenig met al die uitnemendheid van Christus se karakter, sodat die Heiland Hom nie skaam om hom 'n broeder te noem nie.

Waarom word gelowiges in 'n kerk verenig? Omdat Christus deur middel daarvan hul nuttigheid in die wêreld wil vermeerder en hul persoonlike invloed ten goede wil verhoog. 'n Dissipline moet in die kerk gehandhaaf word wat oor die regte van almal waak en die besef van onderlinge afhanklikheid verhoog. Dit was nooit die doel van God dat een man se siening en oordeel moet oorheers nie. Hy het nooit beoog dat een mens moet heers en beplan en organiseer sonder die sorgvuldige en biddende oorweging van die hele liggaam nie, sodat almal op 'n gesonde, deeglike, eendragtige wyse kan saambeweeg.

Gelowiges moet soos ligte in die wêreld skyn. 'n Stad wat op 'n heuwel geleë is, kan nie weggesteek word nie. 'n Kerk, afsonderlik en onderskeie van die wêreld, is in die aansien van die Hemel die grootste doel op aarde. Die lede is verbind om apart van die wêreld

[82]

te staan en hulle diens aan een Meester toe te wy, Jesus Christus. Hulle moet toon dat hulle Christus as hul leier gekies het. Die werk in Kaapstad is belangrike werk en die kerk moet wees soos die Here dit bedoel het, 'n verteenwoordiger van God se gesin in 'n ander wêreld.

[83] "Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpraterij; en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei, as julle ten minste gesmaak het dat die Here goedertieren is. Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus." Daarom staan dit ook in die Skrif: "Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie. Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord:

Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen van aanstoot en 'n rots van struikeling - vir die wat daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is. Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel; en hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking." *Brief 26, 1900.*

Woorde aan die Werkers in Afrika

[84]

[85]

Summer Hill, Sydney

18 Junie 1900

Die leraars, die sendelinge van God, moet hulle met Hom verenig. As hulle op Hom vertrou en hulle siele aan Hom toevertrou wat 'n onfeilbare Skepper is, sal Hy wat aan Hom toevertrou is, bewaar tot op daardie dag. Diegene wat Hom eer, sal Hy vereer.

Die Here het 'n groot taak wat wag om verrig te word.

Gedurig vind veranderinge plaas. In ons omgang met mense van 'n ander nasionaliteit, opvoeding en ondervinding sal ons vind dat dit 'n stryd op lewe en dood is om die evangelie in sy voile reinheid te verkondig. Ons moet geen verbintenisse met menslike instansies aangaan wat vir ons 'n strik sal blyk te wees nie.

Ras is niks in die oë van God nie. Christelike ondervinding en heiligmaking deur die waarheid is in Sy beskouing alles.

Waag niks in saketransaksies tensy die hemelse God te kenne gee dat so 'n onderneming nie 'n doring in die godsdienstige lewe sal wees nie.

Ek sê vir julle daar wag 'n stryd op lewe en dood vir ons, 'n stryd met mense wat nie in Christus bly nie, wat in geen opsig rentmeesters van God is nie. Manne met sterk temperamente en byna ontembare karakters sal voorstelle maak wat die Here aan my getoon het dat dit liever nie aangeneem moet word nie. Moet nie met hulle saamwerk nie.

Al veiligheid wat daar vir die sterk temperamente in Afrika is, is om 'n heel nuwe hoofstuk in hul lewe te begin. Harte moet sag gemaak word. Hulle moet die juk van Christus op hulle neem, anders sal hulle nooit die koninkryk van die hemele binnegaan nie. 'n Sterk gees oorheers in Afrika wat aan die gees van God onderwerp moet word. Daar is hartstogtelike mense wat maklik op loop gesit kan word. Hulle verloor hul selfbeheersing en word onredelik. God se kinders moet op Hom wag. Die welsyn van die saak van God het sorgvuldige oorweging nodig. Dit moet nie, met sy moontlikhede en

waarskynlikhede, gekoop of verkoop word nie. Ons het een Meester, en dit is Christus.

[86] Sake, soos aan my geopenbaar, is nie bemoedigend nie.

Goddelike insig is nodig om die resultaat te sien van saketransaksies tussen partye wat feitlik onmoontlik is om te verenig. Die sendingwerk is 'n grootse onderneming, en diegene wat God rentmeesters gemaak het, moet hulle nie veroorloof om hulle in enige verbintenis te begewe wat God, wat van die begin af die einde sien, nie kan verdedig of bekragtig as iets wat Sy heilige Naam sal verheerlik nie. God moet geraadpleeg word oor die wyse waarop Sy werk voortgesit moet word sonder dat 'n draadjie selfsug daarin gewef is. God sal handel. Hy sal die middele voorsien vir die voortsetting van Sy werk sonder om verstrengel te raak. Sy werk moet nie aan bande gelê word omdat mense verkies om volgens die verwronge menslike natuur te handel pleks van hulle te onderwerp om na die Goddelike gelykenis gevorm en gefatsoeneer te word nie.

In Afrika sowel as in Amerika en Australië is mense uit die steengroef van die wêreld gehaal, nie om as ruwe klippe gelaat te word nie, maar om na die werkswinkel van God geneem en aan die byl en hamer en beitel van die evangeliewaarheid onderwerp te word totdat al die ruwigheid verdwyn en hulle gereed vir die hemelse polering is. Die ruwigheid is nog nie weggewerk nie. Baie is nog nie deur die Gees van God versag nie. Die gevolg is dat die werk in Afrika en Amerika en ander dele van die Here se wingerd nie vooruitgegaan het soos dit moet nie.

Ons doen wat ons kan, volgens die lig wat aan ons gegee is, vir Australië. Daar word aan 'n regstreekse behoefte voorsien deur die werk van vroue wat hulle aan die Here gewy het en wat die behoeftige, sondegeteisterde wêreld in sy behoefte tegemoetkom - mense wat die waarheid verlang maar nie weet dat hulle dit verlang nie. Persoonlike evangelisasiewerk moet verrig word. Mense moet bereik word deur van huis tot huis te arbei. Die vroue wat hierdie werk onderneem het, doen alles behalwe om van die preekstoel af te preek. Hulle neem die evangelie na die huise van die mense in die paaie en lanings. Hulle lees en verklaar die Woord vir gesinne, bid saam met hulle, sorg vir die sieke, en lenig hul tydelike nood. Hulle hou aan gesinne en individue die reinigende, vernuwende invloed

van die waarheid voor. Hulle toon aan hulle dat die weg na vrede en geluk en blydschap is om Jesus te volg.

Die Here het broeder John Wessels toegelaat om na Afrika te gaan en leraar Daniells om hom te vergesel. Maar aan my is getoon dat daar iets in die harte van die mense van Afrika is wat nie maklik te bowe gekom sal word nie, iets wat toon dat sommiges nie bekeer is nie. Hulle verkeer nie onder die tug van die Here nie. Hulle aanvaar nie God se weg om vir hulle welsyn te handel nie, maar verkies hul eie weg. Hulle moet nog in die skool van Christus Sy sagmoedigheid en nederigheid leer. Hulle moet nog saam met Paulus leer dat om ter wille van Christus te ly, vir hulle tydelike en ewige welsyn is. Paulus het die huidige lyding beskou as iets wat nie opweeg teen die heerlikheid wat sou volg nie. Hy het hemelse skatte bo aardse voordele verkies. Hy het niks in die wêreld gesien wat die moeite werd is om voor te lewe nie, behalwe die vreugde om die wil van God van harte te kan doen en om al die gevolge aan God toe te vertrou.

God wil graag sien dat die siele van Sy volk in Afrika oormeester sal word deur 'n strewende wat sy oorsprong in die hemel het. Maar watter taak wag daar nie om verrig te word nie! Die mense het nie van die groot Leermeester geleer nie. Die menseaard is, wanneer dit ononderworpe, ongeheilig en verdorwe is, 'n baie eienaardige en wonderlike ding. Dit neem 'n groot verskeidenheid vorme aan, omdat dit nie deur die Heilige Gees beheers word nie. Maar wanneer die Here Jesus 'n inblywende teenwoordigheid in die siel is, hoef niemand die waarde van die mens, man of vrou, in twyfel te trek nie.

Paulus het aan Timotheus, sy seun in die evangelie, geskryf:

“God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing. Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here of oor my, sy gevangene, nie, maar ly saam verdrukkinge vir die evangelie na die krag van God wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus geskenk is.”

Petrus verklaar: “Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpraterij; en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroeï, as julle ten minste gesmaak het dat die

Here goedertieren is. Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uirverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus. Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie. Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord:

[88] Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen van aanstoot en 'n rots van struikeling - vir die wat hulle daarteen stamp omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is. Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig."

Hierdie hele hoofstuk [1 Petrus 2] moet bestudeer word. Dit bevat voorligting wat die newel en mis van skeptisisme sal verdryf, die bose ding wat die Satan oor die pad laat val om die lig te verduister wat van die Vader van lig af kom. - *MS 31, 1900.*

Uittreksels uit brief aan ‘n verteenwoordiger van die Wêreldkonferensie op besoek aan Afrika

[89]

Dit is ‘n ernstige, plegtige saak om sendelinge vir die buiteland uit te soek. Die manne wat God vir hierdie werk sal aanneem, moet so suiwer soos staal aan beginsels wees. Hulle moet manne wees wat van die eie ek geledig is, manne wat toon dat hulle die juk van Christus dra en Sy sagmoedigheid en nederigheid van hart het.

Die heel beste talente word vereis in velde soos Afrika en Australië. Ons moet in en deur Christus arbei en in sommige plekke met die vergunning van korrupte kerke, hoewel ons nie hul aansprake kan eerbiedig waar die kerk deur die staat beheer word nie.

Ons moet wysheid aan die dag lê om die waarheid bekend te maak; ons spraak moet beheers wees, anders versper ons ons toegang tot diegene wat hulp nodig het. Die wysheid van die engele moet aan die mens as werktuig meegedeel word, anders sal die deur gesluit word vir die boodskap wat die mense nodig het. “Wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe.”...

Die Woord van God moet sowel uitgeleef as gepredik word.

Dit moet in elke fase van die Christen se werk wat in hierdie wêreld verrig word, ingevoer word. Die manne wat God aangestel het om Sy werk te doen, moet van die self geledig wees. Laat Jesus binne. Maak die deur van die hart oop vir die hemelse Gas. Laat daar na geen mens opgesien word asof hy God is nie. Wanneer diegene wat na aan God in diens kom, toegewy, gereinig en geheilig word, en steeds nader en nader aan die goedheid van God kom, kan hulle uiting gee aan die opdrag van God, en sal hulle gerespekteer word.”

God beoog dat mense altyd na omhoog gelok sal word deur die kragtige morele aantreklikheid van die dinge wat van bo is. As die werkers in Afrika dit onthou het, sou hulle ‘n groot taak verrig het deur hul godvresende, onselfsugtige houding. Mense in Afrika sou besiel gewees het om hul liggaamlike en verstandelike vermoëns vir God te gebruik. Die werk sou onder die Nederlandse en ander tale gevorder het. Publikasies wat die waarheid bevat, sou oral ver-

[90]

sprei gewees het. Leraars en regeerders sou tot die waarheid bekeer gewees het ... Diegene wat in die Suid-Afrikaanse veld werk, moet die aard van die toestand besef. Hul verbintenis met hul broeders in Afrika* is wedersyds.

Daar is talentvolle manne in Afrika, en as die werkers uit Amerika wis hoe ... om hierdie vermoë en talent wat deur hul broeders in Afrika besit word, te herken, sou veel meer goeds uitgerig gewees het. Diegene wat God liefhet en Sy woord gehoorsaam, moet eendragtig saamgevoeg word. Hulle moet saamwerk en hul talente op verskillende wyses gebruik.

Diegene in Afrika wat bekwaam is, moes met hul Amerikaanse broeders verenig gewees het. As die broeders en susters van Amerika met die gelowiges in Afrika saamgesluit het, sou vreugdeliedere onder die engele in die hemel gehoor gewees het wat die menseverhouding as 'n eenheid met God herken het. As die gordyn maar net opsygeskuif kon geword het, sou ons gesien het hoe engele in die hemel hulle gereed maak om met die mense saam te werk vir die bevordering van die werk. - *Brief 187, 1899.*

Studente wat na Amerika gaan

Dit is veiliger om studente tuis op te voed as om hulle na Amerika te stuur om daar opgevoed te word; want in Amerika sien en hoor hulle veel wat nie vir hulle goed is nie wat hulle nie sou gesien en gehoor het as hulle in hul eie land gebly het nie. Te veel van die metodes en gewoontes en modes is van Amerika na Afrika oorgedra, en die resultaat is nie goed nie. Die heel beste onderwysers moet uit Amerika na die buiteland gestuur word om die jongmense op te voed. - *Brief 188, 1899.*

*Ellen White praat hier van die verhouding tussen die vroeë sendelinge wat uit Amerika gestuur is en die Engelsen Hollandssprekende volke wat in Suid-Afrika woon. A. L. White.

‘n Gebed van Verootmoediging

[91]

(In’ n Brief aan’n Lid van die Wesselsfamilie Gevind)

Die taal van ons harte moet wees: “Aan U, Here, kom die geregtigheid toe, maar aan ons beskaming van die aangesig... omdat ons teen U gesondig het.” Wat kan ons U antwoord? En hoe kan ons voor U geregverdig word? Ons wend ons tot U, want U strek U hand uit om die boetvaardige te help wat U met die hele hart seek. Om U genade ontwil hoor U hulle geroep.

Arm, hulpeloos en behoeftig kom ons tot U, nie vanweë ons geregtigheid nie, maar om U geregtigheid ontwil, o Here. Ons smeek U om ons nie leeg weg te stuur nie. Ons siele, ons liggame, is U eiendom. U het ons duur gekoop. Nie omdat ons dit waardig is nie, maar ter wille van U eie Seun, gee ons krag, sodat ons die kled van U geregtigheid kan omhang.

U is genadig en goedertieren. “As U, Here, die ongeregthede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan? Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word.” “Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig.”

Al U werke sal U loof. Laat al U skepsele voor U aangesig aanbid. Mag U volk verenig wees om U wil te doen, en om U met die hele hart te seek. Gee eer aan U volk; lof aan hulle wat U vrees, en eer aan hulle wat U seek. Voed die monde van hulle wat honger na U geregtigheid. Gee vreugde aan U land, en blydschap aan U stad. “Die Here is vir ewig Koning; jou God, o Sion, is van geslag tot geslag!” Laat die horing van U dienskneg Dawid verhoog word, en mag die lig van die seun van Isai oor U volk skyn. - *Brief 196, 1903.*